Vrye Weekblad

13 - 19 MAART 1992
R2,20 (BTW ingesluit)



# Ja is nee vir dié nagmerrie

Bekende TV-man se geheime miljoen
Die seisoen van geweld is terug met mening
Transvaal was dié week Hollands, die Kaap volgende week
GAY-WEES IN SUID-AFRIKA

# Expensive catalogue, no black languages

**Hentle van der Merwe of Hillbrow writes:**

I recently attended the Cape Town Triennial art exhibition at the Pretoria Art Museum.

The exhibition, held under the auspices of the Rembrandt Art Foundation, had the avowed purpose of reflecting art from all South African backgrounds.

I feel compelled to write this letter to bring to light a number of distressing factors I noticed on my visit.

Having to first contend with surly (and ignorant) attendants, one has to fork out R15 for a catalogue. This sum was very necessary as all the exhibited works were identified by numbers only - a catalogue was needed to match the works with the artist. For a Wits student on a stringent budget, this amount of money represents a large capital outlay. It also discourages a large percentage of our population to see works by artists from their communities, thus further entrenching the exclusivity of art in South Africa.

The catalogue was written in English and Afrikaans, although approximately 50 percent of the art on display were by Black artists. Why no black languages?

Would it be too much to expect a response from the Rembrandt Art Foundation?

## Onbeskaamde ryer

**PJ Massyn van Johannesburg skryf:**

Hiermee 'n tjekkie vir 'n jaarlange abonnement op julle blad. Ek moet bieg dat my besluit om oplaas in te teken nie juis spruit uit 'n roerende meelewing in julle vegmoed nie.

Eintlik sou ek moes wag tot die oggend van die 18e want 'n geloofsdaad te midde van oplaaiende ellende het my nog altyd dwars in die krop gesteek. Want ek, vrinne, is in julle idioom onbeskaamd 'n ryer. My gatsak is al goed verrinneweer van die paspoort se alewige geskaaf en al kwyl ek ook soms oor ons skattige taaltjie se lekkerte is my bek permanent kromgetrek van die skewe Frans.

Maande voordat Oom Max en sy waagmoedige spannetjie pioniers hulle bruin ogies vir PW geknip het en in hulle raseie reconditioned rock-en-roll bladwa langs die langpad van Afro-Afrikaanse herbewapening begin uittrek het, het die tyd om die hondjies en katjies koue toe te verskeep myns insiens lankal al aangebreek.

Van daar kon ek soos 'n wafferse exile saamlag en saamtjank oor die boys van die townships en my verkneukel in ou Breekbal die Grysbaard se galbrake. Na FW se waagmoed het ek opeens my koue voete ontdek en muwwerig moed geskep om skoorvoetend met 'n hand op die blad en 'n oog oop vir sakkerollers my weer in die sottekuil te begewe. Net om my vas te loop in VWB se awergse strydvaardigheid. En om dit nou maar kaalkop te stel: die nog maar Germaanse kak-op-die-kophouding vanuit die knus hoogtes van weeklikse rubriekies wat, so lyk dit my, selfs BB le Grand se gat behoorlik geskop het, het my lank laat tob oor my geldjies. Julle het miskien nou al jare die nasionale swartgalligheid uitgelaag, maar van die boer se galligheid het julle julself helaas nog nooit gepuur nie. As my besteding my dus in die toekoms te triestig stem, sal ek my darem daaraan kan troos dat R110 omgereken in dollar (selfs in die minder gegoede Kanadese variant) steeds 'n winskopie verteenwoordig.

[Dit lyk of die Kanadese tulpe-vreet nie vir dié landgenoot goed was nie. Gedink die "Nuwe SA" waarna hy teruggekeer het, het oornag maanskyn en toffie-appels geword? Die arrogansie, korrupsie en magsug vier helaas nog hoogty, en 'n nuwe lot staan deesdae tou om daarmee oor te vat. (Is gal nie hoeka goed vir die spysvertering nie?) As dit oor Afrikaanse naweek-leesstof gaan en "strydvaardigheid" die leser soolbrand gee, kan hy hom altyd wend tot die Grootste Afrikaanse Sondagkoerant se smug-geit - dan kry hy sommer tittilerende spyserytjies tussen-in. Ewenwel, welkom terug by sonneskyn, chevrolet en gesinsmoorde. - Redakteur]

## Blou video en die ANC

**Francois van der Merwe van Arcadia, Pretoria skryf:**

'n Vriend van my het hom gister by die ANC aangesluit. Wat hom laat "draai" het, was toe die polisie met 'n search warrant sy huis omgekeer het en hom weens die besit van 'n sogenaamde blou video voor die hof gesleep het.

Die video sou in geen beskaafde land, behalwe miskien Albanië of Irak, enige reaksie ontlok het nie. After all, die NP het tog laas jaar die tepel in Suid-Afrika gewettig. My vriend is soos 'n misdadiger behandel en moes heelwat geld in die proses opdok.

Nou het ek twee dinge om te sê:

* Aan die NP: Manne, julle sal moet ophou om julle sieklike Puriteinse moraliteit op dié twyfelagtige manier in mense se kele af te druk. Julle maak baie vyande in die proses en ná Potchefstroom kan julle dit nie meer bekostig nie.
* Aan die ANC: Speel in op dié onreg. Stel hierdie valse tweegatjakkalsgeit aan die kaak. Baie mense in Suid-Afrika is al gruwelik verneder en veronreg deur die seksbehepte regime.

## Inadequate reflection

**Penny Pistorius of the National Monuments Council of Cape Town writes:**

Your article on monuments ("Nou moet ons verskuilde verlede begin praat" VWB 24-30 January) is a welcome contribution to a debate which deserves to become more general.

However, to attempt a statistical division of current monuments according to "language and cultural groups" is not an adequate reflection of cultural conservation in this country. Since 1911 - long before the first national monument was declared - all archaeological and rock art sites have been protected by law. Since they are automatically afforded protected status, very few have been declared national monuments.

Besides, who is to judge which "group" archaeological sites and monuments commemorate? Statistics like those published give the impression that history itself is segregated, which is not the case. As was pointed out in your article, the interpretation of history has been culturally biased. The appropriation by particular groups of sites which commemorate historical events or periods has, in many cases, resulted in a slanted view of their historical and cultural significance. Blood River battlefield, cited in your article, is one of many possible examples. The identification of new monuments to commemorate the history and celebrate the cultural values of neglected communities is obviously important. There is also a real challenge to be faced in reinterpreting existing national monuments to reflect their significance for communities other than that which has dominated the view of history until recently, and in terms of broader cultural values.

By the way, the Voortrekker Monument is not a declared national monument. Such memorials (like the Taalmonument in Paarl, or the 1820 Settlers Monument in Grahamstown) are very seldom declared.

## Sanctity of private property

**Sean Bozalek of Observatory, Johannesburg, writes:**

It was with great interest that I read Max du Preez's comments on the sensitive issue of the return of stolen land.

Unfortunately he did not venture to propose a solution. Land has always been one of the most centrally contested issues in South Africa.

Two important factors should serve as criteria when addressing how to redress the historical imbalance in land possession and the forced removals from land during the apartheid era. The legitimacy of white land ownership is still not firmly established especially in the rural areas.

Secondly, any mechanism of redistribution which usurps the authority of our long established history of private property and registered title deeds would be untenable. The reason being that it would be contrary to the provisions of a Bill of Rights guaranteeing private property rights and ownership.

The land issue has only been vaguely addressed in the Freedom Charter: "The land goes to those who work it."

A simple answer of nationalisation does not solve the problem because many different groups lay claim to the same piece of land.

Without a doubt any future interim government must set criteria on how they will establish a fair and even distribution of land ownership in South Africa.

The history of our system of property relations has been one of being race dominated.

As this becomes increasingly irrelevant the notion of the sanctity of private property will become the order of the day.

**Daar is nog briewe op bladsy 10**

# so sê hulle

"Die KP haat nie swartmense nie. Ons dink nie hulle is minderwaardig nie, maar anders. Swartmense kan byvoorbeeld vinniger hardloop as blankes en is beter boksers omdat hul skedel dikker is. Daar is egter weer ander dinge waarin blankes beter is."

**WILLEM BOTHA**, onderleier van die KP in Kaapland en LP vir Uitenhage op 'n openbare vergadering op dié dorp.

"Your food stamps will be stopped effective March 1992 because we received notice that you passed away. May God bless you. You may reapply if there is a change in your circumstances."

A letter sent by **SOUTH CAROLINA'S GREENVILLE COUNTY DEPARTMENT OF SOCIAL SERVICES** to a local man two weeks after his death.

"Kodesa is 'n verkeerde manier van doen. Dit is 'n duur nagemaakte politieke Toring van Babel... Ek kan nie deelneem aan wat ek beskou as 'n rigting van selfmoord van my eie volk nie."

Oud-president **PW BOTHA** oor hoekom hy nee gaan stem in die referendum.

"The very phrase 'minimum hygiene standards' should strike terror into the heart of any trueborn Frenchman."


**PRINCE CHARLES**, deploring a proposed EC ban on unpasteurized cheeses.

"My bril het vaal geword. Ek kon dit nie skoon kry nie en my hare was later taai. Toe my man 'n stuk eier van my neus afvee, het ek besef wat my getref het."

**ENA COETZEE**, vrou van die minister van Justisie, Kobie Coetzee, wat deur studente van die UOVS met eiers gegooi is.

"As human beings I feel sorry for them, but they knew they were putting themselves in danger."

**ERICH MIELKE**, former East German secret-police chief on the more than 200 people who died trying to flee the Communist regime.




Dov Fedler in die Sunday Star

# het jy geweet

Tandekrappers was waarskynlik een van die eerste werktuie wat mense gemaak het. Groewe wat deur tandekrappers veroorsaak is, is gevind in die tande van die 1,8 miljoen jaar oue fossiele van Homo habilis, 'n voorvaderlike spesie, wat in Ethiopië opgegrawe is.

Skryf 'n 1 met 80 nulle daaragter - en jy't die beraamde aantal atome in die sigbare heelal. (Wel, so beweer die kwantum-fisici.)

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 83-4879.

**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde.
**Politieke Korrespondent:** Hennie Serfontein
**Sub-redakteur:** Ryk Hattingh
**Kopieredakteur:** Johannes Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Pearlie Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo,

**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Irene Zulu
**Kantoor-assistent:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

# Platsak Kolie se geheime miljoen



Kolie van Coller

**Een van televisie se ambisieusste projekte is waarskynlik op die rotse nadat dit bekend geword dat die gewese SAUK-aanbieder Kolie van Coller se Television Media Services in ernstige finansiële moeilikheid is. *Vrye Weekblad* beskik ook oor getuienis dat Van Coller die afgelope maande by minstens twee geleenthede vreemde betalings van byna R1 miljoen ontvang het. Gerugte wil dit lank reeds hê dat hy deur die Suid-Afrikaanse Weermag of 'n ander staatsinstansie gefinansier word. JACQUES PAUW doen verslag.**

**DIE** televisiepersoonlikheid Kolie van Coller se droom om Afrika se grootste onafhanklike televisie-nuusnetwerk vanuit Madagaskar via 'n Russiese satelliet na miljoene huise wêreldwyd te sein, lê waarskynlik aan skerwe.

Terselfdertyd het getuienis na vore gekom dat Van Coller, wat reeds jare daarvan verdink word dat hy 'n Weermag-agent is, by minstens twee geleenthede die afgelope twintig maande bedrae van altesame R1 miljoen uit vreemde en anonieme bronne ontvang het.

VWB verneem dat Van Coller Woensdag bestuurslede van sy maatskappy, Television Media Services (TMS), meegedeel het hy gaan hom aan TMS se bedrywighede onttrek. Hy was Donderdag nie vir kommentaar beskikbaar nie.

Van Coller het vroeër dié week erken hy ondervind ernstige geldelike probleme en dat sy Madagaskar-projek tot dusver nog nie volgens plan van die grond af kon kom nie.

Volgens dokumente in VWB se besit is bedrae van R700 000 en R264 900 op onderskeidelik 6 Junie 1990 en 2 April 1991 per bankgewaarborgde Volkskastjeks in TMS se rekening inbetaal. Dié inbetalings verskerp die vermoede dat TMS deur die Regering gefinansier is.

Dié bedrae geld word in TMS se balansstaat aangedui as afkomstig van die Van Coller Familietrust, maar volgens die rekords van die Meester van die Hooggeregshof in Pretoria bestaan so 'n trust nie. Volgens 'n ouditeur moet so 'n trust by die Meester geregistreer wees.

**'N WOLK VAN GEHEIMHOUDING** en suspisie hang oor Van Coller se bedrywighede sedert hy die SAUK in 1988 verlaat het en TMS gestig het. Van Coller het onder meer in 1988 die wêreldregte bekom vir die Pous se besoek aan Lesotho.


Van Coller het dié week ten sterkste ontken dat hy enige verbintenis met die SA Weermag het óf dat hy tans óf in die verlede enige geld van Militêre Inligting (MI) of die regering ontvang het. Hy het dit as 'n "infame leuen" beskryf.

Van Coller sê die twee inbetalings van R700 000 en R264 900 is afkomstig van persoonlike eiendom waarop hy 'n tweede verband geneem het om sy maatskappy aan die gang te hou. Hy het gesê daar bestaan wel 'n familietrust, maar hy word ook deur "sakemanne" gefinansier.

Hy het egter geweier om bewys te lewer van die eiendomme waarop hy 'n tweede verband geneem het en te sê uit wie die trust bestaan of wie die sakemanne is wat van die finansiering verskaf het.

Van Coller het erken dat hy in finansiële moeilikheid is en gesê hy probeer tans om aandele in sy Afrika-projek te verkoop. "Ek het reeds my eiendom verpand. Ons probeer tans aandele verkoop."

Van Coller het aan die einde van verlede jaar Africa Television Network (ATN) op die eiland Madagaskar tot stand gebring. Hy sou in Februarie begin om 'n uur lange program, *Good Morning Africa/ Bonjour Afrique*, na 'n potensiële 4,6 miljoen huise in Afrika-lande te beeldsaai. ATN kan besryf word as die buitelandse arm van TMS. (Sien storie hiernaas)




'n Grafiese voorstelling van Kolie van Coller se televisienetwerk soos in The Star uitgebeeld

**VERSKEIE VAN VAN COLLER,** 'n gewese kandidaat van die Nasionale Party in Parys, se gewese en huidige kollegas het dié week gesê dat hy waarskynlik 'n agent van MI is en sy maatskappy deur die staat gefinansier is.

Een van hulle is 'n gewese kameraman by die SAUK, wat nie sy naam genoem wil hê nie, wat aan VWB erken het dat hy self werk vir die militêr gedoen het terwyl hy by die korporasie gewerk het. Hy het gesê hy het verskeie kere as SAUK-amptenaar "in uniform ingegaan" om tonele vir die SAW te verfilm.

Die kameraman het gesê hy glo TMS word deur die SAW gefinansier omdat hy daarvan bewus is dat MI net voor Van Coller se bedanking by die SAUK na 'n televisievervaardiger gesoek het om vir hulle in die geheim werk te doen.

Van Coller het die kameraman se aantygings verwerp en gesê dié persoon het geen kennis van sy bedrywighede nie omdat hy hom vyf jaar laas gesien het. Die kameraman het Van Coller Maandag ná sy gesprek met VWB besoek.

VWB verneem dat die gewese uitvoerende direkteur van TMS, Cisko de Pontes, die maatskappy in die eerste helfte van 1991 verlaat het na 'n skerp meningsverskil met Van Coller.

Die twis het glo onder meer ontstaan omdat De Pontes, ook 'n gewese televisiepersoonlikheid by die SAUK, aangedring het om te weet wié die trust is en wáár die trustgeld vandaan kom. Van Coller het in gebreke gebly om die trust en geldbronne te identifiseer en De Pontes het besluit om te bedank.

De Pontes het vandeesweek bevestig dat hy as uitvoerende direkteur by TMS gewerk het, maar geweier om te bevestig dat hy vermoed het TMS word met staatsgeld gefinansier. Hy het gesê Van Coller moet dié navraag beantwoord.

Volgens TMS se 1991-balansstaat besit AMG Vermeulen, wat glo 'n afgetrede bankamptenaar is, die meerderheidsaandeel van 51 persent in die maatskappy en Van Coller die minderheidsaandeel van 49 persent.

**VAN COLLER HET BEVESTIG** dat Vermeulen in Julie verlede jaar sy 51 persent aandele aan hom oorgeteken het. Van Coller besit dus nou al die aandele.

Die laaste tjek wat Van Coller van die trust ontvang het, was die R264 900 wat in April 1991 in TMS se rekening inbetaal is.

Indien dié geld wel van MI of 'n ander staatsinstansie af kom soos vermoed word, kan die laaste inbetaling in April 1991 verklaar word deur die Regering se staking van talle "geheime projekte" na die opvlekking van die Inkathagate-skandaal gedurende Julie 1991.

Hoewel TMS klaarblyklik in ernstige finansiële moeilikheid is, betaal Van Coller homself volgens die Januarie 1992-salarisstaat 'n vergoeding van altesame R18 352 per maand. Dit sluit R8 350 se huurgeld in vir geboue wat hy aan homself verhuur. Van Coller het ook aan die einde van November 'n bonus van meer as R9 000 ontvang.

Uit TMS se balansstaat blyk dit dié maatskappy het vir die 1991-boekjaar 'n inkomste van sowat R290 000 gehad en 'n verlies van ongeveer R1,4 miljoen.

VWB verneem dat sou Van Coller vandeesmaand salarisse en rekenings betaal, sy maatskappye se bankrekenings met sowat R400 000 oortrokke sal wees.

## 'Ek weet van dié rumour'

DIE naaste wat hy nog ooit aan die militêr gekom het sedert hy Television Media Services in 1988 begin het, sê Kolie van Coller, was toe die Nasionale Intelligensiediens hom gebel het en wou weet hoekom hy sulke noue kontak met die Sowjet-Unie en van sy burgers het.

"Ek ontken dat my maatskappy ooit enige geld of finansiering van die staat ontvang het. Ek weet van hierdie rumour, en dit het begin toe ek in 1988 die eksklusiewe regte vir die Pous se besoek aan Lesotho gekry het.

"Ek het nog nooit geld van die militêr ontvang nie. Dis 'n infame leuen. Ek beklee die politieke middelgrond en is hoegenaamd nie by enige politiek betrokke nie. Ek het al saam met Sakkie Macozoma van die ANC dié organisasie se kampe besoek en 'n program daaroor gemaak," het Van Coller dié week aan VWB gesê.

Hy sê sy maatskappy is begin met familiegeld, simpatieke sakemanne en aanvanklike aandeelhouers en persoonlike eiendom wat hy verpand het. Van Coller het geweier om die identiteit van enige familielid of sakeman bekend te maak.

"Die tjeks waarna jy verwys, die R700 000 en die R264 900, het ek bekom nadat ek persoonlike eiendom verpand het. Dit het niks met die militêr te make nie. Ek betaal nou terug aan die verbande.

"Die Trust bestaan ook uit sakemanne, nie net my familie nie. Nee, ek gaan nie vir jou sê wie die Trust is nie en aan jou bewys dat die geld uit verbande kom nie. Hoekom moet ek dit doen?"

Oor sy Madagaskar-projek het Van Coller gesê: "In die verlede het niemand met Afrika gekommunikeer nie. Nuus oor Afrika is nog altyd afkomstig van stasies soos CCN en ander Westerse televisiestasies.

"Ek het 'n nis in die mark gesien en besluit om die gaping te vat. *Good Morning Africa/ Bonjour Afrique* word nog net in Madagaskar uitgesaai, maar my onderhandelings met Zambië, Gaboen en Zaïre het reeds ver gevorder. Ons het nie in Februarie met uitsendings na Afrika begin nie. Daar was vertragings," het Van Coller gesê.

# Nou is die seisoen van geweld éérs terug

## In die afgelope week - kort voor die referendum op 17 Maart - het die bloedigste vlaag van politieke geweld tot dusver vanjaar die land getref. JOHANNES BRUWER doen verslag

**TUSSEN 5** en 12 Maart (Donderdagmiddagete) is minstens 101 mense dood en 281 beseer in politieke geweld in die PWV-gebied en Natal - die meeste sterftes en ongevalle binne een week tot dusver vanjaar, sê die Menseregtekommissie.

Binne die eerste 11 dae van Maart, sê die kommissie, het vanjaar se sterftetal verlede jaar se gemiddelde maandelikse sterftetal van 215 reeds met een derde oorskry.

Talle mense is dood weens vigilante-optredes. In 'n bloedige uitbarsting van vigilante-geweld in Alexandra is 78 mense dood en 238 beseer sedert Woensdag verlede week tot Woensdag dié week.

Woensdagnag is nog twee mense in Alexandra dood en minstens 5 beseer toe gewapende mans op inwoners begin skiet het. Skote en gille is deur die nag gehoor en sowat 100 mense het in die Alexandra-kliniek gaan skuiling soek.

In dieselfde sewe dae is 14 mense dood en 21 beseer in aanvalle op treinpassassiers in die PWV-gebied.

In Natal het geweld ook toegeneem en die dodetal het gestyg van drie verlede week tot 27 teen Woensdag vandeesweek.

In optredes deur veiligheidsmagte in die PWV-gebied, Noord- en Wes-Transvaal en Natal is een mens dood, drie beseer en 54 in hegtenis geneem.

Een mens is deur 'n moordbende vermoor in Sharpeville. Drie ander sterftes word geklassifiseer as "onseker" en "ander politieke" geweld en sluit die dood in van 'n polisieman wat doodgeskiet is in 'n aanval deur vyf mans op 'n polisiekantoor op Orange Farm.

Dinsdag is 'n 17-jarige seun wat verdink is van deelname aan dié aanval dood kort nadat hy in hegtenis geneem is.

Woensdag dié week is minstens nog sewe mense dood en sewe beseer in aanvalle op treinpassassiers en vyf mense dood en twee beseer in ander voorvalle van geweld aan die Witwatersrand.

Donderdag is nog vier mense dood op 'n trein by Boksburg.

• Maandagmiddag is 14 mense in Noordgesig buite Soweto beseer toe



(Foto: Guy Tillim - Southlight)

munisipale polisiemanne van Johannesburg geskiet het op 300 mense wat buite die munisipale kantore vergader het. Hulle wou 'n lid van die Johannesburgse bestuurskomitee spreek oor 'n huurgeldboikot wat twee weke gelede begin is.

Woensdagmiddag is nog minstens 14 mense na berig word in Noordgesig beseer in 'n konfrontasie tussen inwoners en munisipale veiligheidswagte en die aand het 'n skare van 300 weer vergader en polisiemanne met klippe en petrolbomme bestook. Een van die protesteerders is deur die polisie verwond en drie polisiemanne is beseer.

• Die polisie ondersoek 'n saak van moontlike brandstigting nadat sewe mense (kinders inkluis) dood is en 12 beseer is - vyf ernstig - toe 'n kerkgebou in Pretoria om 2 vm gisteroggend (Donderdag) afgebrand het.

Verskeie swart straatkinders het snags in die Elin-kerk skuiling gesoek. Van die slagoffers - wat tusen agt en 24 jaar oud is - het van die derde verdieping van die brandende gebou afgespring.

Van die beseerde kinders en veiligheidswagte by die Sunnyside-winkelsentrum daar naby sê drie naakte witmans, een met 'n onderbroek oor sy kop, het twee uur voor die brand weggehardloop van die kerkgebou, in 'n motor gespring en weggejaag. Die polisie ondersoek ook dié bewering.

Die polisie wou nie kommentaar lewer op die moontlikheid dat die voorval rassisities of polities gemotiveer was nie.

Verlede jaar het 'n bom by die Hillcrest Hoërskool ontplof nadat bekendgemaak is dat die skool gekies is om kinders van ANC-uitgewekenes te huisves.

• Gisteroggend is swart skole aan die Oos-Rand ontwrig deur groepe jeugdiges wat gesê het hulle is Inkatha-lede op soek na "ANC-aktiviste". Volgens ooggetuies het vyf gewapende mans die Sakhile Laerskool besoek en die skoolhoof gesê hulle soek ANC-jeugdiges omdat hulle "ontwrigting" veroorsaak. Terselfdertyd het ander groepe die hoërskole Ratanda en Sethokomela besoek.

## Geweld 'n 'nasionale tragedie'

DIE ANC sowel as woordvoerders van die Inkatha Vryheidsparty het vandeesweek verklarings gedoen oor die vlaag van politieke geweld wat die laaste twee weke opgevlam het. Die ANC het die geweld beskryf as 'n "nasionale tragedie" en die owerheid se reaksie as "totaal onvoldoende" beskryf.

"Die moorde is blykbaar gemik op die mense, hetsy lede van Inkatha of van enige ander organisasie, wat vir vrede onder die mense werk.

"Die blindelingse aanvalle is bedoel om vrees en onsekerheid te saai onder almal. Niemand weet of hulle of hul geliefdes veilig by die werk of tuis sal kom sonder om die slagoffer te word van genadelose aanvalle met gewere, spiese of pangas nie. Die gevolg is dat agterdog toeneem, broer teen broer en gemeenskappe teen hostel-inwoners aangehits word en almal vir hul lewens vrees. Woede oor dié minagting vir swart lewens bereik nou 'n breekpunt.

"Die enigste magte wat baat vind by die geweld is diegene wat vrede en vryheid teenstaan," sê die ANC. "Keer op keer sien ons die dodetal styg op tydstippe van uiterste belang in die land se politiek, soos nou met die aanloop tot die referendum. Eeue van indoktrinasie het gelei tot uiterse rassevooroordeel en haat by wit Suid-Afrikaners en die geweld wat die swart gemeenskappe teister kan net 'n nee-stem bevorder.

"Waar is die owerheid se politieke reaksie om te verseker dat die polisie genoegsame maatreëls tref om treinpassasiers te beskerm en te verseker dat geen wapens van enige soort deur enigiemand in treine of op stasies gedra word nie?"

Die ANC het 'n beroep gedoen op alle mense om hulle ondanks provokasie van geweld te weerhou. "Die oplossing lê daarin om die strukture wat deur die Vredesakkoord geskep is uit te bou en te benut en 'n klimaat te skep vir vrye politieke aktiwiteit en politieke verdraagsaamheid."

• Op 'n perskonferensie Woensdag in Johannesburg wat deur die Mapetla Hostelinwonersvereniging gereël is, het 'n woordvoerder van Inkatha, Bruce Anderson, gesê gemoedere loop hoog onder Inkatha-lede weens 'n persepsie dat hul leiers as "teikens" gemerk word. Hy het namens die hostelinwoners die skuld vir Dinsdag se treinaanval tussen Ikwezi en Dube in Soweto - waarin twee mense dood en nege beseer is - op die ANC gepak. Anderson sê daar moet meer polisiemanne op die treine wees - maar die hostelinwoners wil hê die polisie moet hulle heeltemal onttrek.

"Ons kan sonder die polisie klaarkom. Ons het tevore al," het die Zoeloe-induna Anton Lamula gesê. Hy beweer die polisie veroorsaak konflik in die townships om redes wat nie aan hom bekend is nie.

Aan die einde van die konferensie het Lamula verslaggewers gevra: "Hoekom het hierdie komitee van gewone mense (Kodesa) die deelname van sy majesteit die (Zoeloe-)koning geweier? Die geweld sal gebeur as ons (die Zoeloes) agtergelaat word."

Anderson sê Inkatha is steeds gebonde aan Kodesa. "Ons beskou dit as die enigste hoop."

# Kolie se televisiedroom dalk aan skerwe

**AFRICA TELEVISION NETWORK (ATN)** is gestig om Afrika te help om met homself en die internasionale gemeenskap op 'n "Afrikasentriese wyse" te kommunikeer. Dié netwerk is die ideale medium om as skakel tussen Afrika en die res van die wêreld te dien.

Só word Kolie van Coller se droom, Africa Television Network (ATN), in brosjures wat wêreldwyd versprei is, verduidelik. ATN het dan ook 'n leuse gehad van: "See it as it is."

Vandag, meer as drie jaar nadat ATN in die lewe geroep is, loop dié netwerk ernstige gevaar om deur die omstredenheid rondom Van Coller se beweerde finansiering deur die Suid-Afrikaanse regering en finansiële probleme 'n vroeë dood te sterf.

Van Coller het in November verlede jaar onderhandelings met die regering van Madagaskar begin om dié eiland as basis te gebruik van waar hy via sy Russiese Gorisont-satelliet programme na die res van Afrika kon sein.

VWB verneem dat die Madagaskarse regering 'n opvangskottel ter waarde van R200 000 aan ATN geskenk het en dat die plaaslike weermag binne twee weke ateljees vir die maatskappy ingerig het. Van Coller betaal 'n maandelikse huur van R13 000 vir die huur van die ateljee en toerusting.

Vier voltydse werknemers van ATN werk tans in die ateljees in Madagaskar. Onder hulle is dr Eduan Grobbelaar, wat onlangs vanuit Namibia as ATN se besturende direkteur aangestel is. Sowat tien plaaslik gewerfde inwoners van Madagaskar werk ook by ATN.

Die bekende televisie-joernalis Johan Ahlers is eers as direkteur-generaal van ATN aangestel. Ahlers het uit diens van die SAUK bedank en vanuit Europa na Suider-Afrika teruggekeer om diens in Madagskar te aanvaar. VWB verneem dat Ahlers na 'n uitval met Van Coller oor 'n behoorlike begroting vir ATN bedank het en na Europa teruggekeer het. Ahlers was nie vandeesweek vir kommentaar beskikbaar nie.

**VAN COLLER HET GEHOOP** dat ATN met Cable News Network (CNN) en die BBC in Afrika sal kan meeding. Binne tien jaar moes ATN sowat 20 miljoen kykers in Afrika, Europa en die Verenigde State bereik.

ATN is voornemens om deel te word van die ontwikkelingsproses in Afrika, want sonder dié belangrike kommunikasie kan geen besigheid, wedersydse begrip, vooruitgang, opvoeding en ontwikkeling voortgaan of uitbrei nie, lui die maatskappy se brosjure.

Die brosjure sê voorts dat onderhandelings met Zaïre, Zambië, Zimbabwe, Gaboen, Namibia, Lesotho, Swaziland, Mosambiek, die Ivoorkus, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, Burundi, Kameroen en Reunion gevoer word vir die ontvangs van ATN se programme. Teen vandeesweek is geen kontrakte nog gesluit nie.

Van Coller het dié week erken dat ATN nie soos aanvanklik beplan, reeds in Februarie met sy uitsendings na ander Afrika-lande begin het nie. *Good Morning Africa* word steeds net in Madagaskar uitgesaai.

Van Coller sê daar is vertragings met die uitsendings, maar dat hy op die rand van verskeie deurbrake is. "Ons is op die rand van 'n deurbraak met byvoorbeeld Zambië, maar ons soek aandeelhouers," het hy gesê.

# 'n Swak ja is amper so sleg soos 'n nee

**Na aanvanklike sterk optimisme dat 'n ja-stem in Dinsdag se referendum byna 'n uitgemaakte saak is, het heelwat politici en politieke ontleders laat dié week begin wonder of 'n uitslag na aan gelykop nie meer waarskynlik is nie, skryf MAX DU PREEZ**



Met ons kind en ons knuppel stap ons die verlede tegemoet... Verlede Saterdag tydens die regse saamtrek op Kerkplein. (Foto's: Siwi Moresche)

**DIE** onnoembare is dié week die eerste keer 'n effe paniekerig in raadsale, maatskappy-hoofkantore en koukuskamers gefluister: daar kán dalk 'n meerderheid nee-stem wees.

Ontleders begin nou saamstem dat die plattelandse en stedelike werkersklas-stem oorwegend na die nee-kamp sal gaan, en dat die nie-Afrikaanssprekende stem vir dié kamp dalk veel hoër gaan wees as wat ooit gedroom is.

Maar die res van die stem is steeds onvoorspelbaar, met 'n duidelike, ongewoon groot twyfelstem.

Net voor die naweek het dit gelyk of enigiets moontlik is tussen 'n klein wen vir die nee-stem en 'n 65 persent wen vir die ja-stem.

Ook in die ANC en Cosatu word daar nou kliphard duimvasgehou dat die ja-stem oortuigend gaan wees.

**"ONS IS REEDS ONDER DRUK** om weer massa-aksies te reël," het 'n senior Cosatu-leier dié week gesê. "Die effek van 'n nee-stem kan dalk net sterker wees as ons dissipline. En die Vader weet, Suid-Afrika kan nie bekostig dat ons teruggaan na onregeerbaarheid en die gewapende stryd nie."

Die atmosfeer in die townships is juis na aan breekspanning. Die laaste week was die bloedigste week dié jaar met meer as 'n honderd politiek-verwante sterftes, en die aanduidinge is dat volgende week erger kan wees.

Die KP se referendum-veldtog was uit hul eie hoek gesien baie suksesvol. Die simplistiese slagspreuke en plakkate wat FW de Klerk en sy regering as handlangers van die ANC voorstel en wat uitskreeu dat 'n ja instemming tot kommunistiese swart oorheersing beteken, was volgens kommunikasiekundiges heelwat doeltreffender as die NP se sagter, valer pogings.

**DIE KP WAS** ook effektief om die sterkste argument teen 'n nee-stem - dat dit 'n terugkeer na ou apartheid sal beteken met al die verskriklike naslepe wat dit sal hê - te ondermyn.

Die een KP-leier na die ander staan dag na dag skaamteloos op en sê dit sal nie gebeur nie, wat gewone mense met sterk toekomsvrese gerusstel. Aan die ander kant skrik dit geen regses af nie, want Eugene TerreBlanche is daar om die fanatiese vleuel te verseker dat dit wel ou apartheid, rassisme en onderdrukking is wat ons voorland gaan wees.


Dit is juis die AWB en TerreBlanche wat die KP se Achilleshiel is. Heelwat twyfelaars sal waarskynlik eerder ja stem of wegbly as om 'n kruisie te trek agter die kant wat sulke wilde, gewelddadige fasciste het.

Die NP het dié swak plek eers laat dié week begin uitbuit. Die NP se plakkaat met die gemaskerde AWB-terroris is verreweg sy doeltreffendste en kan waarskynlik 'n sterk invloed hê op veral Engelssprekende konserwatiewes wat nie tuis voel met die militante, fundamentalistiese Afrikaner-nasionalisme en fascisme van die AWB nie.

Daar is ernstige kommer in die sakewêreld en politieke en diplomatieke kringe dat 'n swak ja-stem van 55 persent of minder byna eweveel verwoesting aan die nasionale psige kan aanrig as 'n klein nee-stem.


'n Swak ja-stem sal die regses nog meer militant en besield maak, en die kanse van groter regse geweldpleging mits die regering en die ANC dan met spoed hul planne vir 'n oorgangsregering deurvoer, moet as hoog gereken word.

Dit, en die feit dat die sein wat na swart en bruin Suid-Afrikaners gestuur sal word baie flou sal wees, kan die land in 'n onstabiliteit dompel wat Suid-Afrika nou allermins kan bekostig.




Dié regses het selfs die Antichris geïdentifiseer

# Jy kan hierdie man stop.



# Stem "Ja" vir 'n toekoms sonder geweld.

17 Maart. JA ✔

Opgestel en geplaas deur P. Coetzer, Tulbaghplein, Pretoria.

SAATCHI & SAATCHI KLERCK & BARRETT TVL 20004



Die referendum road show - Staatspresident FW de Klerk tydens 'n besoek aan 'n skool in die suide van Johannesburg
(Foto: Brett Eloff - Southlight)

# En daar word FW 'n man van die mense...

Staatspresident FW de Klerk en sy referendumveldtog het dié week in die Noord-Vrystaat gaan draai. **HENNIE SERFONTEIN** het hom van winkelsentrum tot winkelsentrum gevolg en met gewone mense gepraat om uit te vind hoe húlle oor die komende referendum voel

'FW, you are the greatest!" - die uitroep dié week deur 'n jong swartman weergalm deur 'n volgepakte winkelsentrum in Welkom. Groot getalle mense, waaronder baie swart- en bruinmense, maal en drom saam om Staatspresident FW de Klerk soos hulle probeer om hom van naderby te sien, en as hulle gelukkig is, sy hand te skud.

Kort hierna kom 'n ander jong swartman uit die opgewonde skare te voorskyn, hardloop opgewonde na 'n paar vriende terwyl hy sy regterhand triomfantelik om hoog hou en laggend uitroep: "Hy het my met die hand gegroet. Ek gaan my hand tot môre nie was nie."

Uit dié en enkele ander opmerkings deur swartmense tydens my tweedaagse besoek aan Noord-Vrystaat is daar duidelik wye ondersteuning vir De Klerk in sy bloedige politieke konfrontasie met die regses.

Die stemlose swartmense in die hartjie van die konserwatiewe Vrystaat het besliste menings oor die referendum en die huidige politieke situasie.

Dinsdagoggend raak ek aan die gesels met twee petroljoggies by 'n vulstasie in Kroonstad. Die een lyk op 'n druppel na op 'n jonger Terror Lekota, ontbrekende voortand, skewe glimlag en al, maar is nie familie nie.

"Treurnicht se mense is gevaarlik. Daar is groot moeilikheid as hulle wen. Ons ken hulle hier in die Vrystaat," sê die een. Skielik begin hy onderdanig praat, oor die droogte... Die rede: 'n fris, jong wit breker, volgens die motor se registrasienommer 'n inwoner van 'n nabygeleë myndorp, wat al stadiger by ons verbyloop toe hy dié druk gesprek sien, en ons met onverbloemde bitterheid aangluur - duidelik nie daaraan gewoond dat swart en wit op 'n ander wyse as Baas-Klaas met mekaar kan praat nie.

**DIE GESPREK WORD VOORTGESIT** na die kort, gespanne onderbreking terwyl 'n verbaasde ouer blanke egpaar voor 'n wegneemkafee langsaan vassteek om na ons te staar.

"Meneer, gaan sê aan al die witmense om te gaan stem, en sê hulle moet ja stem en De Klerk help teen Treurnicht. Want as die KP wen, sal baie mense doodgaan," sê die ander swartman.

De Klerk se besoek Maandag aan Kroonstad en Welkom was deel van sy blitsbesoek dié week aan die Vrystaat, sy "road show" *ala* Amerikaanse presidensiële "whistle stop"-verkiesingstryd. Besoeke aan groot en klein groepe, formele en informele vergaderings, handskud met soveel kiesers as moontlik voordat daar weer na die volgende bestemming gevlieg word.

Hy het vroegdag op Sasolburg begin, is toe deur na Kroonstad, Welkom en Bloemfontein. Sy laaste verskyning dié dag - dié een wat deur die AWB en regses met traanrook ontwrig is - was sy 54e vergadering in vyf dae.

**HOE GAAN DIE VRYSTAAT** stem? 'n Mens kry 'n beklemmende gevoel van groeiende ondersteuning vir die nee-stem. Al onsekerheid wat bestaan is oor die grootte van die swaai en die omvang van die apatie.

'n Mens bevraagteken weer eens die akkuraatheid van die NP se inligting ná die Potchefstroom-skok as 'n mens die optimistiese voorspellings van plaaslike NP-ampsdraers moet aanhoor.

By 'n hotel erken die ontvangsdame, iemand uit 'n tradisionele NP-huis wat lewenslank die regering ondersteun het, sy is onseker oor De Klerk se koers, omdat hy sy planne nie openhartig aan die kiesers verduidelik nie. Later die aand, toe sy my Rapport aan my terugbesorg, sê sy: "Ek het die menings van meneer PW Botha baie interessant gevind, en verstaan dinge nou beter," en voeg by sy gaan nou beslis nee stem.

**TOG IS DIT DIESELFDE VROU** wat weer aan my vertel het hoe beïndruk sy was met Nelson Mandela toe hy die vorige week die hotel vir 'n dag besoek het. Opgewonde sê sy: "Meneer wat 'n ware heer en bedagsame persoon is hy tog nie. Hy het my en ander werknemers hier almal met die hand gegroet. Hoe kan die mense dan sulke nare dinge van die man sê."

Tog gaan die vrou nou nee stem.

'n Jong kroegklerk wat in voorkoms aan die "ducktails" van dekades terug herinner, sê egter prontuit: "Ek weet nie baie van die politiek nie, maar ek gaan ja stem, want ek glo in 'n nuwe Suid-Afrika en ons kan nooit weer teruggaan na apartheid toe nie."

Die ouer hotelbestuurder is meer versigtig: "Dis 'n Hobson's choice" sê hy. Later bevestig hy egter hy stem ja, maar vind dat die meeste mense wat gereeld daar aandoen nee gaan stem.

Sondagaand, aan huis van my 80-jarige oom Laatjie, sê hy lakonies, half bitter: "In 'n algemene verkiesing vandag verloor Wynand Breytenbach - die plaaslike NP LP - sy setel met 'n oorweldigende meerderheid. Die Vrystaat gaan seker 80 persent nee stem. Dis 'n klein provinsie met klein mense met 'n beperkte visie."

Later die aand by Antjie Krog, bevestig sy en haar man John dat hulle ja gaan stem, maar nie sonder beswaarde harte nie. As iemand wat vir die laaste dekade hard op grassroots-vlak gewerk het om in 'n plek soos Kroonstad 'n ware nie-rassige kultuur te stig, vergeet 'n mens nie maklik die viktimisasie, verstoting en verguising deur die plaaslike establishment nie, iets wat die NP-establishment vandag gerieflikheidsonthalwe vergeet.

**MAANDAGOGGEND IS DIT MAAR** 'n karige sowat 450 mense, meestal ouer mense en baie vroue, wat in die Allan Rautenbachsaal by die burgersentrum na De Klerk kom luister. Die saal lyk oorvol, maar dis omdat die ruimte opgeneem is deur tafels, belaai met eetgoed en tee, waar mense met stoele aansit, wat sodoende die geringe opkoms vir een van die grootste Vrystaatse dorpe verdoesel. "Kroonstad gaan ja stem", sê verskeie mense aan my.

Erens agter sit drie swartmense, blykbaar verteenwoordigers van die plaaslike swart dorpsbestuur.

De Klerk hou 'n goeie toespraak, soos wat oral die geval is. 'n Mens bewonder hom dat hy onverskrokke uitspel dat apartheid iets van die verlede is en dat 'n grondwet deur onderhandelinge, waar alle Suid-Afrikaners se toekoms verseker is, opgestel kan word.

Daar is emosionele oomblikke aan die einde met twee staande toejuigings as die mense "Laat Heer U seën op hom daal" sing.

**'N UUR LATER IS DE KLERK** by 'n groot winkelsentrum in Welkom - hy in 'n militêre helikopter, die media in 'n dolle gejaag met motors.

Die plek is gepak soos wat 'n opgewonde skare van 'n paar honderd, met baie swartmense daartussen, hom inwag. Ja-plakkate en rosette is orals te sien. 'n Gejuig gaan op toe De Klerk en sy gevolg met die roltrap na bo kom.

'n Trompet begin Die Stem speel. Die skare en De Klerk sing saam - en 'n jong swart seun wat opgewonde 'n tree of twee van die FW staan, prewel die woorde saam.

'n Dolle halfuur volg terwyl die mense om hom saamdrom om hom persoonlik te groet. Die tradisionele jong moeder met baba op die arm wag op 'n strategies plek vir die filmkameras, naby die roltrap. Na die gegroet huil die baba onbedaard, maar 'n trotse moeder sê: "Die oomblik was seker te groot vir haar. Sy is ook nie so baie mense gewoond nie."

# IF YOU HAVE A MORAL DILEMMA ABOUT VOTING, CONSIDER YOUR MORAL DILEMMA IF THE "NO" VOTE WINS.

Every no-show at the polling booth gives every "No" vote more power.

A "Yes" vote is not a vote for a party or a person. It's a vote for a negotiating process that will lead to a democratic South Africa with a secure future for whites.

And a marginal "Yes" result simply isn't good enough.

We need a landslide "Yes" to make sure reform is irreversible.

Remember, every "Yes" vote in Bloemfontein or Blairgowrie cancels out a "No" vote in Boksburg or Bapsfontein, or wherever.

Every single vote is counted. Every single vote counts.

Make sure your vote counts.

## ON 17 MARCH VOTE "YES".

Compiled and issued by R. Bryant, Commerce Crescent East, Eastgate, Sandton.

20015

# Ons het heelwat BRIEWE OOR DIE KOMENDE REFERENDUM op 17 Maart van ons lesers ontvang. Dié wat ons te laat bereik het, kan ongelukkig nie later geplaas word nie.

## An open letter to Dr T

**Ursula Bruce of Berea, Johannesburg, writes an Open Letter to Dr Andries Treurnicht:**

*Dear Dr Treurnicht*

Permit me to point out that you and your colleagues are creating the impression that you regard the white South African public as a bunch of uninformed halfwits. Permit me to point out, too, that this is likely to result in your being regarded with both mistrust and contempt.

In the first instance, it is you and your Party who have been insisting on a referendum. The moment it was announced, you and the members of your head committee considered a boycott. You immediately shifted the goalposts and demanded an election instead - thereby creating the impression that you have no real confidence in your ability to achieve the very goal you have been clamouring for, a victory for your extremely nebulous and constantly shifting policies.

Initially you insisted that there was no way in which the Conservative Party would be prepared to negotiate with black leaders. Then you changed your stance and in your speech in Worcester on March 2, you announced that you would consider negotiating with leaders of "other nations". We all know, of course, what that euphemism means. Whether any black leaders of stature would agree to negotiate with your party is an interesting question.

You and your colleagues keep asserting that economic chaos has been the result of present government policy and that the whole sorry mess has come into being since 2 February 1990 and the subsequent unbanning of the ANC. Do you really believe, sir, that we do not know the economic tragedy of this country has been grand apartheid and the mind-boggling sums of money which have been poured into this insane pipe dream: the bantustans and their puppet structures, the separate bureaucracies, schools, universities, hospitals, public amenities and public transport. Not to mention the grandiose campaigns to woo the world into accepting our insanities and, worst of all, the financial cost of a disastrous and ultimately futile war! This and the resultant inefficiencies, the disruption of social development, the waste of human potential, and the brain drain caused by the departure of thousands who chose to leave the country rather than live with its manias and repression, this has been the cause of a ruined economy and the social chaos of which we are now reaping the reward.

How (the public has the right to be told) will you re-establish the economy if you are going to use what is left in the bottom of the kitty to carry out your apartheid schemes? Will the taxpayer be expected to pay even higher taxes? How will you persuade America and the other industrial countries that there will be peace and stability in a land in which an impoverished, deprived and frustrated 30 million people will be driven to revolution by desperation? And when you try to make your suburbs, your industries and your schools snow white, do you think these countries will come to your aid? Do you think the International Monetary Fund will allow you vast sums to indulge your insanities?

For decades we have been the pariah of the world, culturally, economically and in the field of sport. Yet, when we are finally being allowed to participate in international cricket, precisely because of the reforms which the State President and his government are initiating, your party tells us that our readmission is a proof that sport sanctions have failed. Where, if I may ask, is the logic of that - or is it intended to be a "transparent smoke screen"?

Most disturbing is the vagueness of your promises. You promise that there will be no return to grand apartheid, yet in your Worcester speech you assert that some of the apartheid measures will be re-introduced. Which sir, and how will they affect our already ruined economy? And, incidentally, were you aware that while you were making that speech, your comrade-in-arms, Koos van der Merwe, was assuring radio listeners that the CP has changed and that apartheid is something of the past?

In any case, how do you imagine that you will unscramble the racial omelette? Are you going to send armoured vehicles and troops into suburbs like Hillbrow and Woodstock to give us a demonstration of what forced removals are really like? In the past they have usually been carried out far from the eyes of white South Africans. Do you think we will stand idly by to watch this kind of barbarity?

In your campaign you constantly refer to the present violence. Yet you cannot fail to be aware of the fact that much of it is rooted in the poverty and denial of rights enforced by apartheid. How, then, do you see your dispensation as finding a solution? Force has been tried, as you well know, and it has proved useless. Are you truly going to try further repression? You must know it will not work, especially now that black South Africans have had a taste of hope. Do you want to drag what there is still to be salvaged down with you into chaos?

Moreover, you are peculiarly selective in your condemnation of violence. I have not heard you disapprove of it when practised by your militant friends: not when black children were beaten up at a Sunday school picnic, not when innocent, law-abiding men and women were randomly gunned down. Nor, for that matter, have there been sounds of disapproval at the daubing of synagogues, the burning down of a mortuary chapel or the desecration of gravestones.

Finally, there is the mystery of the white man's homeland. It is South Africa's longest running cliffhanger. In fact, it outdoes *Dallas!* In all humility, sir, I ask where you think it is going to be? On a pink cloud, perhaps or, more fittingly, on Robben Island? But you will not tell us! You also know that, while you point to the fragmentation of the Soviet Union, other countries - such as Germany - are eager to build a unitary state and to make it a success.

I trust that you will be able to clarify at least some of these points for white voters.

## Drie "-ismes"

**Marie Kirsten van Die Hoewes, Verwoerdburg, skryf:**

Synde een van daardie stemgeregtigdes wat geen keuse het as om "Ja" te stem nie, wil ek tog ten sterkste beswaar maak teen die taalgebruik in die NP se volbladadvertensie wat die afgelope week deur koerante regdeur die land geplaas word.

Die advertensie-veldtog, soos opgestel deur "P Coetzer, Tulbachplein, Pretoria", vir "Saatchi & Saatchi Klerck & Barret Tvl", dra duidelik die stempel van wat 'n mens net as 'n manlik-georiënteerde establishment-advertensie kan bestempel. Ek verwys spesifiek na die volgende punt wat gemaak word - indien die uitslag "Nee" sou wees:

"Politieke, maatskaplike en ekonomiese frustrasie sal nie langer net op blanke politici gerig wees nie. Woede kan gemik wees teen elke blanke, dit maak nie saak of jy "Ja" of "Nee" gestem het nie - op jou, jou vrou, jou kinders, jou ouers en jou vriende".

Gewoonlik skram ek weg van veralgemenings en "ismes" soos "chauvinisme", "seksisme" en "paternalisme", maar in dié geval dink ek al drie is van toepassing op die NP se advertensie-veldtog. Insinueer die NP dat ek nie my man teen die sogenaamde "woede" en "geweld" kan staan nie of dink hulle bloot net mans kan hulle advertensies lees? Enersyds beklemtoon die advertensie alle stemgeregtigde blankes se "verantwoordelikheid" teenoor 26 miljoen Suid-Afrikaners, maar andersyds lyk dit asof net met blanke manlike gesinshoofde gepraat word. Glo die NP regtig dat mans vir hulle vroue voorsê wat om te stem?

Weet die NP dan nie dat blanke vroue in Suid-Afrika al 61 jaar lank stemgeregtig is en dat vroue meer as die helfte van die blanke kieserskorps uitmaak nie? Die implikasie is dat indien al die vroue "Ja" stem, die referendum-uitslag deur hulle bepaal sal word.

## Apokalips op Ja

**David Kessler van Bellville skryf:**

Indien die Ja-stem die referendum verloor, sal die volgende gebeur:

Die Wallabies-toer sal afgelas word en derduisende rugbyfanatici sal selfmoord pleeg; alle krieket-toere sal afgelas word; ons sal nie nou of ooit weer aan die Olimpiese Spele kan deelneem nie; alle sportbande sal beëindig word en ons sal totaal geïsoleer word; alle diplomatieke betrekkinge met die res van die wêreld sal opgeskort word; 'n internasionale handelsverbod sal onmiddellik toegepas word en ons sal geen olie, buitelandse valuta of lenings kan bekom nie.

Indien die KP aan bewind kom, sal 'n bloedbad begin, burgeroorlog sal uitbars en die hele Suider-Afrika sal ontvlam.

Die ganse wêreld sal in opdrag van die Veiligheidsraad van die VVO en onder leiding van die VSA 'n vloot-, lug- en grondblokkade teen ons instel en daarna 'n volskaalse militêre inval teen ons begin wat ons geliefde Suid-Afrika in 'n woestyn sal omskep.

Tomahawk-missiele sal op ons gerig en gevuur word, met verdoemende gevolge. Die 30 miljoen "nie-blankes" sal in opstand kom en die 4 miljoen "blankes" heeltemal uitwis en Suid-Afrika sal van die wêreldkaart verdwyn.

In Godsnaam, pleit ek dat elke blanke kieser in die referendum "JA" stem.

## Total Strategy

**Mary de Haas of Durban writes:**

I read Max du Preez's editorial in the latest *Vrye Weekblad* last night and couldn't agree more with his sentiments about the Referendum. I think the government is managing to pull the wool very successfully over most people's eyes when, in fact, very little has changed on the ground.

Here in Natal there is massive destabilisation in the townships and informal settlements, (in rural areas Inkatha, with assistance, is doing that quite successfully) and government plants/informers everywhere (including campus) sowing the seeds of divisiveness and generally disrupting. The new Total Strategy is exceedingly clever, and it is clear that the government has no intention of relinquishing control.


## Die Stem

**Neelsie van Johannesburg skryf:**

Uit die brou van ons verlede
Uit die diepte van die euwel
Het vir veertig verfoeide jaar en meer
Verstokte ossewa-wesens
Verseker die minderheid
Vir seker minderwaardig
Met die smartdaad
die smartwoord: APARTHEID!
Oweral geag met veragting
Die Owerste se veragting ook.

Ons narre Nero leiers
Hul nare snare:
Bestryk
Bespeel
Onbewus van al die heengaan
Wat om hul aangaan

Uit die ashoop van ons lyding
Verrys 'n laaste hoop -
'n Ware Caesar!
Halleluja: Hy kan sien!
Hy moet wen op 17 Maart!
Gee aan Caesar wat hom toekom
Gee jou ja aan Caesar
Dit kom hom toe.



(Foto: Brett Eloff/Southlight)

# Hiper-realiteit op Kerkplein

**INA VAN DER LINDE** het Saterdag saam met Oom Paul half geamuseerd na die vlae, kakie-uniforms en perde op Kerkplein gekyk

**IN** die middestad van Pretoria dans die hittegolwe op die teerstrate. Die gewone mengselmoes van mense stoei om hul Saterdaginkopies gedaan te kry, hulle bekommer hulle oor bankstate, skoolgeld, die droogte...

In die geskiedkundige ou Poskantoor op Kerkplein staan mense in lang rye. Dan dring die stem van tant Rona Cloete, voorsanger op die regse magsvertoon buite, deur tot voor by die toonbank. Met 'n hoë timbre val sy weg: "O hoor jy die magtige dreuning... die lied van 'n volk se ontwaking, wat harte laat sidder en beef..." Twee jong swartes kyk na mekaar, "tsj" met die tong.

Die klank kom en gaan in golwe: "Ons gaan saam die donker toekoms in, om soos een te sneuwel of oorwin." Dit word 'n crescendo, 'n noodkreet, 'n regse hiper-realiteit met 'n eie woordeskat en simbole.

In die klein wêreldjie waar Oom Paul half geamuseerd, half weemoedig uit sy poffertjie-oë op die vlae, kakie-uniforms en perde afkyk, beduie 'n man wat merkwaarig baie soos Croesjtsjof lyk met sy vinger aan 'n Britse TV-span. Die Afrikaner se lyding en verdrukking was die skuld van die Britte. Twee kakie-uniforms sê in die verbystap: "Hulle kan net kak praat. Dink hulle weet iets van die land. Hulle koppe is te plat om dit te verstaan."

'n Bobbejaan-mombakkies kom verby. "Sê hallo vir Mandela," sê die mombakkies.

Stiptelik om elfuur daag Andries Treurnicht en sy geselskap op. Almal in pakke en dasse. Net na elf kom Jaap Marais daar aan. Ook in 'n pak. Vyf oor elf, toe die seremoniemeester al op die voete is, maak Eugene TerreBlanche sy verskyning te perd, onder begeleiding van marsmusiek en vergesel van 'n berede kommando. Dan gly die perd en gooi die Groot Karwats af, waar hy gou omsingel word deur sy stormtroepe. Die keer met geweld dat hul leier in sy oomblik van vernedering afgeneem word.

"Kyk so 'n clown," mompel 'n KP-klankman.

Want ondanks die eenheidsfront van die regses is die klasseverskille tussen die drie groepe opmerklik. Daar is die HNP's: die armer werkersklas, die spoorwegwerkers, die mynvoormanne en die klerke. Meestal aan die ouerige kant, safari-pakke en Charlie Chaplin-snorretjies. Hulle brom opmerkings oor "kaffers" en "verraaiers" en lyk bedruk. Hul vroue is hardwerkende tantes met dienlike blomrokke en eelte op die hande. Hulle weet van meet en pas om uit te kom met die kruidenierswaregeld.

**DIE HNP'S NEEM NIE DEEL** aan AWB! AWB! AWB! dreunsang nie. Hulle voel ongemaklik in die geselskap van die coke-en-brandewyn-brigade: die manne met die kakie-klere, die baarde en die rooi gesigte, die kroegbakleiers en die knuppelswaaiers.

Maar hulle voel ook ontuis tussen die KP's - die draers van Afrikaner-Calvinisme en die handhawers van "algemeen-beskaafde" Afrikaans. Die nuwe middelklas met hul meerderwaardige houding. Hier is die meer gegoedes: onderwysers, middelbestuur-staatsamptenare, studente, akademici, sakemanne, prokureurs en dokters.

En op Kerkplein word die hiper-realiteit 'n Kruistog, 'n Heilige Oorlog. "Prof" Frans van Staden, oud politikus en deesdae by teologiese skool van die Afrikaanse Protestantse Kerk (wie onthou nog die groepie wat van die NG Kerk weggebreek het?) skets die grense met skriflesing en gebed: 1 Kon. 18:16. Die profeet Elia daag die slegte koning Agab uit: "Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die Here verlaat het en agter die Baäls aangeloop het."

Die preek word gebid: "Die krisis rondom die afgodediens van Baäl - die eie-ek-god van die ateïs en die kommunis. Daarom beleef ons die versengende strale van die son en droogtes wat ons oeste verskroei... Maak ons dapper in die stryd om die eer van die drie-enige God teenoor die afgodediens... Hoe kan U by Kodesa wees waar die afgod gedien en aanbid word... Voorkom op 17 Maart dat hierdie volk en die Christendom vernietig word aan die suidpunt van Afrika..."


**OOK TREURNICHT PRAAT VAN FW** die hensopper wat die klein volk oorgee aan oorheersing deur die oorgawe aan die terroriste en die kommuniste. Die Bybelboek Deuternomeum verbied dat 'n vreemdeling oor die volk aangestel word, sê hy. Godsdiensvryheid beteken nie gelykstelling van godsdienste nie. "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie," haal hy aan.

Jaap Marais, leier van die HNP, bly by armoede en sameswerings. Hy praat van 15 000 witmense in Pretoria wat honger ly, wit vroue wat vir R200 per maand as bediendes moet werk, moorde op wittes op plase en die misdaadsyfer. Hy praat van 'n sameswering deur kommuniste wat die werksgroepe by Kodesa oorheers, en FW wat instruksies van die Amerikaanse regering ontvang, en van die nuwe beton-ambassade van die Amerikaners in Pretoria wat "elke telefoonoproep in die land kan monitor".

Eugene TerreBlanche, klee soos gebruiklik die Afrikaner in 'n glorieryke verlede. "Ons het niks gesteel nie, net gebou... Daar waar moordkrale en dolosse gegooi is, daar het ons in armoede en alleenwees die beskawing gebring." Nou moet "die volk" in die referendum nie tussen die KP en die NP kies nie, maar tussen God en die kommunis. "'n Ja, is 'n ja vir Karl Marx en Das Kapital... God het die kleinste volk op aarde uitgekies bo die Romeine, bo die Duitsers, bo die Amerikaners om hierdie stryd te stry," sê hy. "Word soldate van God en van die Republiek van Suid-Afrika!".

En dan spat die wêreldjie uiteen. Word die regses weer deel van die groter werklikheid van Pretoria.

# je moet er geweest zijn freek de jonge



## - intellektueel, kabaretster, draaksteker - gee sy indrukke van Suid-Afrika ná 'n week se kuier as deel van *Vrye Weekblad* se kultuurfees


## SBL SE BESTUURS-ONTWIKKELINGSPROGRAM VOEG DINAMIESE IDEES BY TRADISIONELE WERKSMETODES.

Die Unisa Nagraadse Skool vir Bedryfsleiding bied u die geleentheid om te registreer vir die 18de Bestuursontwikkelingsprogram (BOP) wat op 1 Julie 1992 begin.

Die program is daarop gemik om professionele middelbestuurders oor die hele spektrum van bestuursfunksies te ontwikkel. Sodoende sal persoonlike sowel as professionele vooruitgang en groei bevorder word, sodat individue sowel as hulle organisasies daarby baat.

*Wie aansoek kan doen'*

Individue met:

• Minimum 3 jaar bestuurservaring
• Funksionele bestuursposisies wat deur hul organisasies vir vordering geïdentifiseer is
• 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie is 'n vereiste

*7 Programkeuses*

Die BOP bied 7 keuserigtings, ontwerp vir die behoeftes van individue in verskillende posisies in die handel en nywerheid.

• ALGEMENE BESTUUR: Die ontwikkeling van 'n grondige begrip van die funksies van 'n organisasie
• FINANSIËLE BESTUUR: Gemik op diegene met praktiese finansiële ervaring, wat graag meer kennis en begrip wil inwin met die oog op bestuur in 'n finansiële omgewing.
• BEMARKINGSBESTUUR: Verken die bemarkingsmodel, met die klem op verbruikersgedrag, marknavorsing en algemene bestuur.
• MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR: Hoe om werknemers te verstaan en hulle doeltreffendheid en produktiwiteit te beïnvloed. 'n Algemene inleiding tot arbeidsbetrekkinge.
• MYNBESTUUR: Begrip van die bestuursfunksies wat verband hou met alle fasette van die mynbedryf.
• BEDRYFS- EN PRODUKTIWITEITSBESTUUR: Daarop gemik om die algemene produktiwiteitsvlakke van 'n organisasie binne 'n bestuurskonteks te verhoog.
• PROJEKBESTUUR: Begrip van die bestuur van projekte: tyd, koste en spesifikasies.



*Algemene inligting en navrae*

• Praktiese leertegnieke soos wisselwerkende groepstudiemetodes, afstandonderrig en studieskole is kenmerke van die BOP.
• Die program duur 12 maande.
• Vir nadere besonderhede en registrasienavrae, skakel Deanna Vogét asseblief by 012-322 6777 (Faks 012-320 0421). Of skryf aan: Die Mededirekteur: BOP, SBL Unisa, Posbus 392, Pretoria 0001. SLUITINGSDATUM VIR REGISTRASIE: 30 APRIL 1992

SBL
NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
LEIERSKAP IN DIE PRAKTYK


**DE** innige omarming met Terror Lekota, een belangrijke ANC-er bleek op een misverstand te berusten. Even leefde ik in de veronderstelling dat ik als toegewijd apartheidsbestrijder herkend werd door mijn zwarte broeder, maar hij dacht dat ik Klaas de Jonge was.

Het is één groot misverstaan hier. Vaak opzettelijk omdat dat complicaties voorkomt of om politieke munt uit te slaan, dikwijls per ongeluk omdat na veertig jaar apartheid er geestelijke veel vergroeid is. Van de Nederlanders die mijn eerste voorstelling in het Market-theatre volgden afgelopen maandag waren er enkele die mij wel eens in Nederland hadden zien optreden. Zij hadden zich dan gestoord aan mijn weinig genuanceerde opmerkingen over hun geliefde Zuid-Afrika. Hoewel ik weinig milder was in mijn conferences im Johannesburg hadden ze er dit keer minder moeite mee.

Je moet er geweest zijn om te kunnen oordelen was de eeuwige dooddoener die wij meekregen. Is dat zo?

Ik heb nog niets gezien waarvan ik van te voren al niet vermoed had dat het zo zou zijn. De samenleving verschilt ogenschijnlijk nauwelijks van de onze. Dat is geen compliment voor de demokratie in Zuid-Afrika, maar veel meer kritiek op die van ons. De grootste fout die de blanken in Zuid-Afrika gemaakt hebben is hun vorm van onderdrukking de naam Apartheid te geven. Ze zijn daar naief oprecht in geweest en de wereld heeft ze daar voor gestraft.

Het feit dat bevoorrechten nimmer van plan zijn hun privileges op te geven maakt revoluties noodzakelijk, maar omdat bevoorechten hun priveleges nooit opgeven zullen revoluties ook nooit slagen.

Het ANC heeft, naast het bijna niet op te brengen geduld, een hoop problemen op te lossen. Organisatorisch maken ze geen sterke indruk in elk geval. We werden door Wally Serote getracteerd op een ideologisch cultuurpraatje en hij smeekte ons de townships in te trekken om de blijde boodschap te verkondigen, maar na mijn diensten te hebben aangeboden heb ik niets meer vernomen. En Terror zou mij nog bellen over een voetbalwedstrijd. Ik begrijp wel dat er op dit moment andere prioriteiten zijn, waarvan de kwestie hoe men het land economisch gaat inrichten mij de belangrijkste lijkt. Het nationaliseren van de grote ondernemingen lijkt van de baan, maar een vrije markteconomie zal de rijken niet armer maken.

Aan zaken als natuurvervuiling en Aids komt men nauwelijks toe.

Ik vroeg een blanke vrouw achter de toonbank na de aanschaf van nieuwe batterijen of ze de oude weg wilde gooien. Ze nam ze aan en wierp ze in de prullebak. Ik vroeg of ze daarvoor geen speciaal depot had omdat batterijen cadmium bevatten dat heel slecht voor het milieu is. Ze keek me vermoeid aan - "We hebben zoju ist besloten de apartheid af te schaffen, wat nu weer?"

Over Aids heb ik geen voorbeeld.

**OOK SPEELT HET TAALPROBLEEM** een rol. In mijn show, het woord zegt het al, heb ik voor het gemak het Engels gehanteerd en ik vrees dat de praktijk zal worden. Maar troost u, over honderd jaar leren onze kleinkinderen Japans.

De (geprovoceerde) tegenstelling met de kleine Inkatha frustreert het machtige ANC. De ontmoetingen tussen Buthelezi en Mandela lijken toneelstukjes voor de media, in de lagere kaders groeit het onbegrip. Het opmerkelijke is dat het ANC van de blanken verwacht dat ze eensgezind de veranderingen toejuichen, terwijl men er zelf niet in slaagt de eenheid te bewaren.

U merkt dat ik er blind van uitga dat hier in eerste instantie 17 maart Ja gezegd gaat worden, waarna de volledige omwenteling nog slechts een kwestie van tijd is.

Voor veel blanken is dat een schrikbeeld en dat is begrijpelijk. Een baas die zijn hond jarenlang zo geslagen heeft dat hij vals is moet niet raar opkijken wanneer hij de hond wil aaien het beest naar zijn hand bijt. Het idee van Treumicht en Terreblanche om Nee te roepen tegen de verandering lijkt me een dappere zelfmoordpoging. Het is onwaarschijnlijk dat de jarenlang getergde meerderheid nog langer de grootheid kan opbrengen om zich in te houden.

Terreblanche zouden wij in Nederland als een minder geslaagde komiek beschouwen, maar hier is hij levensgevaarlijk. Dat hij van zijn paard gevallen is, is hopelijk symbolisch en doet vermoeden dat dat beest van het ANC is. Het geeft de nieuwe machthebbers de kans hem te eren door bij het omgooien van de gehate monumenten alleen de ruiter om te stoten en het paard te laten staan.

Als je na veertig jaar apartheid de zwarte meerderheid in een positie hebt gedwongen dat geweld hen nog hun enige culturele manifestatie rest, is het logisch dat je bang bent voor de toekomst. Daarom lijkt me een eerste prioriteit de zwarten hun cultuur terug te geven. Kunst, onderwijs en sport verdienen de grootste aandacht zeg ik als voetballer, intellectueel en kunstenaar in de hoop dat de muren snel geslecht worden, zonder geweld.

# brolloks & bittergal

## Dié aarde toe kom het mos simboliék

SO af en toe gebeur daar iets wat 'n voorteken is van dinge om te kom. Soos die vlagpaal wat tydens die Ciskeise onafhanklikheidsviering gebreek en omgeneuk het. Soos Eugene TerreBlanche wat sonder seremonie en met min waardigheid op sy naam geval het toe sy perd hom ten aansien van die nasie afgooi.

By die skrywe van dié rubriek het daar 'n nasionale neerslagtigheid begin neerdaal oor die kanse van 'n goeie ja-stem. Die Ingilse stem nee, sê die ouens wat dink hulle weet.

Dit kan beteken dat die fasciste dalk die wit regering kan oorneem as daar 'n verkiesing is na 'n nee-stem.

Maar dit kan net van korte duur wees. Die ander 37 miljoen Suid-Afrikaners gaan mos nie toelaat dat ons teruggesmyt word in onderdrukking, apartheid, geweld en isolasie nie.

En soos Eugene sal hulle dan uit die saal gelig word - sonder seremonie, sonder waardigheid.

Dis net jammer dat dit waarskynlik met meer bloed gepaard sal gaan as die paar skaafmerke wat Eugene opgedoen het.

Maar waar gaan die Afrikaners se selftrots wees as hulle gaan stem vir 'n bekakiede Boer wat nie eens op 'n perd kan sit nie?

### Toutrek

'n Nederlandse diplomaat sê dié week hy hoor die KP gaan toutrek ons nasionale sport maak: dis die enigste manier waarop 'n mens kan wen deur agteruit te gaan.

### Transvaal was weer Hollands

Die Transvaal was dié week weer 'n bietjie Hollands. Dit was lekker om van die Nederlanders hier te hê vir *Vrye Weekblad* se kultuurfees.

Veral die kabaretster, filmster en komediant Freek de Jonge.

Dit was verfrissend om weer 'n ander soort humor te hoor as die ietwat kru humor waaraan ons gewoond is. En skerp kwinkslae. Soos dat hy aanvaar dat Suid-Afrika 'n baie liberale beleid jeens aborsie het, want ons het nog nooit juis omgegee om kinders dood te maak nie... Soos toe Elsabé Daneel hom Dinsdag op TV1 vra of daar heelwat ooreenkomste is tussen Afrikaners en Hollanders, en hy antwoord: Wel, dit was driehonderd jaar gelede en die Nederlanders het intussen heelwat verander...

Hier is 'n paar De Jonge-storietjies uit een van sy bundels:

Twee Arabieren lopen door de Kalverstraat. Komen ze een man met een bochel (boggelrug) tegen. Zegt die ene Arabier tegen die andere: "Zou zoiets óók handig zijn in de woestijn?"

Er staan 2 flessen melk op de stoep. Zegt de een tegen de ander: "Ik zou best een kindje van je wil hebben." Zegt die andere: "Dat gaat niet want ik ben gesteriliseerd."

Vraagt de chauffeur die zijn langzaam doofwordende baas van zijn werk komt halen: "Zo ouwe rukker, weer de hele dag gezopen en achter je secretaresse aangezeten?" Zegt die baas: "Nee, ik heb een gehoorapparaat gekocht."

Ik zit in de trein van A naar B. Te C stappen in een dominee, een pastoor en een rabbi. De dominee zegt: "Als God niet bestond waren wij reizigers zonder doel." "Sterker nog," zegt de pastoor. "Als God niet bestond zouden wij er niet zijn." Waarop de rabbi zegt: "Nóg sterker, als God niet bestond zou selfs God er niet zijn."

Nog niet zo lang geleden bezocht ik een amateur-voorstelling van het *Dagboek van Anne Frank*. Zo onwaarschijnlijk slecht geacteerd dat toen tegen het einde van de voorstelling de Nazi's het huis binnendrongen het publiek gescandeerd riep: Ze zitten in het achterhuis!"

### Blinkvrywery

Daar is 'n nuwe mode wat Brolloks en Bittergal self sit en dink om te gebruik: die aanstel van 'n skakelpersoon om jou beeld te bevorder.

Soos dominee Izak, redakteur van *Rapport* wat onlangs 'n professionele PR aangestel het om sy beeld te bevorder. Dié persoon is Anke Bekker, wat saam met De Villiers by *Sarie* gewerk het. Sy het 'n kantoor in die Rapport-gebou en moet glo onder meer probeer om hom meer op televisie te kry.

Soos Piet Welgemoed, minister van vervoer, wat vir Elsa Kruger, vir jare lank een van *Beeld* se gewildste skrywers, met dieselfde opdrag aangestel het. (Sy kry glo 'n reusagtige R150 000 per jaar.)

Miskien moet dié here en ander soos hulle onthou: daar is sekere goed wat jy bloot nie kán blinkvryf nie.

HENNIE SERFONTEIN

# het sy oor op die grond

### Nie in die Broeder-stroom

DIS nie altyd dat mens as joernalis verheug is omdat jy 'n fout begaan het nie. Maar dis die geval met die foutiewe stelling wat ek onlangs gemaak het dat Willem Wepener, die gedugte oud-redakteur van *Beeld* en *Rapport*, 'n lid van die geheime Afrikaner Broederbond (AB) is.

Wepener het verlede week woedend gereageer en my ongenadig bygekom - tereg ook.

'n Broederbondlid het 'n paar weke gelede aan my besonderhede verstrek van die organisasie se militante pro-Afrikaner aksie en die advies aan lede daaroor in nuusbriewe einde verlede jaar. Dié lid beweer toe ook dat Wepener 'n lid is.

My onmiddellike reaksie was: Ek glo dit nie. My paaie het dié van Wepener sedert die laat sestigerjare van tyd tot tyd gekruis toe ek by die *Sunday Times* was. Dit was bekend dat hy nie 'n Broeder was nie, en hy het die indruk gewek van 'n besliste individualis - nie 'n ja-broer in die kudde wat sommer maklik met die populêre stroom meegaan nie.

Maar wie was ek om 'n vooraanstaande Broederbonder wat oortuig was hy was reg teen te spreek? Blykbaar is die Broeders en hul organisasie nie meer die goed ingeligte, ge-oliede masjien van die verlede nie.

Jammer Wep, ek moes kon dink dat jy nooit erg aan kinderagtige cowboys en crooks of gemaskerde man-speletjies sou hê nie.

Wepener se boosaardige ontkenning vertel natuurlik een baie belangrike verhaal.

Daar is tienduisende Afrikaners van integriteit vir wie dit 'n skande is as mens hulle sou verbind met kinderagtige geheime organisasies wat onder meer deur baie jare berugtheid verwerf het met geheime knoeiery en die viktimisasie van mede-Afrikaners.

### Beginselvas

Wepener is 'n man wat, volgens sommige, onwrikbaar geglo het in die oudmodiese beginsels van vryheid van spraak en die onafhanklikheid van 'n redakteur.

So het hy in die vroeë sewentigerjare met sy onverskrokkendheid naam gemaak toe hy beginselvas tegelykertyd vir sowel John Vorster as Marius Jooste, die legendariese maar outokratiese besturende direkteur van Perskor - mede-eienaar van *Rapport* - na die warm plek gestuur het.

Dit het my nou ontgaan presies waaroor die konflik gegaan het, hoewel ek breed daaroor berig het in die *Sunday Times*. Op 'n bepaalde Saterdagaand storm Jooste die perseel van *Rapport* se drukpers binne omdat Vorster kapsie sou gemaak het teen 'n bepaalde voorbladberig.

Toe Wepener net daarna daar instorm en ontdek dat die drukpers gestop is, het hy Jooste woedend gekonfronteer. Solank ek die redakteur is, besluit ek wat gepubliseer word. Nie die besturende direkteur of enigiemand anders kan bevele gee nie, was die trant van sy boodskap toe hy Jooste letterlik aan sy broek uitgesit het.

### Riem onder NP-hart

Die teenwoordigheid van Alwyn Schlebusch, die gewese vise-Staatspresident, by die byeenkoms Maandag op Kroonstad waar FW de Klerk gepraat het, moes vir die NP 'n riem onder die hart gewees het.

Want dit was slegs 'n dag ná die bekendmaking van oud-staatspresident PW Botha dat hy gaan nee stem.

Schlebusch, wat dit duidelik maak dat hy gaan ja stem, het as 'n gedugte politikus en leier van die NP in die Vrystaat in 1978 'n sleutelrol gespeel om te verseker dat PW Botha vir John Vorster sou opvolg.

In 'n gesprek met Schlebusch die aand ná De Klerk se besoek, vertel hy my hoe hy op sy dag ook sy bydrae gelewer het om die weg tot die nuwe politieke bedeling voor te berei.

Hy het verwys na 'n opmerking van De Klerk vroeër die dag dat die nuwe beleid reeds vanaf 1986 kom, toe aanvaar is dat Suid-Afrika een onverdeelde land is.

As voorsitter van die Presidentsraad het hy in 1983, toe 'n demografiese verslag verskyn het, besef die dae van apartheid en die tuislande is iets van die verlede.

"In 'n omstrede toespraak in 1983 voor die Rapportryers het ek die harde werklikheid uitgespel. Toe sê ek die enigste uitweg was om 'n politieke stelsel van magsdeling tussen al die groepe en mense daar te stel wat gestruktureerd toegepas moes word. Daardie toespraak was die begin van die proses wat tot die besluit van 1986 gelei het," sê hy.

Met 'n wrang laggie vertel Schlebusch ook hoe onthuts sommige van sy kabinetskollegas - sommige wat vandag steeds daar is - oor dié toespraak was.


### Luister na die werkers

Ek wens party van my blanke vriende met hul puristiese politieke beginsels en sogenaamde sielswroegings om te stem of nie te stem nie, kon luister na wat gewone werkers - pompjoggies in dié geval - dié week in Kroonstad aan my gesê het.

Trots erken hulle hul ANC-lidmaatskap en dat hulle vir Terror Lekota goed ken. Hulle wys bekommerd na die KP-plakkate.

Maar wat sê hulle daarvan dat dit net 'n wit referendum is met swartmense uitgesloten? "Meneer, sê vir die witmense hulle moet gaan ja stem, anders gaan baie mense sterf," sê die een.

Vir gewone swartmense is daar geen intellektuele debatte te voer soos baie blanke aktiviste in hul knus wêreld nie. Hulle weet te goed uit bittere ervaring dat 'n KP-oorwinning beteken hulle is eerste aan die ontvangskant van regse rassisme, veral in die plattelandse gebiede.



# gay

## suid-afrikaners

Een uit elke tien mense is homoseksueel, wys navorsing - dus sowat 500 miljoen wêreldwyd. Hul lot wissel van aanvaarding in sommige gemeenskappe tot onderdrukking en verwerping in repressiewe samelewings. Suid-Afrika is 'n besonder repressiewe samelewing, bevind dr Gordon Isaacs, hoof van die Skool van Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Kaapstad, en dr Brian McKendrick, in dieselfde pos aan Wits, in 'n indringende studie van manlike homoseksuele wat pas gepubliseer is: **MALE HOMOSEXUALITY IN SOUTH AFRICA - IDENTITY FORMATION, CULTURE, AND CRISIS** (Oxford University Press). Die studie is veral toegespits op wit en bruin homoseksuele mans. 'n Omvattende studie moet nog gedoen word van Suid-Afrikaanse lesbiërs en swart homoseksuele. **JOHANNES BRUWER** doen verslag van hul bevindings



(Foto: Paul Grendon - Southlight)

Brian McKendrick  Gordon Isaacs

**OMTRENT** 4 miljoen Suid-Afrikaners, word bereken, is homoseksuele mense - mans en vroue. Sowat een uit elke tien mans is homoseksueel.

Dié mense loop almal deur onder wetlike en maatskaplike diskriminasie teen hulle. Baie van hulle hou daarom hul seksuele oriëntasie geheim - dié wat openlik aan die gay subkultuur deelneem, is 'n klein minderheid, skryf drr Gordon Isaacs en Brian McKendrick.

Die Suid-Afrikaanse samelewing, bevind hulle, verwerp homoseksuele verhoudings as "onnatuurlik" en neem 'n antagonistiese houding jeens homoseksuele aan. Dit word dikwels in fisieke aggressie uitgedruk ("gay bashing"). Homoseksualiteit word as "ongewens" en 'n "bedreiging" vir die samelewing beskou.

Homoseksuele mense word in 'n negatiewe lig gestereotipeer en dikwels geviktimiseer - nie net deur fisieke aanranding nie, maar ook deur verwerping en afdanking. (Die skrywers noem byvoorbeeld 'n man in Kaapstad wat binne twee jaar twee keer sy werk verloor het toe sy werkgewers ontdek het hy is gay. Saam met sy werk het hy sy selfrespek verloor: "I felt like a fraud, and that my whole world had collapsed.")

Talle homoseksuele ervaar dergelike identiteitskrisisse weens konflik met die samelewing - maar gaan soek hulle hulp by sielkundiges of terapeute, loop hulle hulle dikwels ook vas in homofobie, skryf Isaacs en McKendrick. Hoewel die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging lankal besluit het om homoseksualiteit van sy lys van "geestessiektes" te verwyder en as 'n geldige vorm van seksualiteit te beskou, neig Suid-Afrikaanse terapeute om homoseksuele as "onvolwasse" en "neurotiese" mense te beskou en pas hulle 'n verskeidenheid van metodes toe om hulle te "korrigeer" - skokterapie, chemoterapie en weersinsterapie inkluis.

Die vrees vir homoseksualiteit kenmerk ook baie ouers, sê die skrywers. Die eerste reaksie wanneer ouers ontdek hul seun is gay, is dikwels om hom sielkundig te laat probeer behandel sodat hy kan "verander". Dit veroorsaak groot krisisse, want homoseksuele kan in werklikheid geen keuse uitoefen oor hul seksualiteit nie.

**IN SUID-AFRIKA** beskerm die wet homoseksuele nie teen dergelike diskriminasie nie. Inteendeel, dit omskryf aspekte van hul seksualiteit as "onnatuurlik", "immoreel", "krimineel" en strafbaar.

Diskriminasie veroorsaak ook dat die wet nie konsekwent is nie: 'n man mag wettige omgang met 'n meisie hê as sy sestien is, maar met 'n seun eers op negentien. Sommige seksuele handelinge, soos sodomie, wat tussen man en vrou sedert 1961 toegelaat word, is tussen mans nog strafbaar. (Dit lyk egter of die howe 'n meer toegeeflike houding aanneem wat dit betref).

Wedersydse masturbasie tussen mans of friksie van die penis tussen 'n ander man se dye is in die hof al as "onnatuurlik" bevind. Mondelingse seks (fellatio) tussen twee mans kan krimineel wees en is al in die hof as 'n onnatuurlike misdryf bevind.

Mans mag byvoorbeeld ook nie met mekaar vry op 'n party nie (die wet omskryf 'n "party" as 'n samekoms van meer as twee mense).

Isaacs en McKendrick wys uit dat die wette op homoseksualiteit nie noodwendig neerkom op 'n aktiewe heksejag teen homoseksuele nie en dat die vertolking van die gemenereg (wat "onnatuurlike" seksdade verbied), byvoorbeeld, veranderlik kan wees. Baie homoseksuele lewe hul verhoudings ongehinderd uit, mits hulle dit privaat hou.

"Nietemin kom die situasie van wetlike dubbelsinnigheid daarop neer dat homoseksuele tot die slotsom gekom het dat hul gedrag kriminele straf regverdig en daarom aangeleer het om die wet te vrees." Die wetlike onderdrukking van homoseksualiteit in Suid-Afrika gee in die openbare mening 'n kriminele aura aan die homoseksuele geaardheid self. Dié mening word deur homoseksuele ingeneem - sodat hulle hulself dikwels in 'n "kriminele" lig beskou, selfs al is hulle doodgewone, wetsgehoorsame mense. Dit dra by tot 'n negatiewe selfbeeld.

"Dit verhinder die vrye uitdrukking van indentiteit-omskrywings, soos die spontane uitdrukking van liefde, die vermoë om intieme ervarings met gesinslede en vriende te deel en die vermoë en sekuriteit om 'n polities geldige mens te wees in die konteks van onderdrukking." Homoseksuele leer by die samelewing om hulself te haat, skryf Isaacs en McKendrick.

**SO SWAK IS** die selfbeeld van Suid-Afrikaanse homoseksuele dat daar selfs noudat die land worstel met die uitwissing van diskriminasie en die skepping van 'n regverdige bestel, nog geen sterk verenigde front van homoseksuele na vore getree het om gay regte te beding nie.

Suid-Afrikaanse homoseksuele beleef in dié opsig 'n groot agterstand teenoor homoseksuele mense in Amerika en Wes-Europa, waar gay regte-bewegings al in die jare sestig en sewentig sterk na vore getree het en waar wegbeweeg is van wetlike diskriminasie teen homoseksuele na die teenoorgestelde: wetlike beskerming van hul regte.

Dergelike wetgewing in Suid-Afrika sal 'n belangrike deurbraak wees, sê McKendrick in 'n gesprek met VWB. Al sal dit nie noodwendig die maatskaplike vooroordele teenoor homoseksuele uitwis nie, kan dit verhinder dat homoseksuele die slagoffers word van dié vooroordele. Die dekriminalisering van homoseksualiteit sal homoseksuele ook help om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel.

**EEN VAN DIE REDES** vir die heersende homofobie in Suid-Afrika, sê McKendrick, is dat homoseksualiteit verkeerd as 'n bedreiging beskou word vir die gevestigde heteroseksuele orde en die voorsetting daarvan.

"Die samelewing - en veral sekere godsdienstige groepe - meen die aanvaarding van homoseksualiteit en die beskerming van homoseksuele se regte sal die heteroseksuele maatskaplike orde 'ondermyn'. Homoseksualiteit word ook beskou as 'n bedreiging vir die voortplanting van die menslike spesie," sê hy.

"Maar dis 'n mistasting - ons kon geen bewyse vind dat homoseksuele vermeerder in samelewings waar gay regte beskerm word nie. "Inteendeel: die persentasie homoseksuele in alle hedendaagse samelewings wat bestudeer is (wat wissel van ontwikkelde lande tot landbou-samelewings) is min of meer dieselfde en bly boonop konstant met verloop van tyd - gemiddeld sowat tien persent. Die hoogste verhouding wat gevind is, is een uit elke agt mense."

Die onderdrukking van homoseksualiteit verminder ook nie die aantal homoseksuele nie. Homoseksuele het geen keuse oor hul seksuele oriëntasie nie. Hulle kan dit nie verander nie, selfs al sou hulle wou. "Dis 'n onbegonne taak," sê McKendrick.

"Al doel wat die wetlike en maatskaplike repressie van homoseksualiteit in Suid-Afrika dus dien, is om enorme - en onnodige - lyding vir homoseksuele te veroorsaak, en om hulle te dwing om hul seksuele oriëntasie geheim te hou.

"Die aantal homoseksuele in Suid-Afrika wat hul seksuele identiteit bekendmaak en aan die gay subkultuur deelneem, is 'n fraksie van die geheel. Baie homoseksuele mense neem onder druk van die samelewing 'n 'heterosekuele' identiteit aan, trou en kry kinders. Ander verswyg hul seksuele identiteit - of ontken dit selfs teenoor hulself."

**BAIE SUID-AFRIKANERS** versoen hulle gevolglik eers laat in hul lewe met hul homoseksualiteit. Isaacs en McKendrick noem die geval van 'n onderwyser in sy laat vyftigerjare wat

na bladsy 16

# the debate over 'causes'

**Many gays regard the search for 'causes' of homosexuality as irrelevant - they are more concerned with the causes of homophobia in society. Internationally (though it seems not always in South Africa) psychologists agree that homosexuality is not a 'mental aberration', but a valid part of human sexuality. Yet the search for origins continues**

**"THE** 'cause' of homosexuality, as in the last analysis the cause of every human condition, is no more and no less than the successful procreation between a man and a woman, resulting in off-spring," Isaacs and McKendrick write.

The exact reasons why some individuals develop a heterosexual identity and others a homosexual or bisexual identity have not been determined. However the authors - who focus on the development of homosexual identity and the crises homosexuals experience because of conflict with an antagonistic society - say their research has disproven many wide-spread conceptions about the "origins" of homosexuality.

These myths include the common notions that homosexuality is caused by:

- A domineering mother (or a cold and distant father).
- The absence of one or both biological parents.
- Unhappy family or childhood circumstances.
- The seduction or "influencing" of children by experienced homosexuals.

In fact many homosexuals come from happy, close-knit families and as children enjoyed a loving relationship with both their parents, the authors say.

Most of the respondents in a study of 90 homosexual men in Cape Town said the development of a homosexual identity "just happened", without any traumatic factor being singled out as the "cause".

According to the authors the development of a homosexual identity does not happen suddenly, but is a complex, ongoing process, which may take different paths in different individuals depending on the crises they experience in interaction with their social environment.

**BESIDES THE VIEW** that the formation of a homosexual identity depends on environmental or cultural influences, some theorists suggest that genetics may predispose the individual towards such an identity.

"It's possible," says McKendrick - but he emphasises that this theory has not been proven by any evidence. In extensive research Isaacs and he found no evidence that homosexuality has a hormonal or genetic cause.

McKendrick is sceptical of the findings of two US studies published late last year - which featured prominently in the cover story of a recent issue of *Newsweek*.

In the one study - of sets of identical twins - psychologist Michael Bailey of Northwestern University and psychiatrist Richard Pillard of the Boston University School of Medicine found "that if one identical twin is gay, the other is almost three times more likely to be gay than if the twins are fraternal - suggesting that something in the identical twins' shared genetic makeup affected their sexual orientation." (*Newsweek*, February 24, 1992.)

"A fatal flaw in this study," says McKendrick, "is that the identical twins were brought up in the same family surroundings - which could also point to their homosexual identity being developed because of identical environmental influences. "For such a study to be conclusive, one of the set of identical twins would have to be brought up in a different setting than the other."

**IN THE OTHER** study, neuroscientist Simon LeVay - who is gay and says "I'm very much sceptical of the idea that sexual orientation is a cultural thing" - examined the brains of 41 cadavers, including 19 self-avowed homosexual men, 16 heterosexual men and 6 heterosexual women. All the homosexuals had died of Aids, as had several of the heterosexuals, including one of the women.

With some exceptions, LeVay found that the cluster of neurons known as INAH 3 (the third interstitial nucleus of the anterior hypotholamus, which is believed to control sexual activity) was more than twice as large in the heterosexual males as in the homosexuals, whose INAH 3 was about the same size as in the women.

LeVay added the caution: "What I reported was a difference in the brain structure of the hypotholamus. We can't say on the basis of that what makes people gay or straight".

The *Newsweek* article also pointed out several criticisms of LeVay's study. One criticism - with which McKendrick agrees - is that Aids could have affected the brain structure of the subjects. "Only a quarter of the heterosexual man had not died of Aids, so a study of healthy brains is really needed to serve as control," McKendrick says.

Another major criticism is that sexual orientation could have affected the brain structure. Much evidence has shown that the brain's neural networks reconfigure themselves in response to certain experiences. In people reading Braille after becoming blind, for instance, the area of the brain controlling the reading finger grows larger.

McKendrick adds that the brain can also reconfigure itself after physical damage, with other parts taking up the function of the damaged parts. He says: "It is in many respects problematical to link homosexual identity - which involves much more than physical sexuality - to a specific cluster of brain cells." Besides the desire for pleasure, sexuality also has a symbolical and ideological content which is culturally determined.

*Newsweek*: "LeVay knows he is somewhat vulnerable on that score. Because his subjects were all dead, he knew 'regrettably little' about their sexual histories, besides their declared or presumed orientation. 'That's a distinct shortcoming of my study,' he concedes. Did the gay men play the passive or aggressive roles in sex? Were some bisexual, another variable, and could that have affected their neuron clusters? To find answers, LeVay plans next to study living subjects with the new MRI (magnetic resonance imaging) technology."

**LESBIANS ARE ALSO SCEPTICAL** of LeVay's study, *Newsweek* reports. Frances Stevens, editor of the lesbian news magazine *Deneuve*, asks the pertinent question: If the brain cluster concerned is bigger in heterosexual males than in homosexual males, what's the case with lesbians - is it the same size as a heterosexual male's?

The article says many gay people feel that looking for a "cause" of homosexuality implies that it is deviant and that heterosexuality is the norm.

Much confusion lies in the association of homosexual behaviour with mental abnormality, Isaacs and McKendrick emphasize in their book. From a psychological viewpoint homosexuality is not regarded as an abnormality.

"While it is true that in isolated instances homosexual behaviour can be exhibited by persons with personality disorders, the same is true of heterosexual behaviour. The overwhelming majority of homosexuals are mentally healthy people," the authors write.

They say: "Homosexual identity can more correctly be seen as part of the wider spectrum of human sexuality in general."

# cultural piracy?

"THE gradual encroachment upon the gay sub-culture by fringe or alternative people, who have been seen to penetrate the sacred boundaries of camping, has created another form of crisis," write Isaacs and McKendrick.

"The expressive artefacts and concrete objects used in the sub-culture have acquired the same or similar meanings in the wider culture. No longer are earrings, tight pants, crotch-emphasizing clothes, rings on little fingers, and coloured handkerchiefs in back pockets the prerogative of the gay sub-culture.

"The process of stylization and iconography, once the hallmark of the gay mystique and identity, has been absorbed into the wider youth culture, thereby making it more difficult for gays to identify with their own kind."

van bladsy 15


"skielik" sy vrou en gesin vertel het hy is gay, sy huis verlaat het en begin omgaan het met homoseksuele mense. Binne drie maande het hy 'n nuwe leefwyse ontwikkel en selfs op sy laat leeftyd was dit vir hom 'n groot verligting om "uit die kas" te kom. Hy voel egter nog bitter oor die heteroseksuele beeld wat hy by die werk moet volhou en glo nie hy sal sy "nuwe" identiteit openlik bekendmaak voordat hy afgetree het nie.

Die homofobie in Suid-Afrika veroorsaak dat die bydrae wat baie homoseksuele tot die samelewing sou kon lewer, verspil word, sê McKendrick.

"Baie homoseksuele wat byvoorbeeld onderwysers wou word, besluit daarteen weens die groot agterdog jeens hulle. Daar bestaan 'n vals stereotipe dat hulle kindermolesteerders is en die kinders sal verlei.

"Dié siening berus op heeltemal ongegronde diskriminasie. Heteroseksuele onderwysers word nie met dieselfde vrees beskou nie. Die kanse dat hulle kinders sal molesteer, is dieselfde - en daar is baie meer van hulle."

"'n Verandering in die maatskaplike houding jeens homoseksuele sal kon meebring dat talle mense pleks van pyn en verwerping te ervaar, hulself en hul talente positief sou kon ontwikkel tot voordeel van die maatskappy."



Drie homoseksuele mans vorm 'n verenigde front op 'n byeenkoms in Rusland

# coming out of the closet

**THE** mean age at which homosexual men in South Africa "come out of the closet" - acknowledge to themselves and sometimes to others that they are gay - is 22 years, Isaacs and McKendrick found in a survey of homosexual men in Cape Town.

Only three of the 90 respondents in their study said they came out when aged between 10 and 14 years, and eight in their thirties and forties.

The mean age at which South African homosexuals come out is higher than in America, where gay mens often "come out" in their teens.

"This could be attributed to the fact that laws affecting homosexuals in South Africa are ambivalent and repressive," Isaacs and McKendrick write.

"Unlike the North American situation, where the homosexual liberation movement contributes to the coming out process (in the sense that coming out becomes a shared, public experience), collective homosexuality in South Africa is still in the embryonic stages of development in respect of public coming out."

The reasons for this include:

- The lack of a unified, national homosexual liberation movement;
- The absence of legislation to counter discrimination;
- The general lack of support for homosexual identity and commitment;
- Societal disapproval (including the fear of parental disapprobation), which tends to delay the coming out process; and
- The dearth of supportive organisations which could provide role modelling and care, including counselling units.

**THE REPRESSION** of homosexuality in South Africa is also evident in the fact that coming out constituted a crisis for more than half the respondents. Many were disturbed because they feared the threat of legal or police action, the leading of a double life (in which they would be "straight" in their work situation), the loss of employment, or because they felt the need to father or parent children.

For many homosexual men the crisis of coming out does not pass quickly. It is often protracted, the authors say, with negative consequences for their identity formation. Some consider suicide.

Most of the respondents gave multiple reasons for recognizing that they were gay. The most common reasons were that "it just happened" (49 per cent) without attributing it to any single cause, and that they "sought out other gays" (46 per cent). 14 percent said a special person (close friend/family member/another gay man) helped to facilitate the coming out process.

Only 9 percent of the respondents said their coming out had been "forced upon" them. "Although these few responses came from respondents who indicated that they had been seduced or raped in childhood, such sexual exploitation cannot be regarded as a wide-spread, specific feature that determines homosexual identity," the authors write.

"The findings of this study contradict certain stereotypical myhts which hold that homosexuality is caused through the 'corruption' of children by 'perverted' adults. Traumatic personal experiences in childhood must be seen only as possible predisposing factors, and must be placed within the entire repertoire of experiences.

"This point has relevance for the recent upsurge in public concern about, and police involvement in, cases of alleged child abuse and sexual molestation. Some public opinion has it that child molesters (or paedophiles) are homosexuals who were themselves seduced as children, and that they are thus perpetuating a pattern of learned behaviour. However, the findings of this survey suggest that childhood sexual abuse per se does not have a major bearing on homosexual identity."

**TWO-THIRDS** of the respondents first became aware of attraction to people of their own gender when they were aged between 10 and 19 years. The mean age was 13 years. Two respondents claimed to have experienced an attraction as early as infancy (0-4 years), "but such early awareness is not uncommon", the authors note.

A further 21 per cent gave their age at first attraction as between five and nine years, with the age of seven recurring frequently.

Three per cent of the respondents experienced first awareness as late as 25-9 years. "Such late recognition is also not uncommon for some homosexual people," the authors write, and is often the result of sexual fantasies and desires being deeply repressed, and surfacing on exposure to the gay sub-culture."

None of the respondents had first become aware of same-gender attraction at an age later than 30 years - though 2 had only acknowledged these feelings ("come out") over the age of 45 years.

# from mauve to moffies?

**"MOFFIE"** is a common South African term referring to a male homosexual, the authors write. Its origin is commonly believed to be the Afrikaans word "mof" (plural "mowwe") which refers to a cross-breed of indigenous and European cattle.

A more romantic origin of the term is advanced by a well-known South African actor who, in an interview with one of the writers, suggested that the word "moffie" emanated from the vibrant gay culture of Cape Town's District Six, where he grew up as a child. The word, according to him, is a derivation of the French word "mauve", literally translated into colours of mauves and pinks.

Gay dances, drag shows and Mardi Gras incorporating cross-dressing were part of the Cape flavour in the 1950s and 1960s. With forced removals, the majority of "coloured" gay people became ghettoed on the Cape Flats, the authors write.

However, gay festivities have not died out. A discotheque in Salt River, adjacent to the suburb of Woodstock, on occasions hosts drag competitions for so-called "coloured" gays.

In September 1988 one of the writers attended such a performance. Of note was the number of families of gay participants who offered not only their moral support, but who applied make-up and who helped to costume the sons. A follow-up competition was subsequently held in the Cape Town City Hall. A gala evening was arranged in the form of a "Miss Gay Universe" pageant. A capacity crowd gathered to watch the non-racial contest.

"The writers believe in the importance of narrating these events, for they contradict some of the more widely held myths that homosexual behaviour is 'forbidden' and 'non-expressed' in the so-called 'coloured' communities."

* Though the authors made no systematic study of the African homosexual sub-culture, they write: "Soweto reputedly has 15 small shebeens and music halls exclusively for African gays. In Cape Town, a new group of African gays has recently emerged under the title of the African Gay Association (AGA), and has an active membership of up to 70 persons."

# gay-speak

In their book Isaacs and McKendrick provide a glossary of gay vernacular in use in South Africa. An interesting feature is the use of female names in a symbolic context. A few examples:

**Agatha** - a person who gossips, usually maliciously
**Aida** - a person with Aids
**Bella** - to be beaten up; a person who beats up homosexuals
**Clora** - a "coloured" homosexual
**Cora** - a person who is common
**Debra** - depressed, usually used in relation to depression over a relationship breakup
**Delia** - an excessively dramatic person (also known as a drama queen)
**Dora** - alcohol; hence the phrase "he is dora'd" for "he is drunk"
**Ethyl** - elderly
**Fiona** - wanting to have intercourse with a man; to have intercourse
**Gail** - to talk; to have a chat
**Hilda** - a physically plain and unattractive person
**Iris** - an Indian homosexual
**Laura** - a lover
**Lettie** - a lesbian
**Lily** - the law; the police
**Marie** - an eccentric or "mad" person
**Monica** - a woman having a menstrual period; alternatively a teasing term for a "femme" person
**Natalie** - a black homosexual
**Nora** - an unintelligent person
**Olga** - to be organized
**Olive** - a very beautiful man
**Penelope** - to urinate
**Priscilla** - a police officer; "the law"
**Reeva** - revolting
**Sally** - to perform fellatio
**Stella** - a dishonest person; one who steals
**Suzy** - to tease a person
**Ursula** - a heterosexual person unsympathetic to homosexuals
**Wendy** - a white homosexual

The authors note: "Attention is drawn to the common feature of feminizing the male pronoun with 'she'. This is a generic pattern of referring to all homosexuals, and not only to those who are effeminate by appearance. It seems to represent a form of gay solidarity, and is used by a wide spectrum of the gay population, who also use gay and moffie interchangeably to indicate a homosexual person."

# 'n tyd van krisis

**Vir baie mense behels dit 'n krisis om hul homoseksualiteit te aanvaar en "uit die kas te klim", skryf Isaacs en McKendrick. Die homoseksuele mens moet nie alleen self tot versoening kom met 'n identiteit wat deur die samelewing afgekeur word nie, maar moet dit ook oorweeg of hy sy gesinslede en vriende daaroor moet inlig, of 'n deel van homself geslote moet hou. In die aangesig van maatskaplike homofobie word onsekerheid dikwels ervaar oor wat die reaksie sal wees - selfs van die ouers. JOHANNES BRUWER gesels met vier Afrikaanse studente van Johannesburg wat voor die probleme te staan gekom het, en hulle nog nie almal te bowe gekom het nie**

WILLEM is 22, Karel 20, Jannie 21 en Pieter 22. Al vier het maar betreklik onlangs tot versoening begin kom met hul seksuele oriëntasie. Twee verkies om nie hul ouers te vertel nie. Een het sy ouers vertel, maar dit het 'n dilemma opgelewer. Een het 'n hegter verstandhouding met sy ma ontwikkel nadat hy haar vertel het. Van hul vriende op kampus kry hulle wisselende reaksies.

**Pieter:** Ek's nie bang nie... of ja, ek is bang. Ek dink regtig nie dis nodig om my ma te sê nie. Ek dink my ma gaan verskriklike bad vibes kry as ek haar moet sê en ek dink nie dis nodig dat sy daardeur moet sit nie. Daar was al tye dat ek my ma wou vertel van my ervarings, dat ek goed met haar wou deel, maar ek vind genoeg kompensasie by my vriende vir wie ek dit wel kan vertel.

Ek sou werklik graag wou gehad het dat my ma moes weet. Maar ek sal dit nie kan doen nie.

**VWB: Dink jy nie jou ma weet nie?**

**Pieter:** Ja, ek dink enige ma weet, maar daar is 'n groot verskil tussen weet en vertel, 'n baie groot verskil.

**Karel:** Ek sou baie graag my ouers wou vertel, maar dit sou baie traumaties wees. Ek dink ook my ma weet, maar ek dink dis vir haar makliker om te weet sonder om dit regtig hoef te erken. Ek self het lank geworstel. Ek wou nie gay wees nie, want dit is nie "reg" nie, dit is nie "normaal" nie, dit is nie die konsep waarmee ek grootgeword het nie. Ek het dit geweldig ontken. Ek het werklik probeer om myself te oortuig, wel vrouens is net die in-ding.

Dit het my 'n hele paar jaar gekos om by die punt te kom dat ek teenoor my self kon erken daar is niks wat ek daaraan kan verander nie, dis hoe sake staan. Dit het gebeur as gevolg van 'n persoonlike krisis, maar dit was vir my 'n groot verligting ook. Nogal heelwat hang-ups wat jou van jou afrol. Dit het myself baie meer vryheid gegee om myself te leer ken.

Ek was toe twintig. Hoewel ek reeds seksueel aktief was, het ek steeds pobeer sê: wel, ek het net daarmee geëksperimenteer, ek moet daarvan wegbreek, dit was net per ongeluk.

**Jannie:** Ek sal ook nie my ma sê nie. My ma is 'n haarkapster. Sy het deur 'n bad patch gegaan met gay haarkappers. Sy werk in kompetisie met hulle. Sy het nie 'n baie positiewe beeld van hulle nie.

**Willem:** Ek het net 'n ma, my pa is al dood. Ek het haar ses maande gelede gesê. As ek dit nie sou doen nie... Ons verhouding is op so 'n basis gebou dat dit my heeltyd gepla het. Daar was die heeltyd konflik... spanninge wat opgebou het en ek het geweet waaroor dit is. Ons het altyd 'n oop verhouding gehad. Ek wou ook nie hê sy moet uitvind deur 'n ander mens nie.

Sy begin dit nou eers rêrig verwerk. Sy besef nou eers wat het gebeur. Sy weet ek lewe volgens redelike beginsels. Sy weet ek sal nie dinge doen waarvan ek onseker is nie. Sy het sekere dinge wat haar pla - van godsdiens, van heteroseksualiteit, van pasop vir Aids... Ek dink my ma het goed daaroor gekom. As gevolg van krisis-omstandighede is sy gekonfronteer met iets wat sy nie heeltemal verstaan nie, maar terselfdertyd is ons te na aan mekaar dat sy my kan verwerp.

Sy het nog altyd 'n redelik positiewe beeld van my. Sy is voorheen al van tyd tot tyd gekonfronteer met homoseksualiteit. Ook in my vriendegroep het sy 'n taamlike verskeidenheid van gay persoonlikhede ontmoet. Hulle het eintlik die werk vir my gedoen. Ek kon my ma "anoniem" aanspreek oor homoseksualiteit. As sy daaroor praat, kan ek vir haar verduidelik aan die hand van 'n "vriend".

**Jannie:** Ek het vroeg al geweet van die verskille en getwyfel. My verhouding met my ouers was ook baie oop. Ek het redelik vroeg al die onderliggende dinge aan hulle begin uitwys. In 'n stadium was daar 'n taamlike krisis en toe het dit eenvoudig uitgekom. Ek was so 18, 19. Die ding is: hulle het basies geïgnoreer wat ek gesê het. Tot vandag toe... Dis asof hulle dink: ag, dis nog 'n fase.

Obviously pas dit nie in hul verwysingsraamwerk nie. Hulle reken: ag, 'n voorbeeldige kind sal daaroor kom. Ek weet rêrig nie wat hul houding sal wees nie. Ek glo nie dit sal dieselfde wees nie. Dit sal tien teen een meer van 'n uitbarsting wees. Maar ek dink tog hulle sal dit ook kan hanteer.

**Willem:** Miskien is ek gelukkig dat ek nie my pa hoef te konfronteer nie, omdat hy al dood is. Ek weet dit sou 'n bad vibe-situasie gewees het. Enige halwe insinuasie op skool wat enigsins kon wys het in die rigting dat ek nie net iewers gay is nie, maar half verfynd, het my pa ontsaglik gepla. My pa was 'n doodgewone, stereotipiese, baie manlike rugby-speler - en kleredrag en vrou en godsdiens en gesin is alles volgens daai rol ingeklee. Dit sou 'n wiel om my nek gewees het om hom te konfronteer.

**Pieter:** My pa is ongelooflik lief vir my. En ek dink as ek genoeg guts bymekaar skraap, sal ek hom kan sê. Maar ek dink nie dit sal so eksplisiet wees nie. Ek het rêrig geen begeerte om my ouers te skok nie. Ek het hulle net eenvoudig te lief.

Daar's soveel negatiewe beelde wat saamhang met die konsep gay. Dis iets wat baie moeilik is om af te breek, want jy kan nie eintlik feitlike kontra-evidence gee nie. Dis baie moeilik. En ek dink dit sal 'n onbegonne taak wees om al daai goeters in my ouers af te breek.

**Willem:** Dis moeilik. Vir my ma wek die begrip homoseksualiteit allerhande beelde - van pedofiele, allerhande moorde, drag, vattery, 'n absolute totale seksuele losbandigheid. Sy ken al die sosiale mites, sy moet daarmee sukkel.

Die punt is, ek dink jou ouers het reeds 'n persepsie van jou. Hulle weet wie jy is. Ek is seker as jy hulle gaan vertel jy is iemand anders, gaan hulle moontlik skrik. Maar ek glo nie dit hoef te gebeur nie.

Daar's net een manier waarop jy nie jou ouers se vertroue in jou gaan verloor nie - deur te bewys dat jy nog al die tyd jouself is. Hulle verwag dat jy binnekort 'n vreeslike verandering in jou lewe gaan ondergaan - dat jy môre 'n sex change gaan hê. Al dié mites moet aan hulle verduidelik word en al manier waarop jy dit kan verduidelik, is deur te verwys na jouself. My verhouding met my ma het baie verbeter sedert ek haar vertel het - ek dink dit verbeter omdat jy mekaar beter leer ken.

**Pieter:** Ek ervaar dié probleem by 'n paar van my vriende. Hulle bou 'n vriendskap met jou op, soms selfs 'n baie persoonlike vriendskap. En die oomblik dat jy uit die kas kom, is daar onmiddellik 'n afstand. Hulle dink: daar gaan nou iets anders gebeur. Ek het dit met 'n paar van my vriende ervaar. Maar jy is tog steeds maar net dieselfde mens as die doodgewone ou met wie hulle in 'n alledaagse situasie bevriend geraak het.

Hulle vergeet alles anders en dink net aan my seksualiteit. Seksualiteit word dan oorbeklemtoon, dit ruk heeltemal hand-uit. Dit is nie so 'n groot deel van my persoonlikheid nie. My seksualiteit kom in elk geval nie ter sprake in my vriendskappe nie, maar my ander fasette, my belangstellings. Maar skielik word jou hele verhouding anders en party mense ignoreer jou heeltemal.

Ek dink homoseksualiteit is 'n vreeskonsep in die samelewing. Te veel mense is bang om daarmee gekonfronteer te word.

**Karel:** Daar's sekere mense vir wie ek dit kan sê en baie ander wie se vriendskap ek op daardie oomblik sou verloor. Die hele konsep van homoseksualiteit is vir baie mense 'n gevaar, dit weerspreek hul hele konsep van wat jy moet wees, hoe mense moet wees, hoe die samelewing moet wees.

**Pieter:** Gay mense is daarom geneig om nadat hulle hulself gekonfronteer het met die feit, in baie eksklusiewe groepe in te beweeg. Dis jammer, want ek dink daar is baie straight mense met wie 'n mens ongelooflike vriendskappe sou kon gehad het. Ek wil nie elke man in die straat loop verlei nie - en mense is regtig bang daarvoor. Ek is nie 'n bo-menslike seksuele wese nie. Ek is net nog 'n mens. En dit is vir my rêrig jammer ek kan my heteroseksuele vriende op my hande tel. Maar dis doodeenvoudig makliker om net met gay mense te meng.

**Willem:** Hier sit ons, die arme moffies van die samelewing. Ons moet actually vir ons vriende gaan vertel: hallo, hoezit, ons is gay. Ons kan nie net wees nie. Ek dink dit dis die eerste diskriminasie-stap. Heteroseksuele ouens hoef nie vir my te kom vertel, hallo, ek's heteroseksueel nie. Dis die beginsel wat my kwaad maak. Ek sal seker nog my kop stamp daarmee. Sekere mense het 'n aanname dat jy dalk skeef kan wees. En al manier waarop jy hulle kan vertel, is om 'n oordrewe ernstige "onthulling" te doen. Die erns van die situasie: ons moet nou hieroor praat, sit dadelik half 'n plakkertjie op: iets gaan nou verander. Dis so ernstig dat dit 'n konfrontasie moet wees, dit kan nie maar net by the way wees nie.

**Pieter:** Maar as ek rêrig close raak met 'n vriend, dan wil ek dit graag uitlig en dan aangaan met my lewe.

**Karel:** Ek verkies om mense te vertel met wie ek close sosiale bande het. As ek 'n close relationship het met 'n vriend, wil ek met 'n normale sosiale verhouding met daardie mens aangaan. En om heeltyd voor te gee dat ek nie gay is nie, sal nie werk nie.

**Jannie:** As ek van ander mense verwag hulle moet my aanvaar, dan moet ek maar aanvaar wat hulle is. Dis mild gestel. Ek wil ook partykeer mense bliksem oor diskriminasie en so aan, maar oor die algemeen kan mens ook situasies vermy deur byvoorbeeld compassion te hê vir mense wat nie verstaan nie.




Die persfoto van die jaar 1992: David C Turnley (Detroit Free Press/Black Star, VSA) "Crying Over A Friend's Death in the Gulf War" - 'n treurende sersant Ken Kozakiewicz nadat hy gehoor sy vriend - in die plastieksak langs hom - is op die laaste dag van die Golfoorlog per ongeluk deur sy eie mense doodgeskiet.

Die uitslag van die 35e internasionale persfoto-kompetisie van die World Press Photo Foundation is pas bekend gemaak. 'n Internasionale jurie het in Februarie vanjaar **DIE BESTE PERSFOTO'S VIR 1992** gekies - uit 'n totaal van 17 887 inskrywings deur 1 607 fotograwe uit 75 lande.


Die wenfoto's word amptelik in April in Amsterdam uitgestal.



Sebastiao Salgado het die Oskar Barnack-prys vir dié foto, "The Kuwaiti Inferno", ontvang.











**Links bo:** "Inside Chernobyl" is geneem deur Victoria Ivleva van Rusland.

**Links**: Anatoliy Morkovkin van Tass, Rusland, se foto - "Civil War Is On" - wat tydens die burgeroorlog in Tbilisi geneem is.

**Regs bo:** Die beste sportfoto - "Col du Toumalet - 4 hours Tour de France" - is deur Walter Schmitz van Duitsland geneem.

**Middel regs:** "Photographers Flee Suddenly Erupting Mount Pinatubo" deur Alberto Garcia van Amerika.

**Regs onder:** Witold Krassowski van Pole se foto - "Moods and Moments in Afghanistan".

# China gekap oor menseregte

**Die Chinese minister van buitelandse sake is dié week op sy besoeke aan Brittanje en Duitsland aangespreek oor China se skending van menseregte, skryf VERONICA FORWOOD**

**LONDEN** - Menseregte in China was hoog op die sakelys tydens die ontmoeting vandeesweek van die Chinese minister van buitelandse sake, Qian Qichen, en die Britse premier, John Major, en minister van buitelandse sake, Douglas Hurd.

Major, wat 'n uur lank met Qian gesels het, sê 'n studiegroep onder leiding van die voormalige Britse minister van buitelandse sake sir Geoffrey Howe sal later vanjaar na China reis om menseregte en ander kwessies te ondersoek.

Major, wat China se skending van menseregte gekritiseer het tydens sy besoek aan Beijing verlede September, sê hy is bly sommige gevangenes is vrygelaat, maar daar is nog ander oor wie Brittanje bekommerd is.

Amnestie Internasionaal, wat Major versoek het om oor menseregte met Qian te gesels, is veral bekommerd oor Li Guiren, wat in Maart 1991 vyf jaar tronk toe gestuur is in verband met die onderdrukte pro-demokratiese opstande van Junie 1981.

Versoeke van Li se familielede dat hy in 'n hospitaal opgeneem moet word weens sy vinnig verswakkende gesondheid is deur die goewerneur van die provinsie Shaanxi geweier.

Qian en Major het ook samesprekings gevoer oor Hongkong, en bilaterale en internasionale verhoudings, veral met die voormalige Sowjet-Unie.

Londen en Beijing het tydens Major se reis na China verlede jaar afgespreek om twee keer per jaar ontmoetings tussen hul ministers van buitelandse sake te hou. Beijing maak gebruik van die ooreenkoms, wat China ook 'n groter seggenskap oor Hongkongse aangeleenthede gee, om al hoe meer kritiek uit te spreek op besluite binne die Britse kolonie.

Verlede week het China Hongkong se begroting gekritiseer en die land maak ook beswaar teen Hongkong se planne om Radio Television Hong Kong (RTHK) te privatiseer. China wil beheer daaroor hê wanneer die land Hongkong oorneem.

In Duitsland, wat Qiang later vandeesweek besoek het, het die Duitse tak van Amnestie Internasionaal ook sterk kritiek op China se skending van menseregte uitgespreek en die vrylating van andersdenkendes geëis. 'n Lys van 300 gevangenes is opgestel wie se mensregte geskend is. - AFP



**PARYS** - Die hoof van die Franse polisie se eenheid wat kunsdiefstalle ondersoek, Mireille Ballestrazzi, by vier olieverfskilderye van 16e en 17e eeuse meesters wat onlangs in Parys teruggevind is. Die vier skilderye is in vier afsonderlike diefstalle tussen 1979 en 1982 uit die Louvre-museum in Parys gesteel. Twee sakemanne is weens die besit van gesteelde goedere in hegtenis geneem. Kenners sê dis moeilik om die waarde van die skilderye te bepaal. (Foto: AP)

# Beijingers begin vlieë vang

**Die Chinese hoofstad probeer die Olimpiese Spele in die jaar 2000 sóóntoe lok deur 'n vlieglose omgewing te skep, skryf PIERRE LANFRANCHI**

**BEIJING** - Die Chinese hoofstad, wat meeding om die Olimpiese Spele in die jaar 2000 aan te bied, het die 11 miljoen inwoners uitgedaag om binne die volgende twee jaar van alle vlieë ontslae te raak.

Die eerste stap in die veldtog om 'n "vlieg-vrye" stad te skep, is die "bevryding" van openbare plekke soos hotels, restaurants, hospitale, stasies, lughawens, toeristebesienswaardighede, parke en ontspanningsoorde.

Daarna sal die vliegjagters hulle toespits op fabrieke, regeringskantiens, leërbarrakke en skole. Daar word beoog om 99 persent van alle woonkwartiere vliegloos te maak.

Maar die insekte sal 'n beperkte amnestie geniet in openbare toilette, waar 'n "vliegbesmetting" van drie persent toegelaat sal word.

Die sentrale owerheid sowel as die munisipaliteit voer nou al maande lank 'n veldtog om die Olimpiese Spele oor agt jaar na Beijing te bring. Die mededingers is Berlyn, Brasilia, Istanboel, Manchester, Milaan en Sydney.

Veertig persent van die betrokke gebiede in Beijing behoort teen einde vanjaar "vliegvry" te wees, sê die onderburgemeester, Zhang Baifa.

Voorskrifte is nie gegee oor hoe die vlieë uitgewis moet word nie. Dít word oorgelaat aan private inisiatief - soos die owerheid ook al hoe meer doen op ander gebiede.

Die veldtog sal in twee fases gevoer word. Van nou tot einde April moet die inwoners hulle toespits op die vernietiging van vliegeiers om voortplanting te keer. Daarna sal probeer word om 'n vliegvrye toetstydperk van 100 dae vol te hou.

Zhang gee toe dis onwaarskynlik dat g'n enkele vlieg in die stad sal oorbly nie, maar meen die veldtog behoort hulle tot die minimum te beperk.

Geen beloning word aangebied vir vliegjagters nie en geen straf is ook voorgeskryf vir die minder geesdriftige inwoners nie.

Kort nadat die kommuniste in 1949 aan bewind gekom het, is rotte, muskiete, kewers en vlieë tot "vier plae" verklaar en sedertdien is dikwels veldtogte teen insekte gevoer.

'n Groot veldtog teen spreeus in die vyftigerjare wat bedoel was om graanoeste te beskerm het op 'n ramp uitgeloop: talle klein diertjies het vermeerder en die graan opgevreet. - AFP

# Crosses for cash

**Eastern European churches, monasteries and burial mounds are being stripped of art objects by greedy robbers, writes SANDRA LACUT**

**VIENNA** - Thefts and smuggling of art objects have taken off in a big way in Eastern Europe due to demand in the West, greed for foreign currency and the opening of borders since the fall of the communist regimes.

Churches and monasteries in all the former communist countries are the main victims of expert gangs who rob them of their treasures.

Czechoslovakia, which has borders with Germany and Austria, is especially vulnerable with Western smugglers able to buy stolen art treasures and antiques for ridiculously low sums.

In 1991 objets d'art worth more than 33 million dollars were stolen from Czechoslovak churches and museums, which have inadequate alarm systems, or exported illegally from Czechoslovakia. Only eight percent of the 30 000 pieces stolen since 1989 have been recovered, according to the culture ministry.

Bulgaria is also hard-hit, with more than 100 churches, seven monasteries and eight museums robbed in 1991. The interior ministery said over 5 000 icons, hundreds of crosses, chalices and other religious objects disappeared.

Treasure hunters smuggle ancient coins and original seals of the Bulgarian kings to the West via Serbia. Some of them have destroyed many of the 15 000 burial mounds in Southern Bulgaria seeking precious objects which they melt down for the gold content.

An Austrian network dubbed the Czech connection is based around Wels, Linz, and Amstetten in upper Austria, from where hundreds of stolen religious artefacts are sent all over the world.

A Hungarian customs official said up to 30 art works worth several million dollars were stolen in his country last year.

Then in January, icon smugglers were arrested in Hungary with goods worth 200 000 dollars.

Other items popular with smugglers are clocks, antique furniture, hand-woven carpets and jewels from the republics of the former Soviet Union, which pass through Hungary to Austria.

The thefts and smuggling started in Poland in the 1970s with the partial lifting of travel restrictions, and have since mushroomed. Two months ago the Polish authorities arrested smugglers trying to move icons, gold and precious stones from Russia to Germany, the newspaper *Nowa Europa* reported. - AFP

# Stryd teen diskriminasie duur voort



Takako Doi (Foto: AP)

'n Paar jaar gelede het dit gelyk of Japanse vroue op 'n gelyke grondslag met die mans kan meeding. Dié prentjie het verander, skryf **ELIZABETH ZINGG**

TOKIO - Drie jaar nadat Takako Doi se verkiesingstriomf 'n nuwe era van vroulike deelname aan Japanse politiek ingelui het, is dié euforie vir talle vroue lankal verby.

Doi haal nie meer die nuus nie. In Julie verlede jaar het sy as leier van die Sosialiste bedank nadat sy nie daarin kon slaag om dié party - wat sedert die vyftigerjare in die skadu van die Konserwatiewe Party bestaan - te hervorm nie.

Eerste minister Kitchi Miyazawa het nie een vrou verlede November in sy kabinet ingesluit nie, en sodoende het hy sy voorganger, Toshiki Kaifu, se pogings om vroue by die politiek te betrek, ongedaan gemaak.

In 'n poging om vroulike kiesers aan sy kant te kry het Kaifu 'n vrou, Mayumi Moriyama, in die invloedryke pos as hoofsekretaris van die kabinet en regeringsegspersoon aangestel toe hy in Augustus 1989 aan bewind gekom het. Dié aanstelling het op senaatsverkiesings gevolg wat rampspoedig was vir die regerende Liberale Demokratiese Party (LDP).

Maar toe die gevaar ses maande later verby was, is Moriyama afgedank.

Vroue in Japan veg steeds om eeue van diskriminasie teen hulle ongedaan te maak.

"Die situasie is sleg, maar daar is tekens van verandering," sê Mapiko Mitsui, 'n aktiewe feminis en sosialis.

Vir die eerste keer het 'n vrou die burgemeester van 'n Japanse stad geword en drie vroue is as ondergoewerneurs van hul betrokke streke aangestel.

Vroue is verantwoordelik vir 6,1 persent van die wetgewers in die federale parlement, vergeleke met 3,5 persent in 1976.

Onlangse syfers is nie beskikbaar nie, maar vroue vul slegs 2,4 persent van die setels in die magtige laerhuis, vergeleke met 13,5 persent in die minder invloedryke hoërhuis.

Volgens 'n studie wat in 1990 voltooi is, het die wetgewing van 1986 wat gelyke geleenthede vir mans en vroue deurgevoer het, nouliks enigiets aan die denke oor seksrolle verander.

Dié studie, gedoen deur die kantoor van die eerste minister, het bevind dat 82 persent van die vroue wat genader is, gesê het mans het steeds "beter geleenthede as vroue om hul vermoëns in die Japanse samelewing uit te leef".

Dié wetgewing, sê Mitsui, is "niks minder as 'n grap nie" want dit bepaal nie wat se stappe gedoen moet word teen werkgewers wat hul aan seksdiskriminasie skuldig maak nie. - AFP



BEIJING - Twee Chinese mans maak 'n bondel hoela-hoepels aan een se driewiel vas. Verkope van dié hoepels het die hoogte in geskiet nadat dié spel China uiteindelik bereik het. (Foto: AP)

# Chernobyl-ramp duur voort

**MOSKOU** - Die aantal mense in die gewese Sowjet-republiek van Belo-Rusland wat kanker opgedoen het, het skerp gestyg sedert die kernramp by Chernobyl in 1986, volgens Vasily Kazakov, die minister van gesondheid van Belo-Rusland.

Die impak is veral duidelik in die Gomel-streek, 140 kilometer noord van Chernobyl in Oekraïne, sê hy.

Tussen 1981 en 1986 het net sewe kinders kanker van die skildklier opgedoen, maar sedert die ramp in April 1986 is 45 met dié siekte gediagnoseer.

Volgens gesondheidbeamptes is daar ook 'n merkbare styging in long-, maag- en bloedkwale. Vroue het ook toenemend probleme tydens swangerskap. - AFP

# Missielfabriek maak nou speelgoedgewere

Die gewese Sowjet-Unie se grootste missielfabriek is in die knyp, skryf **PHILIPPE PATER**

**DNIEPROPETROVSK**, Oekraïne - Weens 'n gebrek aan bestellings, het die gewese Sowjet-Unie se grootste vuurpyl- en missielfabriek 'n ander mark betree - nou vervaardig die Yuzhmash-wapenaanleg sambrele, worsmasjiene en speelgoedmasjiengewere.

Dit is twee jaar gelede dat die 50 000 werknemers van dié aanleg hul laaste missiel gelewer het.

Die direkteur-generaal van Yuzhmash, Leonid Kushma, vertel trots hoe dié aanleg generasie op generasie se ruimtevuurpyl en ballistiese missiel vervaardig het - van die SS-4 van die vyftiger- en die middelafstand SS-18 van die tagtigerjare, tot en met die jongste SS-24 en SS-25.

Dié fabriek het 'n unieke tegniek ontwikkel deur te soldeer deur middel van ontploffing, verduidelik Kushma aan 'n groep besoekende Franse sakemanne en militêre offisiere.

Die vermoë om missiele te vervaardig is steeds daar en Yuzhmash is hard op soek na bestellings vir vuurpyle en satelliete. Daar is sprake van 'n gesamentlike projek met Mexiko en vir die oprigting van ruimtesentra vir Australië en Japan, sê amptenare.

Maar intussen word Yuzhmash se tegnologie vir burgerlike doeleindes aangewend.

Die SS-18 missiel, oorspronklik onwerp om kernplofkoppe te dra, word nou aangepas om vragte van tot vier metrieke ton in die ruimte af te lewer.

Maar dié bestellings is nie genoeg nie. In 'n loods oorkant 'n ry opgestapelde vuurpyle stal Yuzhmash sy nuwe goedere uit: 'n uiteenlopende verskeidenheid van verbruikersgoedere.

Buiten die speelgoedgewere, sambrele en worsmasjiene is daar ook kombuisware, speeldose en verbruikersartikels.

**YUZHMASH LY NIE NET** onder die gebrek aan bestellings nie, maar ook weens die stadige verval van die wêreld se mees gesentraliseerde ekonomie: rye nuwe trekkers staan en stof vergaar as gevolg van 'n gebrek aan batterye, wat in Rusland gemaak word.

Viktor Antonov, Oekraïne se minister van verdediging, is egter glad nie gelukkig om sy ingenieurs te sien speelgoedgewere maak nie.

"Dit is 'n ontsaglike mors van talent," sê hy.

Maar Kushma, die direkteur, het nog nie moed opgegee nie: "Ons is gereed om missiele aan enige republiek van die gemenebes van onafhanklike state, of enige ander land te verskaf." Hy wys ook daarop dat sy fabriek nie kernwapens maak nie - dié word in Rusland gemaak, sê hy. - AFP

# Kom ons naai ons pad deur die blokkade, sê Saddam

**BAGDAD** - Pres Saddam Hoesein het die vroue van Irak aangeraai om hul naaimasjiene, breinaalde en gare uit te haal om die internasionale handelsblokkade teen die land teen te werk.

"Eerder as om oor die handelsverbod te praat, sal dit baie beter wees as Irak se vroue leer om te naai," het hy onlangs aan die Algemene Unie van Vroue in Irak gesê.

"Dit sal baie beteken as vroue tydens 'n vergadering tien naaimasjiene saambring om hul jong landgenote te leer om klere te maak en om die tekort op die mark te vul," sê Saddam.

"As die mans kan sorg vir die land se voedselaanvraag en die vroue die klerenood aanpak, sal die verbod betekenisloos word." - AFP

# Storm oor Allah

## 'n Twis in die Gereformeerde Kerke oor die vraag of Allah God is of nie het moontlik meer om die lyf as godsdiens, skryf **INA VAN DER LINDE**

**'N STORM** in 'n teekoppie in die wit Gereformeerde Kerke het nou so uitgebrei dat dit dreig om sommer 'n paar bome saam te vat. Enersyds is dit 'n teologiese stryd, maar terselfdertyd is daar 'n vermoede dat dit ook 'n stryd is tussen verligtes en verkramptes.

Dit het verlede jaar Januarie begin met 'n omstrede hoofartikel in *Die Kerkblad*, tydskrif van die Gereformeerde Kerke, deur die vorige redakteur, prof Victor d'Assonville. D'Assonville, bekend vir sy regse politiek en streng fundamentalistiese standpunte oor die teologie, het in 'n hoofartikel oor die Golfoorlog gesê Allah is nie die "ware God" nie.

Hierop reageer ds Paul Krüger, predikant van die Brackenhurst-kerk op Alberton, toe in 'n brief. Krüger, wat homself teologies konserwatief noem, sê deur te sê Allah is nie die ware God nie, word by implikasie gesê Allah is 'n afgod. Dis feitelik nie korrek is nie en grens aan heiligskennis, sê Krüger.

Hy skryf hoewel Moslems "'n growwe vertekening van God gee... op so 'n manier dat 'n mens feitlik niks kan herken van die Vader van ons Here Jesus Christus nie", erken hulle God as skepper, onderhouder, regeerder en regter. "Die Moslems wil na God gaan behalwe deur die Seun en dis 'n heillose weg. Mohammed, wat hulle as 'n profeet erken, word in die praktyk soveel as 'n middelaar."

Dit maak egter nie van Allah 'n afgod nie, sê Krüger. "Allah is net so min 'n afgod as wat die Jode 'n afgod aanbid - en onthou, hulle erken God, soos die Moslems, ook nie as Vader, Seun en Heilige Gees nie."

Deur te sê Allah is 'n afgod, maak Christene hulle getuienis onder die Moslems ongeloofwaardig.

Onderaan die brief, wat in *Die Kerkblad* verskyn, herhaal D'Assonville die bewering dat Allah nie die ware God is nie, maar 'n afgod. Dis Krüger wat hom skuldig maak aan heiligskennis deur te beweer dat Allah God is.

Allah kan nooit dieselfde God as die God in Jesus Christus wees nie, want Allah word nie in die Bybel geleer nie, sê D'Assonville. Daar's geen sprake daarvan dat God sonder die Christus kan wees nie.

Hierop antwoord Krüger met nóg 'n brief. Hy sê 'n mens kan die ware God aanbid, sonder om al die Persone van die Drie-eenheid te ken. "Waar daar ryker openbaring is, is dit verskraalde en valse diens, maar nie diens aan 'n afgod nie".

Hy beweer D'Assonville verwar die Verbondsnaam van God (Jahwe) met die meer 'algemene' naam vir God (Elohim). Elohim (Hebreeus vir God) en Theos (Grieks vir God) word met Allah vertaal.

Weereens antwoord D'Assonville: "Dieselfde God wat by Sinaï beveel het: 'Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie', het Hom in Jesus Christus geopenbaar sodat ons Hom kan ken... Allah is een van daardie ander gode. Nêrens word hy in die Bybel geopenbaar nie!"

**DAN BESKULDIG** hy Krüger by implikasie dat hy nie die Skrifgesag erken nie.

Twee weke later verskyn nog 'n artikel waarin D'Assonville en Krüger saamstem om van mekaar te verskil.

Dit was egter nie die einde van die storie nie. Daarna word Krüger deur twee predikante in sy klassis (ring) aangekla van leerdwaling. Toevallig is ds FRP de Bruyn van Kempton Park-Noord en dr Tinus du Plessis van Kempton Park dieselfde predikante wat 'n tyd gelede ook vir prof Fika van Rensburg, hoogleraar in semitiese tale aan Potchefstroom, van leerdwaling aangekla het. Toevallig is De Bruyn en Du Plessis polities verkramp en Van Rensburg, soos Krüger, polities verlig.

Krüger se kerkraad ondersoek die aantygings en bevind dat dit ongegrond is. Nou word groter kanonne betrek. Dr Jan Visser, vorige voorsitter van die Nasionale Sinode (wit sinode van die Gereformeerde Kerke) van Brakpan-Suid, ook bekend as 'n verkrampte, en ds Dick Steyn van Benoni-Noord, neem dit eers na die kerkraad toe, wat hul standpunt handhaaf. Daarna gaan dit streeksinode toe, wat bevind dat ds Krüger se kerkraad onbevoeg is om oor die saak te besluit en dat die klassis die saak moet ondersoek.

**TWEE WEKE GELEDE** is Krüger toe deur die klassis skuldig bevind aan die verkondiging van 'n valse leer en geskors tot 23 Maart. Hy staan nou voor die keuse om sy standpunt terug te trek, of om as predikant afgesit te word.

Krüger wou dié week nie oor die saak praat nie. In 'n inligtingstuk wat aan die gemeente beskikbaar gestel is, gee hy egter 'n referaat van prof JA van Rooy, hoogleraar aan die teologiese skool Hammanskraal (swart teologiese skool van die Gereformeerde Kerke) weer, waarmee hy saamstem.

Van Rooy sluit aan by die sogenaamde objektief-historiese gesigspunt, waarvolgens Moslems nie 'n ander God as Christene aanbid nie nie, hoewel hulle "die enigste ware God anders vereer as wat Hy hom in sy Woord geopenbaar het". Hiervolgens is die Koran nie 'n openbaring van God nie, maar fiksie. Wat Mohammed van God geweet het, het hy by Jode en Christene gehoor. Die Arabiere het vroeër 'n hele klomp afgode aanbid, maar by Arabiese Christene het hy gehoor dat hulle net een God aanbid, wat hulle in Arabies Allah genoem het. Hy het tot die oortuiging gekom dat dié God, dieselfde God wat Jode en Christene aanbid, die enigste en ware God is.

Omdat die Bybel nog nie in Arabies vertaal was nie, het die Christene waarmee hy te doene gekry het, 'n onduidelike en onsuiwere leer oor God gehad, en wil dit voorkom of hulle in 'n Drie-eenheid geglo het wat uit Moeder Maria, die Vader en die Seun bestaan het. Dit kon Mohammed nie aanvaar nie en hy het dit ook in die Koran verwerp.

Wanneer Christene met Moslems oor die Evangelie praat, moet hulle die objektief-historiese gesigspunt in gedagte hou, sowel as die standpunt dat Allah soos die Koran Hom teken, nie die Drie-enige God is wat die Christene ken nie, sê Van Rooy. "As ons begrip het vir die kompleksiteit van die saak, sal ons dalk meer verdraagsaam teenoor mekaar wees en nie so haastig wees om mekaar te verketter nie."

**INTUSSEN** blyk dit dat die saak veel dieper gaan as Allah. Dit is die verligte en verkrampte stryd van voor af oor. Terwyl die regses (en party linkses) dit moeilik sal erken, speel die politieke stryd rondom die gebede van Moslems en Christene by Kodesa en die Driekamer-parlement 'n rol.

Terselfdertyd is dit 'n diep teologiese stryd. Dis die fundamentaliste wat daarvan beskuldig word dat hulle verantwoordelik is vir die "onhoudbare" teologiese isolasie van Potchefstroom, teenoor diegene wat die Gereformeerde Kerke teologies weer relevant wil maak.

Om die rede word van "'n middelmatige saak", soos die Doppers die kwessie noem, 'n toetssaak gemaak.


**R10 000**

**B E L O N I N G**

**BEROEP OP HOSTEL-INWONERS**

'n Beloning van R10 000 sal betaal word aan enige mens of mense wat inligting verskaf wat lei tot die skuldigbevinding van enige mens of mense wat bewese organiseerders was van polities gemotiveerde moorde wat sedert 1 Januarie 1990 tot hede deur 'n groep of groepe hostelbewoners gepleeg is op:

a) Township-inwoners of krotbewoners
b) Mense op nagwake of begrafnisgangers
c) Passasiers op treine

Tree asseblief in verbinding met mnr Moloi in ons Pretoriase kantoor by 713 Van Erkom-gebou, Pretoriusstraat 217, of skakel

**(012) 21-2135**

of

Kontak mnr Sello in ons Johannesburgse kantoor op die Derde Verdieping, Zambezi House, h/v Commissioner- en Von Wiellighstraat, of skakel

**(011) 331-3465**

Geplaas deur Regslui vir Menseregte



**R10 000**

**B E L O N I N G**

'n Beloning van R10 000 sal betaal word aan enige mens of mense wat inligting verskaf wat lei tot die skuldigbevinding van enige mens of mense wat bewese organiseerders was van polities gemotiveerde moorde wat sedert 1 Januarie 1990 tot hede deur 'n groep of groepe mense gepleeg is op:

a) Township-inwoners of krotbewoners
b) Mense op nagwake of begrafnisgangers
c) Passassiers op treine

Tree asseblief in verbinding met mnr Moloi in ons Pretoriase kantoor by 713 Van Erkom-gebou, Pretoriusstraat 217, of skakel

**(012) 21-2135**

of


Kontak mnr Sello in ons Johannesburgse kantoor op die Derde Verdieping, Zambezi House, h/v Commissioner- en Von Wiellighstraat, of skakel

**(011) 331-3465**

Geplaas deur Regslui vir Menseregte

# Wette bring dilemma vir plaas- en huiswerkers

**Die onmiddellike toekoms van plaas- en huiswerkers lyk donkerder as tevore - ondanks die feit dat wetgewing op basiese diensvoorwaardes vir dié twee arbeidsektore vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis in die parlement ter tafel gelê is en binne 'n maand deurgevoer kan word. CHRISTELLE TERREBLANCHE doen verslag**



Die voorgestelde wetgewing op diensvoorwaardes vir huishulpe sal min werklike verandering vir dié minstens een miljoen werkers bring indien die Wet op Arbeidsverhoudinge nie daarby ingeskakel word nie, sê die South African Domestic Workers' Union. (Foto: GISELE WOLFSON / Southlight)

**DIE** Wet op Basiese Diensvoorwaardes sal, indien dit in die huidige parlementêre sitting deurgevoer word, nie werkgewers verhinder om huis- en plaaswerkers kragtens onbeperkte gemenereg af te dank nie, beklemtoon instansies wat met die kampvegting vir die historiese wetsontwerpe gemoeid was dié week.

Hoewel plaasarbeiders (minstens 1,2 miljoen landwyd) en huiswerkers (minstens 1 miljoen) twee van die grootste arbeidsmagte in die land is, is wetgewing wat diensvoorwaardes, lone en arbeidsverhoudings vir hulle bepaal nog nooit in die land geformuleer nie.

Die wetsontwerpe is wyd verwelkom toe dit vroeër dié maand ter tafel gelê is - maar indien dit sonder die beskermende sambreel van die Wet op Arbeidsverhoudinge aan die einde van April bekragtig word, kan werkers in dié sektore selfs slegter daaraan toe wees as tevore, meen betrokkenes.

Die tekortkominge word bestempel as "verwaterings" in die wetsontwerp wat nie ooreenstem met konsensus wat in die Nasionale Mannekrag-kommissie (NMK) bereik is nie. Die landbou-werkgewers se verteenwoordigers ontken egter dat konsensus ooit bestaan het.

Dawie Bosch, navorser van die Sentrum vir Landelike Regstudies op Stellenbosch en lid van die Nasionale Mannekragraad se tegniese komitee, glo die dilemma kan met tydelike invoegsels in die wetgewing oor plaasarbeiders reggestel word. Maar die hoop om die wetsontwerp aan te pas in die guns van arbeiders het begin kwyn nadat die Suid-Afrikaanse Landbou Unie verlede week op 'n jaarvergadering sy steun herbevestig het vir 'n eie arbeidswet vir die landbou - wat beteken dat hy gekant is teen die deurvoering van die beoogde uitbreiding van arbeidswette na die landbou. Die voorgestelde wetgewing is ook op verlede jaar se kongres verwerp.

Nou bestaan die moontlikheid dat die regering dié ontwerpwet kan onttrek op aandrang van die boere.

**DIE VRAAG IS** hoe sterk die lobby van die Landbou-unie (met sowat 42 000 boere as lede) by die regering is en of die regering sy Laboria-minuut met Cosatu van verlede jaar op die spel sal plaas om die boere te behaag.

By navraag oor die Sentrum vir Landelike Regstudies se voorbehoude het die Direkteur-generaal van Mannekrag, JD Fourie, dit verlede week duidelik gestel dat die persepsie dat konsensus tussen die partye bestaan het, al in April verlede jaar deur die SALU verwerp is.

Hy wys ook daarop dat die NMK-aanbevelings die gevolg is van konsensus tussen werknemers en werkgewers, en dat die Gesamentlike Komitee oor Onderwys en Mannekrag van die parlement sekere amendemente aangebring het. Volgens hom kan die parlement se soewereiniteit nie ondergeskik gestel word aan die aanvanklike konsensus nie.

Bosch sê die vernaamste tekortkominge van die konsepwetgewing is:

• Dat plaaswerkers steeds blootgestel sal wees aan arbitrêre afdanking totdat die Wet op Arbeidsverhoudinge na hulle uitgebrei word. Dié toestand word vererger deur die huidige en dreigende verdere massa-afdankings weens die droogte op plase en die ernstige ekonomiese resessie.

Volgens Bosch kan die boere se vrees en teenkanting teen nuwe maatreëls ook tot afdankings bydra.

Die Sentrum het aanbeveel dat 'n bykomende subseksie bygevoeg word waardeur afdanking net met goeie rede kan geskied.

• Kragtens die wetgewing gaan die meeste plaaswerkers ook hul reg verloor om kennis te kry vir "'n tydperk wat redelik is in die omstandighede". Werkers wat nou die reg van meer as ses maande kennis kan kry, kan ingevolge die wetgewing met een maand kennis afgedank word.

• Duisende plaaswerkers wat op die oomblik die regte van nywerheidswerkers kragtens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes geniet, soos saagmeulwerkers op plase, sal dié regte verloor weens die wetgewing se "wye" definisie van "plaaswerkers".

• Plaaswerkers sal ook nie kragtens die konsepwetgewing "doeltreffende beskerming" teen viktimisasie geniet indien hulle aan vakbondbedrywighede deelneem nie, meen die Sentrum.

Nietemin het die Sentrum aanbeveel dat druk op die regering uitgeoefen moet word om die wetgewing so gou as moontlik deur te voer en dat die noodsaaklike veranderinge aangebring word. Daar word gevra dat die wetgewing tot elke prys nié teruggetrek word soos die boere vra nie.

Bosch sê die regering sleep al meer as 12 jaar lank voete sedert die aanbevelings van die Wiehahn-kommissie in 1979 dat plaaswerkers onder arbeidswetgewing ingedeel moet word. Verlede jaar het minister Eli Louw, gewese minister van Mannekrag, belowe dat deurvoering van die ammendemente aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes vanjaar sal geskied - 'n jaar later as vroeër belowe.

Die insluiting van plaaswerkers in die Wet op Arbeidsverhoudinge - wat hulle teen arbitrêre afdanking sal beskerm - is reeds tot volgende jaar uitgestel.

**INTUSSEN STAAR** 'n ewe donker prentjie huishulpe in die gesig - met wetgewing wat moontlik 'n pakket van lone, basiese diensvoorwaardes en ongeskiktheidsversekering kan behels, maar steeds min sal beteken tot tyd en wyl die Wet op Arbeidsverhoudinge by so 'n voorgestelde pakket ingeskakel word.

Ook huiswerkers wat tot dusver geen beskermende wetgewing geniet het nie, kan in die komende maande van resessie arbitrêr afgedank word.

Florrie de Villiers, direkteur-generaal van die South African Domestic Workers' Union (wat by Cosatu geaffilieer is), sê dit is nog nie duidelik of die loonwet deel sal uitmaak van die pakket nie, en tot en met 'n vergadering oor 'n maand sal die regering dit ook nie onthul nie.

"Eintlik onderhandel ons vir insluiting by die bestaande arbeidswetgewing, ten einde huiswerkers gelyk te stel aan byvoorbeeld fabriekswerkers. 'n Heeltemal spesiale pakket sal nie werklike verandering vir die huiswerker meebring nie," sê sy.

"Maar ons is bly vordering word gemaak. Wat nou gebeur, het 15 jaar gelede totaal onmoontlik gelyk."

Sadwu het hom ook sedert die Wiehahn-kommissie se verslag aktief vir arbeidswetgewing vir die huiswerkers beywer en veral sedert 1990 met massa-aksie druk uitgeoefen. "Die bedelaarsituasie waarin huiswerkers hulle nou nog bevind, is nie net vernederend nie, maar werk ook lae standaarde in die hand," sê sy. "Die regering besef miskien nie hoeveel 'n stabiele werkmag van 'n miljoen vroue kan beteken nie."



## sportrubriek deur tim sandham

# steve vs steve
## en nie een is 'n oliebol nie

**IN** die rubriek is in die verlede al gekla oor die stiefbehandeling wat snoeker ontvang. Saterdag, of liewers vroeg Sondagoggend, is 'n tydjie afgeknyp om die eindstryd van die London Masters-toernooi uit te saai.

Mense wat nog dink snoeker word net deur oliebolle met klinknaels op hul skoensole gespeel, sou verras gewees het. Dié toernooi is in 'n swierige saal met dik matte en kristalkandelare aangebied. Die plek was 'n nes van swart strikdasse en aandpakke.

Die finaliste was Steve Hendry, die huidige nommer een speler in die wêreld, en Steve Davis, jare lank nommer een, wat die tweede plek op die ranglys beklee. Volgens die kommentator had Davis nie 'n goeie jaar nie - verdienstes van slegs 309 000 pond.

In dié betrokke wedstryd het dit egter baie goed gegaan. Hy het die 22-jarige Hendry 'n snoekerles gegee wat hy nie gou sal vergeet nie.

Twee dinge het opgeval. Die eerste is dat snoeker uiters geskik is vir beeldsending. Nie net is kameras rondom en bo-oor die tafel gebruik nie, maar miniatuur kameras is ook binne-in die rand van die sakkies geplaas. Die kyker kon vanuit 'n tafelbladhoogte-oogpunt sien hoe die spelers aanlê en die balle pot, aldan nie. Aanvanklik is die gesig van 'n reusagtige voortsnellende bal so senutergend soos iets uit 'n Indiana Jones-rolprent, en dit neem 'n rukkie voordat 'n mens nie meer onwillekeurig koes nie. Dít is wat televisie behoort te wees. Die kyker moet 'n blik op die spel kry wat hy normaalweg nie sou nie en die kommentators moet uitbrei oor die motivering van die spelers.

Die tweede opvallende aspek is die afwesigheid van vroue. Hoekom speel so min vroue snoeker en hoekom verwerf hulle nie roem nie? Een rede hoekom pool- en snoekersale so aanloklik vir jong seuns is, is omdat hulle daar kan rook en kougom met oop monde eet. 'n Ander rede is dat hulle daar volwasse mans op gelyke voet kan aandurf én kan wen. Dieselfde geld vroue. Daar is min ander sportsoorte wat vroue dié geleentheid bied en daarom is dit vreemd dat dit deur mans oorheers word. Is dit dalk omdat daar steeds so 'n sterk stigma van die onderwêreld aan kleef?

### Wintersport in hoogsomer

*Mad magazine* het in 'n satire op die rolprent *Rollerball* voorspel dat sportseisoene al hoe langer sal word todat hulle uiteindelik so sal oorvleuel dat niemand meer weet wanneer hulle begin of ophou nie. Dié tyd het aangebreek. Dit is ontstellend om te verneem dat die voorste rugbyklubs reeds in Januarie begin oefen. Rugby is veronderstel om 'n wintersport te wees. Die afgelope twee naweke is die eerste vroeë wedstryde tussen uitnodigingspanne gespeel. Dié wedstryde, tesame met talle vriendskaplike wedstryde en wedstryde in verskeie kompetisies, veroorsaak dat nie net die spelers nie maar ook die toeskouers moeg raak vir die hele spul lank voor die seisoen (in Oktober!) verby is.

Dieselfde geld krieket en dis hoofsaaklik geld wat die langer seisoene noodsaak. Tot dusver het sportgeesdriftiges die sportoorvloed verorber, maar hoeveel meer gaan hulle kan verteer. Na my mening het te veel sport reeds 'n nadelige uitwerking op Suid-Afrikaanse sokker gehad.

Met Suid-Afrika se terugkeer tot internasionale sportdeelname gaan daar al hoe meer sport opgedis word. Spelers gaan na 'n besige plaaslike seisoen moet vertrek op vermoeiende toere na die buiteland. Moontlik gaan dit veroorsaak dat die seisoen vir die res van die spelers korter word. Uitnodigingspanne en toetsuniedae is nie so aantreklik as die sportsterre nie deelneem nie. Moontlik sal dit veroorsaak dat spanne se vertonings meer wisselvallig raak. Is Australië se swak vertoning in die Wêreldbekerreeks tot dusver nie as gevolg van te veel krieket nie?


### Goeie gedrag ontstel

Die Suid-Afrikaanse krieketspan kwyt hom goed van sy taak in die Antipodes, maar ek voel nou ook dat die manne die naam Springbok nie werd is nie. Hulle gedrag was tot dusver uitstekend. Die enigste skandaal tot nou toe was die wrede fakse en telegramme wat Kepler Wessels ontvang het.

Dit is moeilik om te glo dat hulle nog niks nonsies aangejaag het nie. Teen dié tyd moes minstens een van die volgende dade al gepleeg gewees het: 'n middernagtelike onderonsie tussen 'n paar getroude spelers en 'n kroegmeisie: 'n seksdaad met die nasionale dier van een van die deelnemende spanne; 'n onbeurdagte aanmerking teenoor die plaaslike bevolking; 'n voorval betreffende 'n zol in die kleedkamers of 'n gerug dat Adrian Kuiper met opset sleg speel omdat hy groot somme geld téén die Springb ... er ... die Suid-Afrikaners verwed.

Dis mos nie hoe ons Suid-Afrikaners is nie. Hopelik sal ons rugbyspelers ons naam en reputasie weer in ere herstel. Een manier om dit te verseker is om vir iemand soos Rob Louw as toerbestuurder aan te stel.

---



## groenpraatjies deur tienie du plessis

# kodesa moet plek maak vir die boere

**'N INSIGGEWENDE** voorstel ten gunste van deelname aan Kodesa is namens 91 boere van die Ottosdal-tak van die Nasionale Mielieprodusente Organisasie (Nampo) tydens dié vereniging se jaarkongres op Potchefstroom ingedien. Nick Botha het gesê die boere wil nie eintlik 'n sitplek saam met die politici op Kodesa hê nie, maar "wanneer die Kodesa-werkgroepe spesifieke sake begin bespreek, soos grondbesit en landbou, wil ek hê Nampo moet by wees om die saak van die mielieboer te stel". Eddie van Vuuren (Schweitzer-Reneke) het dié voorstel opgevolg met 'n beroep dat die landbouwerkgroep van Kodesa haastiger moet werk as die politieke werkgroepe, om voor-die-hand-liggende redes.

Dit is duidelik dat 'n groot getal boere nie hul "kaart en transport" as 'n waarborg vir eiendomsreg in die "nuwe Suid-Afrika" beskou nie.

Oorkant die Limpopo lyk sake (veral vir boere) nie baie goed nie - Mugabe gaan voort met nuwe wetgewing wat dit moontlik sal maak om hoofsaaklik "blanke" landbougrond te onteien vir die hervestiging van 'n ontevrede en landlose bevolking. Dit wil lyk of dié stappe 'n groeiende onrustigheid hier in ons eie landbou-kringe veroorsaak.

Die Zimbabwe-regering wil sowat 5,5 miljoen hektaar (uit 'n beskikbare 10 miljoen, wat deur ongeveer 4 600 groot boere, meestal blankes, besit word) bekom. Soos die wetgewing nou lyk, sal die regering die kompensasie en bedrag bepaal en ontevrede boere sal geen toegang tot die land se howe hê nie. Kompensasie vir staatsonteiening sal slegs op die grond van toepassing wees en geen verbeteringe sal in ag geneem word nie. Plase in Zimbabwe het gevolglik nou feitlik waardeloos geword - niemand wil in dié stadium grond koop nie en geen boer sal op 'n plaas wat hy waarskynlik binnekort gaan verloor, enige verbeterings- of instandhoudingskoste aangaan nie. Die boere in Zimbabwe is vandag, om verstaanbare redes, skepties oor Mugabe se "bygones", wat vir hulle nie sommer-so "bygones" wil word nie.

**MAAR MUGABE SE KOMMER OOR** sy landlose mede-burgers spruit natuurlik nie slegs uit 'n skielike verhoogde gevoel van medemenslikheid nie. Steun vir sy regering het deur die jare na onafhanklikheid beduidend afgeneem en 'n onvermoë om gestand te doen aan ou verkiesingsbeloftes van "grond vir die mense" veroorsaak elke jaar groter dongas in sy politieke gewildheid. Dit is dié dat hy nou moet dobbel met die landbou wat tradisioneel die grootste buitelandse inkomste vir Zimbabwe verseker. Só word hy in die pers aangehaal: "We cannot run a society of haves and have-nots and hope that the people will continue to accept that situation."

Wit boere in Suid-Afrika het sekerlik die een oog op die Freedom Charter: "The land shall be shared among those who work it! Restriction of land ownership on a racial basis shall be ended, and all the land re-devided amongst those who work it, to banish famine and land hunger..."

En dan wonder hulle hoe dit 'n praktiese moontlikheid kan word in die nuwe Suid-Afrika. Hulle kyk oor die rug na die noorde en leer die lesse van Rhodesië. Die geskiedenislesse van Afrika het natuurlik 'n duisend verskillende interpretasies - dit hang net af wie jou onderwyser is. Weet hulle dat die ANC (en ander) ook wonder hoe die Charter in 'n realiteit omgeskep kan word?

Haal eerstens die ras-element uit die gesprek - ons praat nou nie meer van wit boere nie. Om die waarheid te sê is dit reeds gedoen: "restriction of landownership on a racial basis has ended."

Daar bestaan egter min twyfel dat die landelike bevolking van Suid-Afrika steeds 'n "land hunger" het. Maar wat doen die boere wat in besit is van "Kaart en Transport" met hul grond? Hoekom sal hulle nie hard en duidelik binne Kodesa die belang van 'n standhoudende én groeiende voedselvoorsiening aan beleidmakers verduidelik nie?

**MUGABE SE AANVANKLIKE** (bygesê, halfhartige) poging tot herverdeling van landbougrond was 'n jammerlike mislukking - grond is aan 'n groot groep minderbevoorregte kleinboere gegee en dié kommunale "staatsplase" kon met enkele uitsonderings na nie die mas opkom nie. Juis omdat die kleinboere nie die vaardighede en bestuursvernuf gehad het om 'n sukses van moderne landbou - wat vandag 'n wetenskaplike sakeonderneming behoort te wees - te maak nie.

Daarom is daar vandag in Zimbabwe 'n groeiende drukgroep wat daarop aandring dat indien landbougrond wel onteien sou word, dit aan 'n kleiner aantal minderbevoorregte boere gegee sal word wat reeds in die verlede bewys het dat hulle 'n sukses van 'n boerdery kan maak. Gee hulle 'n kans. In Zimbabwe (en ook Suid-Afrika) is daar heelwat sulke mense.

'n Honger mens wil nie grond hê nie, hy/sy wil eers iets hê om te eet. Die suksesvolle Suid-Afrikaanse boer het 'n troefkaart wat swaarder weeg as "kaart en transport": ek verskaf kos aan soveel mense, hoekom sou julle my plaas wil herverdeel in soveel onproduktiewe eenhede of verdeel tussen honger mense? Hoekom sal dit wat ek beter as enigiets anders kan doen, nie in belang van die nuwe Suid-Afrika wees nie?

Boere moet onthou dat die mense by Kodesa deeglik bewus is van die lesse van Afrika. Kodesa moet beslis plek maak vir die boere van Afrika wat wil kom praat. En na 'n deeglike beskouing van uiteenlopende perspektiewe en toegewings aan beide kante moet daar tot 'n vaste ooreenkoms met die landbouers gekom word.

En luister, net soos die boere van dié land nie aan die praktiese gevolge van "the land shall be shared among those who work it" kan ontsnap nie, sal die beleidmakers nie die maatskaplike gevolge van "all the land (shall be) re-devided between those who work it" kan ontvlug nie. Dit leer Afrika ons.


Hier is **DIE DRIE WENNERS VAN VRYE WEEKBLAD SE POSTER-KOMPETISIE** met die tema **Nkosi Sikelel' iAfrika/God seën Afrika.** Die wenner, wat R10 000 aan prysgeld kry, is **John Roome** (regs), die tweede prys van R5 000 gaan aan **Dimitra Perros** (onder links), en die derde prys van R2 500 aan **Pierre van der Westhuizen.**




Die beoordelaars was Hardy Botha, Matsemela Manaka, Andrea Vinassa, Margaret Makwana en Mike van Graan.

Die ander inskrywings wat tans in die Markteater uitgestal word en binnekort na Kaapstad en elders vertrek, is dié van Michael Aylmer, Hedwig Barry, Michael Barry, Gustav Bester, J Breytenbach, J Breytenbach, Richman Buthelezi, Jann Cheifitz, John Comitis, Elana de Lange, Benjamin Dreyer, Lu-Mari du Plessis, Esmari du Plessis, Lynne Durr, Simon Ford, V Glanturco, Colleen Gouws, Michael Greaves, Ernst Hertell, Brigitte Hertell, Ruan Hoffmann, Erika Hubbert, Norman Kaplan, Clive Kemp, Morris Lamantia, W Lange en A Calitz, Phillimon Letlahe, I May, I May, Rosalie Meyer, Wilmari Meyer, Lourens Notman, Jennifer North, Marcel Oliver, Hetta Oosthuizen, Johann Opperman, Dimitra Perros, Craig Rietveldt, John Roome, Alexandra Ross, Jonathan Sam, Edwine Simon, Ashby Skikhawe, Karel-Brink Steenkamp, Clementina van der Walt, Pierre van der Westhuizen, Ina van der Westhuizen, Jan Sorm van Rensburg, Magda van Standen, Hiltrud von Seydlitz



# *Vrye* **Weekblad**

## breaking the barriers festival 16 -21 March 1992
## *kaapse program*

# Volgende week is die Kaap Hollands

*Vrye Weekblad* se **Breek af die Mure/Breaking the Barriers-fees** is volgende week in Kaapstad. Sonder twyfel die grootste kultuurgebeurtenis dié jaar in die land.

Kapenaars sal die geleentheid kry om vir **Freek de Jonge**, die Nederlandse kabaret-kunstenaar en satirikus - wat uitstekende resensies in Johannesburg ontvang het - te sien. (17, 18, 19 Maart om 10.30 nm by die Dock Road Theatre - Tel 021 419-7722) Die volledige program van die **Nederlandse filmfees (én Mapantsula)** word in die Kaap by die Labia vertoon. Wat Kapenaars ook al volgende week doen, hulle móét Freek de Jonge nie misloop nie.

# Filmfees-program:

Die films word almal in die Labia screen 1 vertoon.
maandag 16
18:15 The Waves (Golven)
20:15 The Illusionist (met Freek de Jonge)

## dinsdag 17

20:00 Broken Mirrors
22:15 Squatter's Delight and Sanctus

## woensdag 18

18:00 Charlotte
20:00 Mapantsula

## donderdag 19

16:00 The Waves (Golven)
18:00 The Illusionist (met Freek de Jonge)

## vrydag 20

15:45 Charlotte
22:15 Broken Mirrors

## saterdag 21

13:45 Charlotte
20:15 Mapantsula

# Poster-uitstalling:

Die vyftig beste inskrywings vir die "Nkosi Sikelel' iAfrika/God Bless Africa/ God Seën Afrika" nasionale poster-kompetisie word uitgestal by die Mayibuye Centre for History and Culture by die Universiteit van Wes-Kaapland.

Die uitstalling open Sondag 15 Maart om 6nm, waarna die posters op weeksdae gesien kan word tussen 9vm - 4nm.

**LESINGREEKS**

Nederlandse akademici en skrywers van Nederland is genooi om lesings by die universiteite in die omtrek te lewer gedurende die fees.

Die Nederlandse gaste sluit in Bert Schicrdeek, bekende digter; prof Ton Ambeek, 'n professor in literatuur en skrywer; prof Hein Iersel, 'n voormalige minister in Suriname en kenner van Kreoolse taal; Thea Doelwijt, 'n feministiese dramaturg wat in Nederland woon sedert die militêre magsoorname in Suriname; en prof Vernie February, doserende professor aan sowel die Rijksuniversiteit in Leiden as die Universiteit van Wes-Kaapland.

Mini-simposium: Afrikaans en Nederlands - verlede, toekoms en post-kolonialisme by die Biblioteek-ouditorium, UWK:

## maandag 16

19:00 Opening deur prof GJ Gerwel (rektor: UWK)
19:15 Koloniale verhoudinge: Afrikaans, Nederlands, Surninaams-Nederlands, Saran Tongo
21:00 Kaas en Wyn

## dinsdag 17

18:00 Nederlands en Suid-Afrika: toekomsbeelde
20:00 Voorlesings
21:30 Kaas en Wyn

# Perspektiewe op 'n toekomstige taalbeleid

**Veeltaligheid is ons voorland, en dit moet as 'n gawe en nie 'n las nie beskou word. Hieroor stem Qedusi Buthelezi van die ANC se Taalkommissie, Elize Botha, hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika, en Neville Alexander van die National Language Project heelhartig saam. Hulle het dié week aan 'n debat oor toekomstige taalbeleid deelgeneem wat deur Idasa en *Vrye Weekblad* as deel van die Breek af die Mure-fees aangebied is**

**'N NIE-RASSIGE,** demokratiese Suid-Afrika sal bloot 'n hersenskim wees as die toekomstige taalbeleid nie hand aan hand daarmee loop nie, glo Neville Alexander. Taalverskille kan rassisme versterk, sê hy.

Die paneel - en die meeste lede van die gehoor - het saamgestem dat dit nie gaan om "taal" as sulks nie, maar om kommunikasie. In Alexander se woorde: "Die kwessie is nie taal nie, die kwessie is kommunikasie. En kommunikasie lei na kultuur."

Oor die versekering van 'n toekoms vir Afrikaans, hoe om inheemse tale "in ere te herstel" en watter tale om as voertaal in skole gebruik, sal hulle nog lank gesels.

Terwyl Buthelezi nie met spesifieke voorstelle gekom het vir die "empowerment" van inheemse tale wat afgeskeep is nie, het sy wel beklemtoon dat 'n demokratiese taalbeleid vanuit die massas moet ontvou, nie vanuit ivoortorings soos die universiteite nie. Die ANC se kommissie staan 'n "bottom up" eerder as 'n "top down" benadering van taalbeleid voor.

Daar is 'n les hieroor te leer uit Namibia, sê Buthelezi, waar Engels die ampstaal gemaak is hoewel net sowat 4 persent van die burgers dit kon praat terwyl Afrikaans die lingua franca is.

Die ANC identifiseer elf tale "wat volle erkenning verdien" - Afrikaans en Engels inkluis. Daar sal geen amptelike landstaal wees nie, maar wel "amptelike gebiedstale". Die ANC is selfs bereid om oor tale soos Hindi en Tamil te onderhandel.

"Die mense moet vry wees om deel te neem aan die demokratiese prosesse," sê Buthelezi. Mense dring aan op "die reg om te weet" en het die reg om te verstaan wat in howe en hospitale aangaan. Kennisgewings in die townships, spreekkamers en staatskantore behoort ook in die tale van die plaaslike inwoners te wees.

**ELIZE BOTHA** het 'n saak vir Afrikaans as doeltreffende kommunikasie-middel só bepleit: Afrikaans is "moedertaal" vir ongeveer 5 miljoen Suid-Afrikaners. Maar, minstens 13 miljoen Suid-Afrikaners kan Afrikaans praat en verstaan. Dit is byna 44 persent van die bevolking. "Dit beteken 'n gedeelde ruimte vir kommunikasie, dit beteken onder meer beweeglikheid binne die ekonomie."

Noudat Suid-Afrikaners die vryheid gegun is om mekaar van nuuts af te leer ken en redeneer onder mekaar lewensbelangrik is, is dit belangrik dat hulle mekaar kan verstaan, sê sy.

"Moet ons die veeltaligheid van ons land as die vloek van Babel ervaar, of as 'n Pinkster-seën?

"Gelukkig word die debat oor 'n taalbedeling al meer in 'n gees van aanvaarding aangevoer: van diversiteit as rykdom, as 'n gawe. Hoe anders dan, want ons werk nie, in ons pratery oor taal, oor die menslike gebruik van mense nie? In hierdie beraadslaging oor die taal is dit uiters belangrik om die mens se uniekheid en die onvervangbare waarde van elke menslike wese te eer.

"Ek verwyl doelbewus by aspekte van verskeidenheid en veranderlikheid in ons SA talebestel, omdat dit dwingende werklikhede is in 'n debat oor taalbeleid. Die vloeibaarheid en veelkantigheid van die situasie noodsaak 'n groot openheid by gesprekvoerders vanuit hulle verskillende posisies, 'n soepelheid en aanpasbaarheid - kortom, veel geduld en groot gevoeligheid vir mekaar se standpunte: 'n gesindheid van akkommodasie."

Afrikaans transendeer etniese grense omdat dit in stedelike en landelike gebiede gepraat word, in baie beroepe en werkplekke. "Watter waarde het dit, vir die Afrikaanssprekende, hetsy moedertaalspreker, hetsy tweede- of derdetaalspreker? Dit is 'n taal wat deur die inspanning en skeppende vermoëns van al sy sprekers deur drie eeue heen van bestaan op hierdie stuk Afrika, gegroei het tot 'n instrument waarmee die hedendaagse Afrikaanssprekende sy ganse eksistensie kan omvat, probeer uitsê, probeer deurgrond."

**TAALBEPLANNING** is 'n belangrike deel van sosiale beplanning, meen Neville Alexander. As 'n mens toelaat dat sake net organies voortgaan, sal die status quo ingegrawe word. 'n Nasionale taalraad of -akademie behoort taalfunksies in 'n post-apartheid Suid-Afrika te koördineer.

Alexander stel 'n drie-talige oplossing voor, met Engels as 'n soort lingua franca, ten minste vir die naaste toekoms. Engels moet egter van sy elitisme gestroop word en toeganklik gemaak word vir die armoediges.

"Moedertale" moet uitgebrei en gemoderniseer word sodat hulle by die werk en vir opvoeding gebruik word. Sover moontlik moet skoolleerlinge in hul moedertaal onderrig ontvang. Hiervoor moet onderwysers opgelei word.

Die derde taal moet 'n gebiedstaal wees en Nguni-sprekendes moet aangespoor word om 'n Sotho-taal te leer en vice versa.

"Oor twintig jaar moet ons sonder moeite kan kommunikeer."

Dit is belangrik dat die konsep van "een nasie" nie sinoniem gestel word aan "een kultuur" en "een taal" nie, want dié Eurosentriese siening kan net tot burgeroorlog lei. Rassisme word net versterk deur "die grens van taal".

Tydens die vrae-sessie het Alexander genoem dat swart mense se internalisering van hul tale as "minderwaardig" 'n reaksie is op hoe apartheid die tale as minderwaardig behandel het.

Die stigma wat aan die "Bantoe-onderwysmodel" van swart tale kleef, sal verander sodra mense in hul tale begin skryf, sê hy.


DEVELOPMENT:

THE CUTTING EDGE OF TRANSFORMATION

KAGISO TRUST, a leading non-governmental development organisation, wishes to appoint a DIRECTOR OF FINANCE AND ADMINISTRATION.

This is a senior management position, reporting to the Deputy General Secretary; the successful candidate will be required to take charge of Trust's financial and administrative procedures, as well as its human resources departement.

Applicants should:
- have 5 - 8 years relevant experience in a senior post
- be organised, self-motivated and capable of becoming part of a high powered team
- be creative and pro-active, endowed with adequate problem solving skills
- possess a relevant graduate/post-graduate degree (a CA would be a decisive advantage)

Salary package negotiable including vehicle, medical aid, contributory pension fund.

Please forward CV in the first instance to:

The General Secretary
Kagiso Trust
PO Box 1036
JOHANNESBURG
2000




'n Spesiale referendumboodskap deur Paul Otten.


# die boek is dood,

## lank lewe die grafiese roman

**THE UHURU TRILOGY**
**Deur Paul Otten**
**The Fresh Corporation**

(Verkrygbaar by Fantamania, Norwood)

**RYK HATTINGH**



Paul Otten (Foto: Andrea Vinassa)

**'N PAAR** jaar gelede het al wat kameramens, boom-swinger, runner, en wie ook al in die rolprentbedryf belang gestel het, werk in die (ingevoerde) rolprentbedryf gehad. Soos ons almal weet, is dit - grootliks as gevolg van ingryping deur die hoogste sekulêre hand - nie meer die geval nie. Deesdae is dit nie snaaks om 'n oud-boom-swinger agter die stuur van 'n lykswa, of 'n gewese klanktegnikus agter die toonbank van 'n platewinkel (tweedehands) te sien nie. Die rolprentbedryf van weleer is terug Noord-Amerika toe en 'n magdom tegnici het in Suid-Afrika agtergebly. Almal kan tog nie aan *Klara Viljee* werk nie, en ander planne moes beraam word.

Paul Otten, 38, een van die agtergeblewenes, is 'n gesoute kameraman wat in sy twaalf jaar as vryskut-rolprentoperateur onder andere saam met James Devis (een van Steven Spielberg se top-kameramanne), Alec Mill van *Shaka Zulu*-faam, en Arthur Wooster (visuele regisseur en second unit-director vir *Batman* en die laaste vier James Bond-movies) gewerk het.

Otten, nie geneë om 'n lykswa te bestuur of plate te verkoop nie, het 'n plan gemaak. Hy het 'n grafiese roman - ofte wel 'n strokiesprent vir volwassenes - geskep, *The Uhuru Trilogy*, waarvan die eerste deel reeds voltooi is. *The Uhuru Trilogy* is klaarblyklik die eerste Suid-Afrikaanse grafiese roman.

Otten sê die roman soos ons dit ken, se dae is getel. Die televisiekultuur het nie juis 'n liefde vir die boek en lees bevorder nie, uitgewers trek noustrop, en die jeug is op soek na makliker verbruikbare leesstof. Shakespeare en Dickens is nie verniet ook deesdae in strokiesvorm te kry nie.

"Die rolprent is die nuwe literêre taal van ons tyd, en die grafiese roman sluit regstreeks aan by die rolprentmedium," sê hy.


"Die grafiese roman is vinnig besig om baie gewild te word onder Westerse verbruikers. Gaan kyk maar hoe besig is Fantamania in Norwood." (Fantamania is 'n winkel wat uitsluitlik grafiese romans verkoop.)

Daarom verskaf Otten ook 'n "klankbaan" vir sy boek - saam met *The Uhuru Trilogy* ontvang jy nie net 'n gratis seven single nie (die laaste een wat in Suid-Afrika gedruk is, sê hy), maar ook 'n kaartspel gegrond op die tarot, én 'n heel apokaliptiese bordspeletjie.


**THE UHURU TRILOGY HANDEL** oor 'n groep reisende musikante, die Ramblers, in die jaar 2016. Dit is die toekoms en nie meer voldoende dat musikante tydens hul optredes bloot die liedjies van hul jongste plaat speel nie. Die massas, bestaande uit derduisende verveelde verbruikers, verwag méér. Hulle wil die stories en die mites van die verlede netjies en professioneel verpak sien - gewelddadig gechoreografeerde tweegevegte, afgewissel met pirotegniese en laser-effekte. Amper soos vandag. Amper soos by Sun City.

Kernon Davies, die fiktiewe skrywer van dié extravaganza, grond sy rock-blyspel op die groot revolusie van 1994 toe die Afrika Orde aan bewind gekom het. Die Ramblers is ietwat skrikkerig om op tree omrede die gehore kunstenaars doodmaak (termineer) wat hulle emosioneel ontwrig. Die Ramblers stem egter in om landwyd te toer en dié toer draai onafwendbaar in Orania.

Maar vóór die Ramblers op toer gaan, gee hulle eers 'n spesiale voorskou ter wille van die internasionale media. Die plek: Die Hillbrow Stokvel Sjebeen. Die voorskou vind om fyn beplande publisiteitsredes op dieselfde aand as die Currie-beker rugbywedstryd op die Ellisdrome stadion plaas. Die twee spanne wat teen mekaar uitdraf: Die Oranias en die Azanias. Die stadion kan 200 000 mense akkommodeer en is net 'n klipgooi van die Sjebeen af. En die apokalips begin.



Die speelkaarte, gegrond op die tarot, wat saam met *The Uhuru Trilogy* uitgereik word






Twee tonele uit *The Uhuru Trilogy*

# kleinadvertensies

Om 'n advertensie op dié bladsy te plaas, bel vir **Louwrins Potgieter** by (011) 836-2151, stuur 'n faks na 838-5901 of skryf aan **Kleinadvertensies,** Posbus 177, Newtown 2113. Dit kos R16.50 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan. Persoonlike advertensies korter as 25 woorde word gratis geplaas. Die spertyd is Dinsdagmiddag voor publikasie om 12 uur die middag.

## **PERSOONLIK**/PERSONAL

Die Takhare vir Vrede sê ja.

Marge Parks: done any writing lately?

Anton Arnold - die man met die groot voël. Happy Birthday vir 2 Maart. Groete aan Koekie Zuurvogel. Kom kuier. Herman.

Frissons op P. Gebruik die spotprent vir toiletpapier wanneer julle spuitpoep het. Amasone op G.

Ronald: Thanks for a wonderful month and two weeks. Looking forward to spend the rest of the time with youl Love T ... Boy

Robert Ward. I miss the long, grey nights and sensual moments. Remember me in your dreams. XL.

Reinhardt: Amongst the Culture Club was a lot of malice that passed as wit, and yours was witty - Martin

Tertius Roodt: Hêppie Bifday die past week/eend. Waarom so dêmm skaars? Fhone us - die amptelike ondersteuners van die Zola Budd/Koekie Zuurvogel Brigade.

Helena: Hou maar styf vas aan my, ek kan WEL perdry - steeds onverklaarbaar lief vir jou, die man in Pretoria.

## **REGSKENNISGEWINGS**/LEGAL NOTICES

RANDBURG DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1976
Voorgestelde bou/daarstelling van plek van onthaal - Disko
Kennis geskied hiermee, ooreenkomstig klousule 16 van bogemelde Skema, dat ek, die ondergetekende, voornemens is om by die Stadsraad, Randburg aansoek te doen om vergunning tot bogemelde gebruik op 876/8/80 Ferndale geleë te Pretorialaan 333, Ferndale.
Besonderhede van dié aansoek is gedurende kantoorure te Pretorialaan 333, Ferndale ter insae.
Enigiemand wat beswaar daarteen wil opper dat dié aansoek toegestaan word, moet sy beswaar, en die redes daarvoor, nie later nie as 24/02/92 skriftelik by die Stadsklerk, Randburg, en die ondergetekende indien.
D Magnusson, Cosmosrylaan 27, Gallo Manor, Sandton.

## **VERBLYF**/ACCOMMODATION

Gentleman, 38, vegetarian, non-smoker/drinker, classical pianist, music teacher, aromatherapist, requires cottage/garden flat in tranquil, beautiful surroundings, Johannesburg. Two bedrooms. Telephone: Paul (011) 642-0885

Huisvesting vir betroubare huishulp gesoek in Melville, Brixton of Mayfair. Skakel Desmond na-ure by 837-4498

## **DIENSTE**/SERVICES

Aromatherapy; Shiatsu (full body treatment); metamorphic foot, hand and head massage to restore equilibrium and assist with stress management. Telephone: Paul (011) 642-0885

Het jy 'n paar hande, 'n begeerte om te help en 'n oop gemoed? Leer REIKI: 'n eenvoudige, sagte, dog diepgaande tegniek vir hulp met ongesteldhede, liggaamlik, emosioneel, verstandelik of geestelik. Bring met blote liggaamlike kontak ontspanning, versterking, suiwering en vernuwing - sonder spesiale vaardighede of kennis. Naweekklasse binnekort deur opgeleide en ervare Nederlandse meester op besoek in Suid-Afrika. Bel Kaapstad: Michelle Stalling (021) 439-5610 of Johannesburg: Tineke Harvey (011) 680-7562. Almal welkom vir 'n gesonder Nuwe Suid-Afrika!

Reiki-treatment
Channeling healing energy to strengthen immune system, rejuvenate and revitalize. For a free introductory treatment contact Herman Coleman (011) 648-4136.

Ekstra geld tuis!
Nuut in Suid-Afrika, TFR Besigheidsdienste. Werk tuis, vou koeverte. Stuur 'n gefrankeerde koevert aan: APJ Carrilson, Posbus 21340, Heidedal, Bloemfontein 9306.

Afrikaanssprekende Rus bied klasse aan in Russies - skakel Albert (011) 482-3838.

Take A Japanese Ofuro
Intensive weekend of Japanese language, culture & education. Enrol for March & April. Tel: (011) 393-1020 code 64861 (24 hrs.)

Redigering, proeflees, vertaal- & tikwerk op rekenaar - Bel Nico Roos by (021) 948-8456.

Let us help you with your washing & ironing. See Ethel, 7A Hendon Street, Yeoville (just after the Harrow Rd intersection). We are open 7 days a week, 7am to 7pm. Our prices are reasonable, our service is excellent - especially for single people.

FLOTATION TANK: relax body and mind in a warm peaceful zero-gravity environment. SHIATSU THERAPY - Japanese therapeutic system - improves health, by removing fatigue causing elements and stimulating the body's innate recuperative powers. Tel Jen (011) 435-7721.

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577.

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm.

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345.

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm.

## **EVENTS**/GEBEURE

IRENE VILLAGE MARK - 14 Maart 1991
Smuts Huis-museum, Irene.
Is jy op soek na iets anders of voel jy lus om net in 'n rustige atmosfeer te kuier. Besoek ons die tweede Saterdag van elke maand vanaf 9vm - 2nm. Vir verdere besonderhede skakel (021) 667-1659.

UBUNTU COUNTRY MARKET
Every Saturday 9am - 3pm. Bio-dynamic & organic farm produce, as well as leading craftsmen exhibiting & selling wares. Live entertainment and good food - take the N4 Highway to Witbank and the Boschkop/Donkerhoek turnoff, or phone (012) 802-0733 for more information.

## **MARK**/MARKET

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00.

F U T O N S

**Genuine 100 percent pure cotton mattresses. Finest quality and SA Cotton Mark. Bases, side tables, screens, therapy pillows, and other accessories available from**
**THE JUNGLE BOX (011) 487-3530**

# Ons tyd het aangebreek

Die jaar 1988 was 'n donker een vir Suid-Afrika: vasgevang in die brutale bewind van PW Botha en 'n streng Noodtoestand. Op 4 November dié jaar het 'n nuwe publikasie die lig gesien wat dié nasionale swartgalligheid uitgelag en uitgedaag het: *Vrye Weekblad*, die eerste Afrikaanse koerant wat hom vir 'n volwaardige demokrasie en 'n oop, nie-rassige gemeenskap beywer het. ("Die Nuwe Stem vir 'n Nuwe Suid-Afrika", het ons ons self toe al genoem - meer as twee jaar voor die FW de Klerk-weergawe daarvan populêr geword het.)

Miskien was ons ons tyd 'n bietjie vooruit. Maar ons het bly vaskleef aan ons beginsels en ons reguit styl, en vandag kan ons met trots en met reg sê: Ons tyd het aangebreek.

Geen denkende Afrikaanssprekende - regs, links of op die draad - kan regtig meer sonder die prikkeling, inligting en vermaak van die nuwe *Vrye Weekblad* klaarkom nie.

En hier is nou 'n laaste geleentheid om dit goedkoop in die hande te kry, want ons verkoopprys styg binnekort.

Teken in op *Vrye Weekblad* vir net R110 per jaar, of probeer dit net vir ses maande teen R60 (BTW en aflewering ingesluit). Vul dié vorm vandag nog in en stuur met 'n tjek of poswissel aan:

**VWB Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113**

Naam..................................................................................

Adres..................................................................................

..........................................................................................

.......................................................Poskode............................

**ELMARI RAUTENBACH** *SKRYF OOR DIE WEEK SE TV*

# **Egoli** so tussen die swart kerse ontsluier

**DIT** is nou al 'n geruime tyd dat die nie-amptelike wedywering tussen die SAUK en M-Net heelwat voordele vir die TV-joernalis inhou. Hou M-Net 'n swierige ontbyt om kykers op 'n komende Grammy-program te trakteer, vlieg die SAUK 'n paar joernaliste saam vir 'n dag in Durban waar 'n joernaalprogram opgeneem word. Stuur M-Net paaseiers en T-hempies, onderneem die SAUK 'n kombi-rit Vereeniging toe waar joernaliste getrakteer word op *Arende* II en 'n "skemerkelk-rit" op die Vaalrivier...

Ons kla nie. Ons kla nie. Soms kan dit net tydrowend word en verlang 'n mens terug na die dae wat 'n TV-voorskou beteken het al die belangrikste programme van die komende maand word gewys met tee en toebroodjies. Dit is tog die programme wat die belangrikste is, nie waar nie?

Wat egter steeds interessant is, is die verskillende maniere waarop die korporasie en die betaalkanaal onderskeidelik hulle "loodsings" ('n woord wat asseblief tog uit die woordeskat van die vermaaklikheidswêreld se publisiteitsafdelings verban moet word) aanpak. En beter kon dit nie geïllustreer gewees het nie as met die lig van die sluier verlede Saterdag om halfeen die middag oor die storie agter die storie van M-Net se splintemuwe plaaslike "televervolgverhaal", *Egoli - Plek van goud/ Place of Gold.*

**KYK, VAN DIE OOMBLIK** toe 'n mens ingestap het in die reusagtige opname-ateljee waar al die mure met swart doeke bedek is, die dak swart is en op twee klein, diskrete drank- en happietafels swart kandelare met brandende kerse staan, moes jy weet geen moeite is hier ontsien nie. Of die reëlings getref is deur iemand met 'n sterk sin vir humor, of iemand wat - bona fide - geglo het die okkasie regverdig elke ons drama, is nie seker nie. Wat wel waar was, is hoewel die geleentheid die lagspiere eindeloos geprikkel het (veral die ietwat pretensieuse benaming van dié soap as 'n sogenaamde "tele-vervolgverhaal") kan heelwat skakelbeamptes by dié van M-Net gaan kers opsteek oor hóé so 'n geleentheid aangepak behóórt te word.

Ten eerste is joernaliste vooraf persoonlik gebel met die vraag of hulle die betrokke datum kan oophou vir 'n afspraak met M-Net. Daarna is gedrukte uitnodigingskaartjies uitgestuur en persoonlik gebel as jy nagelaat het om betyds te antwoord.

Op die geleentheid self was elke enkele een van die 19 vaste spelers in die reeks teenwoordig, soos Braam Kruger sou sê: gedress tot die tande toe in glinsterende Peter Soldatos-aanduitrustings. Aan die vervaardigingskant was al die grootkoppe daar: van grootbaas Franz Marx, wat die hele ingewikkelde storie oor maande sit en uitdink het, tot Laurence Lurie (medevervaardiger), Bobby Heaney (regisseur) en Sandra Kotze (artistieke kontroleur).

Die kos is nie sommer gou oorgestuur deur M-Net se kafeteria nie. Die ligte, uiters smaaklike somer-spyskaart is verskaf deur 'n voorste spysenier.

**WAT DIE VOORSKOU SELF BETREF**, is nie eens probeer om die hele ganse sage te vertoon nie. Net flitse wat die atmosfeer weergee, iets verklap van die soort stories (met elke denkbare cliché bekend aan dié genre, maar meer daaroor later) en 'n bietjie meer vertel van die verhoudings tussen die verskillende karakters. En die beste was: synde 'n Saterdagmiddag kon jy steeds huis toe gaan met 'n vol maag kwalik 'n uur nadat jy daar aangekom het met al die inligting volledig in jou hand. Dit wil gedoen wees!

Wat die geskiedenis van *Egoli* betref, is dit omtrent 'n sage op sigself. Marknavorsing het M-Net laat besluit om te begin met 'n eie soap in die trant van die ongelooflik gewilde *Loving* en Franz Marx is genader na aanleiding van sy suksesvolle *Agter elke man*. Franz en sy produksiespan het 'n intensiewe studie gemaak van die genre, wat veral Amerikaanse maar ook Europese reekse ingesluit het. Hieruit is 'n resep saamgestel wat elemente van ontvlugting, glans, romanse, skoonheid en rykdom insluit - overgesetsynde die verwagte clichés van 'n ongehude ma, ouer vrou/jonger man-verhouding, ouer man/jong vrou-verhouding, verbode liefde, die afgeskeepte seun ens. ens.

**INSIGGEWEND IS EGTER DAT** ook afgekyk is by die Britse reekse, waaruit twee elemente gelig is: situasies uit alledaagse menslike dramas, en minder glans met meer realistiese karakters soos die bure langsaan; en iets soos die Brasiliaanse telénovella, waaruit gebruik gemaak is van een of ander verwysing na die sosio-politieke situasie in die land.

Die Marx-span het hierby 'n eg Suid-Afrikaanse smakie gevoeg met die dekking van die volle sosiale spektrum in ons land en tweetalige dialoog, wat aanvanklik uit 80 persent Afrikaans en 20 persent Engels sal bestaan.

Met die verfilmingsgeriewe het M-Net geen onkoste ontsien nie. Meer as 6 ton beligtingstoerusting is onder meer uit Italië ingevoer.

Onder die 19 vaste akteurs wat in *Egoli* gebruik gaan word, is enkele verrassings en heelparty (stralend mooie) nuwe gesiggies. Gé Korsten speel vir die eerste keer 'n dramatiese rol sonder om een keer te moet stilstaan en in 'n lied uit te bars. Hy is 'n toonaangewende, skatryk sakeman getroud met 'n (derde) jong vrou. Onder die nuwelinge is James Whyle wat Sandra Prinsloo se ginekoloog- jonger man speel, David Vlok, Christel Smith, David Rees, Phillip Henn, Esta Terblanche, Chris de Clerq en Jackie Davids. Onder die bekendes 'n ouer, maerder Deon Coetzee, Philip Moolman, Thoko Ntshinga, Shaleen Surtie-Richards, Kevin Smith, *Die Sonkring* se Chantel Stander, *Adam* se Ilse Roos, Christine Basson en natuurlik Brümilda van Rensburg.

**AL DIE AKTEURS IS IN 'N KONTRAK** verbind tot aanstaande Februarie en verfilming het reeds begin met 'n episode wat per dag geskiet word. En soos 'n mens ná al dié voorbereiding kan verwag, het M-Net goed en lank gesit en dink voordat hulle die datum van die eerste episode vasgestel het. *Egoli* is 'n strooisage en daarom spreek dit vanself dat die reeks in dié kykgleuf in oop tyd op weeksdae net vóór *Loving* uitgesaai sal word. Die slim besluit is egter om die eerste episode te vertoon op Maandag 6 April... 'n vakansiedag!

## En toe dra Sloet sommer sy Gillette in sy agtersak...


**HOE LYK DIT DAN OF SLOET** alias Ian Roberts nie net motor-olie adverteer nie, maar sommer ook vinnig-werkende skeermesse. Want in verlede Donderdagaand se episode van *Arende II* word die man weke lank in 'n skeepsruim versteek met kwalik genoeg kos wat deur sy makkers vir hom na onder gegooi word. Daarna ontsnap hy na die Moordenaarskaroo, steeds 'n voortvlugtige. Maar nêrens is daar enige teken van 'n baard wat groei nie...

*Arende II* word ongelukkig ook deur 'n ander regie-slordigheid bederf: die feit dat die Moordenaarskaroo-tonele glad nie daar geskiet is nie, maar glo in 'n totaal ander landsdeel naamlik Ceres se wêreld - aldus 'n rubriekskrywer wat daardie wêreld baie goed ken. Selfs vir die leek het dié Moordenaarskaroo darem alte heuwelagtig en selfs plek-plek groen gelyk. Jammer, want dié slordighede trek 'n mens se aandag af van 'n goeie storie en uitstekende spel.

## Welsynprogram laat selfs Robin Williams vervaal

**DIE AMERIKANERS KAN DAREM** verskriklik vervelig raak as hulle die dag eers oor welsyn begin praat. Phil Donahue se program verlede Sondagaand het heerlik gelyk: 'n gesprek met komediante Billy Crystal, Whoopi Goldberg en Robin Williams. Min het ons geweet die onderwerp is Comic Relief, die groot welsynsprojek waardeur geld ingesamel word vir die dakloses in Amerika, en dat die program grotendeels in die hande gaan wees van die Amerikaanse publiek, wat nie twee intelligente vrae ná mekaar kan vra nie.


Dink jy die haweloses sal ooit eendag almal van ons strate wees? is in 'n stadium aan Whoopi gevra, wat nie kon help om haar oë 'n oomblik spontaan na bo te slaan nie. Selfs Robin se flouerige pogings om die atmosfeer darem 'n bietjie te verlig, het plat geval, want hy is met groot erns deur honderde brilglase in die gehoor aangestaar en 'n vraag gevra soos wat doen hy persoonlik vir die haweloses...



Maandag om 8.15nm word 'n onderhoud met Nadine Gordimer op M-Net uitgesaai

## Dr Paul om middernag, en 'n onderhoud met Nadine

- **DIE ARME DR PAUL** gaan dapper voort om sy sekspraatjies rondom middernag op 'n Dinsdagaand op TV1 te hou - 'n kanaal wat spesialiseer in slim skedulerings. Dié week se program gaan oor seks gedurende swangerskap, en Marina Petropoulis, die skrywer van *The Facts of Life*, is die spesiale gas. Joy Hanson, 'n vooraanstaande geboorte-deskundige, is onder die gehoorlede.
- Op M-Net word Maandagaand om 8:15nm. 'n onderhoud uitgesaai met die Nobel-pryswenner Nadine Gordimer. Dit is onbekend wie dit voer of gemaak het. Die titel van die program is *A Life of Words and Action.*



# an emotional striptease

**So you thought theatre was about lights and curtains and make-up and memorising reams of someone else's thoughts. The Dutch storyteller - for want of a better word - Freek de Jonge, here as a guest of *Vrye Weekblad's* cultural festival, will change your conception of what does and does not constitute theatre and cabaret, writes ANDREA VINASSA**

THE GUY is clumsy, with scraggly hair, a hook nose. Not an oil painting.

His nondescript appearance belies a consummate skill in the art of critical observation. Freek de Jonge stumbles into the light in a bad suit, all bright yellow and unironed, and proceeds to weave his elliptical tales.

And if everything seems casual and spontaneous, deception is part of his art: it all seems so effortless, but somehow one knows that each word is carefully pointed, each word alluding to things not overtly explained.

For De Jonge, a man who is more mortal than most of us, the world is a treacherous place filled with demanding children (his own), cannibalistic vacuum cleaners, cavernous pits in Nicaragua and terrifying school outings.

Playing it by ear, he mines the rich traditions of court jesters, fools, circus clowns and shamans in classical literature and drama. He combines ancient oracular forms with modern concerns and free association to create a magnificent merry-go-round of social commentary - a sort of cerebral Marcel Marceau on acid. But that's a much too glib means of describing the extraordinary quality of his performance.

The most impressive aspect of his show is its structure... he starts a story, then digresses, and digresses again. At the end all the loose ends are tied up in an intangible, subconscious location. There is something very post-modern-late-twentieth-century about the way in which meaning exists simultaneously on many levels: chaos and distraction is incorporated in form and content. It's like an emotional striptease.

Self-irony, as opposed to the obligatory didacticism, is a tool which De Jonge utilises to expose hypocrisy, arrogance and self-righteousness: he sends his involvement in the anti-apartheid movement, racism in Europe and various social evils into orbit without coming on as a preacher or a politician. Interestingly, he is the son of a dominee. This should give us a lot with which to identify.

In this land where jokes are at a premium, one can say corny things about the cathartic effect of laughter... but it's better to just see for yourself.

## de jonge, kramer en ziets

*** Freek de Jonge (links) tree nog vanaand en môre-aand om 7nm in die Mark-Teater op saam met Elzabé Zietsman, Natalia da Rocha en Kurt Egelhof.**

*** De Jonge tree volgende week 17, 18 en 19 Maart om 10.30nm in die Dock Road Theatre in Kaapstad op.**

*** David Kramer tree vanaand en môre-aand saam met Abigail Kubeka, Jennifer Ferguson, Johannes Kerkorrel, Tandie Klaasen en die Nederlandse groep, Circus Custers op.**



## antigone word nuwe lewe ingeblaas

Die Antigone-legende kry nuwe lewe met De Nieuw Amsterdam Theatergroep se produksie, wat in 'n gestig vir geestelik versteurdes afspeel. Die karakters Kreoon, Ismene, Antigone en Tiresias sukkel om hulle aan te pas by die samelewing waarin hulle woon. Die regisseur Rufus Collins se vertolking van die legende handel oor mense wat verhinder word om hul rituele uit te oefen en 'n poging om dié mense van hul "psigose" te genees. Collins en van DNA se spelers het wêreldmusiek gekomponeer wat ons Eurosentriese Afrikane nog nooit gehoor het nie. Bo is die DNA besig met "opwarming" voor 'n repetisie - links tot regs is Gustav Borreman, Harriet Matiwane en Victor Bottenbley.

*** DNA se Antigone is nog vanaand om 9.15nm in die Afrika Cultural Centre agter die Mark-Teater te sien.**


market theatre
832-1641

**NEDBANK presents**
SARAFINA met Anant Singh en Videovision
Die finale SA-weergawe opgevoer deur Mannie Manim en Mbongeni Ngema se Committed Artists
Mon-Fri; 8nm Sa 5.45nm & 9.15nm

**UPSTAIRS AT THE MARKET**

**THE LAAGER**
**ZANENDABA**
**KINDERSTORIES VAN AFRIKA - Met Gcina Mhlope, Rtuh Cele, Grace Mahlaba**
**Tromme - Thulani Masemola**
**Regie deur Vanessa Cooke**
Ma - Vr 10.30vm en 3nm; Sa 10.30nm en 2nm

Kippies at the MARKET
The only way to fly
FLY BY NIGHT

**MARKET GALLERIES**
VWB poster-kompetisie
Kunstenaars op DTP van 15 Maart

VLOOIMARK
Die oorspronklike een elke Saterdag-oggend




NICO
NICO BEL-'N-SITPLEK (kredietkaart) ☎ 21 7695 NAVRAE 21 7839
BLAKES RESTAURANT ☎ 21 7478
MAKESHIFT MOON & KRUIK-TONEEL
Arena
SKY EN CZECH
TOT 21 MAART
met ANDRÉ ROOTHMAN & GÉRARD RUDOLF
"'n Merkwaardige stuk" - Vrye Weekblad
Spesiale studente- en groeppryse beskikbaar - Navrae: ☎ 21 7839
Skrywer & regisseur
ASHRAF JAMAL

# fighting the good fight


Gérard Rudolf passionately believes in the theatre and in what he does. And he convinces you too, writes **WILHELM SNYMAN**



Ashraf Jamal



Gérard Rudolf



Hegel moenie my pla nie... Scenes from the play with Rudolf (left) and André Roothman (left).

IT'S a languid Cape Town Friday afternoon sitting in the oldest coffee shop in town, Mark's - watching the world go lazily by, when this imposing yet smiling figure looms over me. Dis tyd om te gesels met Gérard Rudolf.

He's a relative new-comer to the South African theatre, but being a new face is simply not enough - you can go to a Turkish bath. He's steamy enough as it is, but a clearer image emerges as one is confronted by the man, fighting the good fight for the survival of theatre in South Africa - along with so many others, and against such tremendous odds.

"We've got to set the precedent for future generations - if they don't kill us now. If we hang in there together - together we can get it together," he says, flipping open the lighter for yet another cigarette. "We must get fresh and vibrant things out there. I believe in my generation's talent - I don't want to see it squashed before its time has come to come into its own. It's a battle to be heard."

**MINA, THE CELEBRITY,** plies us with more coffee. I feel jaded and faded - too steamy for me, this one. Why? Those energy levels are exhausting. Enthusiasm can be so tiring until Gérard out-manoeuvres me with "I'm done with negativity and the existential crisis - if you believe in what you do. I've lost my cynicism. I believe in love, a bright future - at heart I'm a romantic."

Gérard has had a pretty varied career so far: *Much Ado About Nothing, Arende 11, Hups in die Hydro, Richard II,* and *Rosenkavalier* of all things - which he enjoyed very much. Yet the theatre of the absurd remains his particular favourite: Artaud, Beckett, Pirandello et al, with a special place reserved for Sam Shepard among the contemporaries - authors who extract "profundities from normality". It somehow makes sense - Gérard has an infectious seriousness about him and a disarming honesty - "I follow my instincts, instincts are seldom wrong. I simply believe in doing well whatever you do, and you learn from experience. I went to an Afrikaans school, the army and after all that I came out more confused than ever."

**HE'S NOT CONFUSED** now - in his world if you're confused, you're submerged. "The acting profession is about having to charm people. It's a cat-and-mouse game. It literally means going into people's offices and throwing photos on their desk - convincing them you're the best. You play the game, even if you don't like the rules."

He says he's a passionate Afrikaans boy, and by this stage I'm quite convinced that passion such as his can only bode well for the future of theatre in this country.

And *Sky en Czech*? "Everything jumped out at me," he says when describing his first encounter with Ashraf Jamal's text. Gérard translated it in two weeks - superbly. "It's a play for women by men. I'm fascinated by the male psyche and the way they shy away from emotions and sexuality, using violence as a means of expression.

"Theatre must get people to face themselves." I think I've heard that before, I say to myself until I realise that speaking to Gérard has been one of the best shows I've been to in a long time. A compelling performance.

A man whose belief in what he does is equalled only by his talent. Conviction and dedication fill the air, become tangible. He leaves and I'm left pondering and hopeful somehow. Gérard and others like him, combining their art with the art of survival in a world anaesthetised by superficiality, enriching the lives of others. Naive? Yes, if complacency has become a substitute for the love of an art, for the love of humanity.

# a study of love and alienation

**SKY EN CZECH**
By Ashraf Jamal
With André Roothman and Gérard Rudolf
In the Nico Malan, Arena

**WILHELM SNYMAN**

"...it is useful to exaggerate when describing emergencies." Nietzsche and Pirandello would have liked this play: Two friends with a conflict which they enact for each other, because of each other. Two opposed realities which should harmonise, could harmonise, but their very closeness paradoxically provides the distance which each one tries to overcome in his own way. Appearance and reality - a constant betrayal.

Czech travels 4 000 kilometres to come and rescue his friend Skyler from his demise into a pathetic nihilism, from shirked responsibility, from an arbitrary and self-contained world. Skyler is happy spending his days looking into the distance of his four-walled dwelling, a monument to decay and abdication. As the conflict unfolds, Skyler's lucidity, the lucidity of madness, calls into question Czech's assumed and conventional reasonableness, shows it up for being the cop-out that it is, as one enters the vortex of their tortuous relationship. Madness and sanity are shown to be the relative concepts that they are, objectivity and subjectivity become indistinct. So do perceptions of time and space and one is left with two characters stripped of everything but themselves and their own illusions. Until one realises that they are together because inexpressible love binds them.

In *Sky en Czech*, Ashraf Jamal enters into a realm at once familiar, but also unexplored, in that his play, while being a study of love, is also a study of alienation. He explores that netherworld of men's feelings for one another, without having his play degenerate into a risque gay drama. While being intensely dramatic and larger-than-life, it is also nuanced, engaging an area of human experience which is too often left unsaid - feelings that people can have for each other, rendering sexuality irrelevant. It is an exploration of purity of spirit, a voyage across unchartered waters, without the ultimate destination being known or even important. Resolution and continuity come in a tea bag - a gesture of love, of caring, of deep understanding.

A play such as *Sky en Czech* requires actors of immense strength and calibre and in this regard Ashraf Jamal has been exceedingly fortunate with the likes of André Roothman and Gérard Rudolf. His play has a meandering quality - what it lacks in cohesiveness (the lack of which being a metaphor in itself) is redeemed by the artistic stature of the two actors.

A South African play that is simply human - without having to rant and rave about the peculiarities of the South African psyche - which would have the same impact on theatre audience, regardless of location.

* See page 39 for another view of the play.

# kentridge deur die kamera

**JOHANNES BRUWER**

DIE uitgangspunt vir sy vier geanimeerde tekenprente wat nou tesame met die oorspronklike houtskoolsketse in die Goodman-kunssaal ten toon gestel word, sê William Kentridge, is die regisseur Costa Gavras se stelling dat rolprente soveel inhoud moontlik met die mees ekonomiese middele moontlik moet oordra. Daarin slaag Kentridge briljant.

Die vier prente - *Johannesburg, Second Greatest City After Paris; Monument; Mine; en Sobriety, Obesity & Growing Old* (wenner van die Rembrandt Goue medalje op verlede jaar se Kaapse Triennial - gebruik 'n surrealistiese simboliek as snelskrif om kort, maar kragtig gekonsentreerde stellings oor die hebsug van die kapitalisme te maak.

Wanneer die aartskapitalis Soho Eckstein (deurlopende simbool in al vier prente) byvoorbeeld in *Mine* die oggend met ontbyt die dompelaar van sy koffiepot indruk, kom dit aan die onderkant van die pot uit en boor deur sy bed in die grond in na die goudmynwerkers wat ver onder swoeg en sweet om sy gerief moontlik te maak.

Wanneer sy vrou 'n minnaar kry, word hul vleeslike sensualiteit vasgevang deur 'n vissie wat van die een se mond na die ander swem.

Tonele versmelt met 'n digterlike suggestiwiteit waarin een ding 'n ander word. Eckstein se bed verander in sy lessenaar en later verander die wolkekrabbers van Johannesburg weer in sy kussings, waar hy in sy bed met 'n klein renostertjie speel. Dié beeld vang met ironie die kapitalis vas wat die aarde vernietig en dan sy gewete sus deur 'n "groen" gebaar.

Kentridge se werkmetode (hy gebruik 'n 16mm rolprentkamera) is ewe ekonomies. Pleks van afsonderlike sketse te maak vir elke beweging (soos in kommersiele animasie), gebruik het net enkele hoofsketse wat hy telkens wysig deur die houtskoolsketse uit te vee en oor te teken. Die beelde word dus nie klinies presies omlyn nie, maar verkry 'n los, flikkerende effek wat die ekspressiwiteit verhoog. Die visuele trefkrag is meesleurend.

Verskeie beelde wat ook in Kentridge se "statiese" kunswerke voorkom, kry hier 'n nuwe lewenskrag: visse, luidsprekers, water, stedelike landskappe ens. Dis boeiend om dié animasieprente te vergelyk met die kort "liefdesverhaal" wat Kentridge met werklike akteurs verfilm het en wat in die Newtown Galleries te sien is. Die prent het nie die stemmingsvolle suggestiwiteit van sy tekenprente (waarvan drie al bekroon is) nie, maar doen as 'n onoortuigende klein melodrama aan. (Die regte vis werk ook nie so goed soos die getekendes nie.)

Die tekenprente is nog tot môre te sien. Al die losstaande sketse (veral die myntonele) werk nie ewe goed as afsonderlike stukke nie.

# jy hoor jou oë in hul kaste beweeg

## ARNOLD BLUMER was ook by Ashraf Jamal se Sky en Czech...

**OP** die tweede aand in Kaapstad is daar net 16 mense in die gehoor, maar op Grahamstad is dié stuk en opvoering verlede jaar groot lof toegeswaai. Dit wil dus daadwerklik lyk asof die Kaapse Afrikaans-sprekende teatergehore deur amper 'n halfeeu lange self-opgelegde eksklusiwiteit uit pas geraak het met wat elders ter wêreld op teaterverhoë gebeur. Kyk maar hoe dros hulle in skares uit Marthinus Basson se Afrikaanstalige produksies.

Toegegee, Ashraf Jamal se stuk en regie is nie van die *Faan se Trein*-soort nie. Nogtans vind ek dit moeilik om te verstaan waarvandaan die plaaslike Afrikaanstalige gehore se huiwering kom om kennis te neem van nuwe, ander, selfs vreemde idees - hulle amper paranoïese angs vir die ongewone.

Want op die oomblik wanneer jy jou oopstel, wanneer jy die ongewone halfpad tegemoet gaan, stel jy vas dat daar aanknopingspunte is, dat daar reeds voetpaadjies deur die ongewone getrap is wat jy sonder vrees kan betree om nuwe dinge te ontdek. Met betrekking tot Jamal se stuk beteken dit dat Beckett se Ham en Clov reeds voor jou in dié onbekende landskap was, ook Arrabal se keiser het reeds daar rondgedwaal, om nie te praat van Kafka se Josef K nie.

**SKYLER** (André Roothman) se kamer lyk soos 'n skrootwerf/rommelhoop. Op die oop yskas (waarin onder meer foto's en 'n manuskrip gebêre word) se deur staan: "Hegel moenie my pla nie." Orals lê lemoene rond. Hier sit Skyler en tuur deur 'n verkyker teen die muur vas. Czech (Gérard Rudolf) daag op. Hy't 4 000km gery en nou wil hy weet hoe sake tussen hom en Sky staan. Hy't verdwaal, hy het Sky nodig, hy wil raakgesien word. Hy probeer desperaat om hulle vroëere verhouding te laat herleef. Hy't in sy koffer selfs 'n koek vir Sky saamgebring. Maar Sky het miskien al te ver in sy dop teruggekruip. Daar's orals mure in sy pad, hy stap rond en tel die treë tussen hulle, hy tel ook vliegtuie se stertligte ('n wonderlike beeld vir Sky se eensaamheid).

Dis dié dat Czech voel dat hulle "miskien net nie meer so lekker kan connect nie". Die gevolglike frustrasies lei tot uitbarstings, selfs geweld. Maar dan is daar ook roerende tonele waar hulle wel connect, soos wanneer Sky Czech se spoeg as skeerroom gebruik om homself mee te skeer. So, daar is hoop, maar "we live with the terrible unease of never having begun" (Robert Kroetsch), sê die program.

Dit gaan dus om die kompleksiteit, die verwarring van tussenmenslike verhoudings, maar ook om die hunkering daarna, en Jamal se stuk en opvoering vind imposante beelde daarvoor. Nigel Kennedy se musiek en Des Spijker se beligting skep die regte stemming, Roothman en Rudolf se briljante vertaling maak van *Sky en Czech* 'n intense teaterervaring. "Ek kon my oë in hul kaste hoor beweeg," soos een van die karakters sê.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## EEN MONDVOL SURING MAAK HOESROP

### maar jy spoeg granaatpitte in die laning uit

**BARRYDALE** is 'n dorp anderkant Montagu, reghoekig aan Swellendam as jy N2 ry, en dis 'n wonderlike plek, in die Langeberg, met water in oorvloed, rose wat trosse groei, en vrugtebome vir Afrika.

In die eenster-hotel met sy outydse saaitbords en geelhoutkroegtoonbank het die eienares al die rusbanke en stoele laat oortrek met geblomde donkerblou kraanvoëllap. En gordyne van matras-ticking. Dis te mooi vir woorde, en dis die eerste keer ooit dat mies Pikeur gelukkige, uitgegroeide groen plante in dosyne potte in 'n hotel sien. What a pleasure.

Die grootste plesier was om in die kroeg in te loop, te vroeg vir 'n dop, sommer net om te kyk, en daar sit kroegman Charles en hy stik gordyne se some aanmekaar op 'n piepklein ou Elnatjie. Waar leer jy dit? vra ek, want Charles lyk soos 'n ex-rugbyspeler, nie 'n gordynmaker nie.

Ek was mos vir 40 jaar in die men's clothing trade, antwoord hy. I had to learn to sew somewhere along the line.

**ONS HET NIE** kans gehad om in die lekker hotel te sit nie - ek hoor die kos is wonderlik, hulle maak Thai-kerrie as jy wil hê - maar ons het darem twee dae lank van die grootste plesiere beproe wat die platteland bied.

Eerstens die tamaties. Vrind Raymund, wat nou pal op Barrydale woon, is by uitstek 'n tuinmens en hy kweek groente. Kruie ook, en vrugtebome en blomme, maar veral daardie klein pruim-tamaties wat eintlik vir inmaak gebruik word en ons selde in die stad sien.

Hulle was stroopsoet, en die paar onrypes wat ek huis toe gebring het, het drie dae later donkerrooi en soet geword.

Dan was daar eiers. Al koop jy jou eiers by Woollies, sal hulle nooit so lekker smaak soos werfhoenders se neseiers nie. Die doppe is bleek-deurskynend en 'n gebakte eier se dooier staan bolrond en goudgeel in die pan.

Druiwe, kwepers en granate staan die dorp vol. Mense glo jy kan nie veel met granate maak nie, want die sade is meer pit as vleis, maar ons onthou mos almal heerlik daardie bloedrooi sap wat ons as kinders uitgesuig het. En toe die pitte in die laan uitgespoeg het.

Ek het nogal 'n resep vir granate (en verbeel ek my of maak die Turke 'n vleisgereg met die rooi sap?) In Nathalie Hambro se kookboek beskryf sy 'n eenvoudige suring-en-granaatslaai, en dit bring ons by Raymund se sonderlinge suring.

**DIE GOED GROEI** soos 'n plat ronde bos voor in sy tuin. Hy kweek al jare lank suring - die een wat soos klein spinasie lyk, nie die stingels wat ons by waterblomme gooi nie - en hy het nog altyd, uit albei sy Kaapstadse tuine, die wonderlikste suringsop voorgesit, roomglad, met die tipiese byt.

Op Barrydale pluk ons 'n bosvol suringblare vir aandete, en ek byt ingedagte aan 'n halwe blaar. Onmiddellik begin ek soos 'n hond kwyl, my keel trek toe en ek hoes en hoes. That's all I need, dink hierdie Pikeur. Dodelike allergie vir suring.

Ek en Ray vind dit verstommend, maar hy gaan nietemin kombuis toe, maak die suring mooi skoon en kook sy sop. Maar ons het albei van die blare geëet, en daardie aand was ek amper te bang om die sop te proe. Dit was, moet ek sê geurig en romerig, en Madeleine het dit met smaak opgeët en niks daarvan oorgekom nie.

Ray en ek het die volgende dag nog seer kele en 'n hoesie gehad.

Kirstenbosch sê ek moet eers 'n blaar of twee bring sodat hulle kan ontleed wat die outydse groente feitlik oneetbaar gemaaak het en ek was nog nie weer op Barrydale nie. Maar ons wonder steeds - is dit dalk die grond wat die plant aangetas het?

Ek wens 'n leser uit daardie geweste wil my inlig. Terug by die granaatslaai. As jy seker is jou suring is eetbaar, maak dit mooi skoon en sit dié laatsomergereg voor.

### SURING-EN-GRANAATSLAAI

Sny die harde stingels van een bossie suring af, en was die blare deeglik in lopende water. Die plant groei soos spinasie, onthou, en een knarsie grond tussen jou tande bederf die slaai.

Voeg by die suring 'n paar ander sagte blare soos botterslaai of rooi krullaai. Sny 'n groot ryp granaat middeldeur, sny die wit membraan uit en haal die sade uit. Gebruik 'n skerp mes en oppas vir die sap, dit vlek jou naels.

Maak 'n nie-te-skerp vinaigrette met 'n druppel heuning by, meng goed met die slaai, en strooi die blinkrooi granaatpitte oor vir mooi kleur en ekstra smaak.

Nathalie gee ook 'n resep vir koue granaat-nektar, maar my lewe is regtig te kort om granaatsap te staan en uitdruk.

HARRIDANS
RESTAURANT
AT THE MARKET
THE MARKET THEATRE, BREE STREET, NEWTOWN

# *Some of our biggest reasons for believing in big business are some of our smallest.*

If our children are to inherit a country worth inheriting, a financially strong country, big business becomes more important than ever before.

For one thing, like other small countries with big business, it is big business that enables South Africa to compete in the international markets and be a big earner of foreign exchange.

For another, it is big business that provides a stable base from which medium and small business can grow and expand on a scale significant enough to become major contributors to the wealth- and job-creation processes of the new South Africa.

And that is really what a healthy economy is all about, a mix of big, medium and small businesses operating internationally and internally off a strong, competitive base.

Big business and the South African economy. Inseparable if the new South Africa is to have an economy worthy of generations to come.




*A few of the business leaders of tomorrow at play.*


ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA

KLERCK & WHITE · A SAATCHI & SAATCHI AGENCY/17899



9 771015 964007